
DIE
HEILI
GE
PRO
FEET
DA
WID
HOOR, O DOG
TER, EN KYK,
EN NEIG U
OOR, VER-
GEET U
VOLK, EN

# DIE HEILIGE PSALMBOEK

uit die Septuagint vertaal

vir gebruik in

Die Ortodokse Kerk.

2025

# ~ Voorwoord ~

Die Psalmboek het van die vroegste tye ’n buitengewoon belangrike plek in die Kerk se openbare dienste en gelowiges se persoonlike gebedslewe gespeel. Die Nuwe Testamentiese skrywers maak eweneens baie aanhalings uit die Psalmboek, omdat gebeure in die lewe van die Here Jesus Christus vertolk word as die vervulling van woorde of profesieë wat oorspronklik in die mond van die Psalmdigters gelê is, in ooreenstemming met die insig en uitsprake van die Here Jesus self (vgl. Lukas 24:44). Die oplettende biddende leser sal hom- of haarself dus gedurig afvra in welke mate die woorde wat gelees word, ook die woorde van die Here Jesus self is, vir soverre dit ook sy ervaring weergee. Die boek van Vader Patrick Henry Reardon “Christ in the Psalms” kan met groot vrug gebruik word in dié verband.

Die Nuwe Testamentiese aanhalings uit die Ou Testament weerspieël meestal die Griekse vertaling van die Ou Testament, die sg. Septuagint, oftewel, die Vertaling van die Sewentig, wat die Christelike jaartelling met enkele eeue voorafgaan. Die Ortodokse Kerk gebruik dan ook die Septuagint se weergawe van die Psalmboek.

Die Septuagint-vertaling verskil soms heelwat van die sg. Hebreeuse Masoretiese teks wat gewoonlik as basis vir Afrikaanse vertalings gebruik word. Die 2020 Afrikaanse vertaling maak egter wel dikwels staat op die Septuagint in gevalle waar die Hebreeuse teks onduidelik is.

Naas die sg. kritiese tekste van die Septuagint, waar op grond van manuskrip-getuienis en bepaalde beginsels, probeer word om die mees waarskynlike oorspronklike teks vas te stel, is daar ook die amptelike Kerklike teks, wat deur Apostoliké Diakonia in Griekeland uitgegee word, en dit is hierdie teks wat as basis van hierdie vertaling gebruik is. Ook die punktuasie van hierdie teks is sover moontlik nagevolg.

Daar is plekke waar die betekenis van die teks soos dit oorgelewer is, bra moeilik te peil is, en dus moet ’n vertaler sy bes probeer om daarvan sin te maak, en die leser sal dus eweneens moet aanvaar dat sekere gedeeltes se betekenis nie sondermeer duidelik is nie. Waar moontlik is die vertroude 1953 Vertaling se woorde behou.

Die leser sal daarop let dat die Psalmboek in twintig groepe psalms opgedeel is, en dat elke groep op sy beurt weer in drie dele verdeel is, met spesifiek Christelike invoeginge tussen die gedeeltes, daar dit ’n teks vir die Christelike Kerk se gebruik is. Elke groep word ’n Kathisma (mv. Kathismata) genoem, ’n Griekse woord wat dui op die feit dat die gelowiges mag sit tydens die lees van die psalms in die eredienste.

Aan die einde van die boek verskyn ’n leesrooster wat aandui watter Kathisma tydens watter diens en dag gelees moet word, soos sou kon gebeur in ’n klooster of in ’n kerk met ’n volledige liturgiese program. Gelowiges kan daardie leesrooster ook gebruik as riglyn vir die private lees van die psalms.

In die Kerk se dienste word die psalms normaalweg met ’n vorm van dreunsang gelees, d.w.s. in ’n meer verhewe, bykans monotone, toon. Persoonlike klemme of interpretasies, asook al te gevoelvolle intonasies, word so vermy.

## ~ Die Inhoudsopgawe ~


| | Bladsy |
|---|---|
| Die Eerste Kathisma | 6 |
| Die Tweede Kathisma | 12 |
| Die Derde Kathisma | 19 |
| Die Vierde Kathisma | 28 |
| Die Vyfde Kathisma | 36 |
| Die Sesde Kathisma | 44 |
| Die Sewende Kathisma | 53 |
| Die Agste Kathisma | 62 |
| Die Negende Kathisma | 69 |
| Die Tiende Kathisma | 77 |
| Die Elfde Kathisma | 86 |
| Die Twaalfde Kathisma | 96 |
| Die Dertiende Kathisma | 104 |
| Die Veertiende Kathisma | 111 |
| Die Vyftiende Kathisma | 119 |
| Die Sestiende Kathisma | 127 |
| Die Sewentiende Kathisma | 134 |
| Die Agtiende Kathisma | 143 |
| Die Negentiende Kathisma | 150 |
| Die Twintigste Kathisma | 158 |
| Die Volgorde waarin die Kathismata van die Psalmboek gelees word. | 165 |

# Die Heilige Psalmboek

## ~ Die Eerste Kathisma ~

### Psalm 1

Salig is die man wat nie gewandel het in die raad van die goddeloses nie, en nie gestaan het op die weg van sondaars nie, en nie gesit het op die sitplek van besmetlikes nie.

Maar sy wil is eerder in die wet van die Here, en hy sal sy wet dag en nag oordink.

Hy sal wees soos die boom wat geplant is langs waterbronne, wat sy vrugte op sy tyd sal dra; sy blare sal nie afval nie, en alles wat hy doen, sal voorspoedig wees.

Nie so is die goddeloses nie, nie so nie, maar hulle is eerder soos die kaf wat die wind wegwerp van die aangesig van die aarde af.

[5] Daarom sal die goddeloses nie opstaan in die oordeel nie, en die sondaars in die raad van die regverdiges nie;

want die Here ken die weg van die regverdiges, maar die weg van die goddeloses sal vergaan.

### Psalm 2

Waarom het die nasies gewoed, en die volke ydele dinge bedink?

Die konings van die aarde het gereed gestaan, en die heersers het saam vergader, teen die Here, en teen sy gesalfde.

Laat ons hul boeie deurbreek en laat ons hul juk van ons afgooi.

Hy wat in die hemele woon sal hulle uitlag, en die Here sal hulle bespot.

[5] Dan sal Hy met hulle praat in sy toorn en in sy woede sal Hy hulle in verwarring bring.

Maar Ek is as koning deur Hom gestel op Sion, sy heilige berg,

waar Ek die bevel van die Here verkondig. Die Here het vir My gesê: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer.

Vra van My, en Ek sal aan U nasies as u erfdeel gee en die eindes van die aarde as u besitting.

U sal as Herder oor hulle optree met ’n ysterstaf, soos ’n pot van ’n pottebakker sal U hulle stukkend slaan.

[10] En nou, o konings, verkry insig; laat julle onderrig, julle almal wat gerig hou oor die aarde.

Dien die Here met vrees, en verbly julle in Hom met bewing.

Hou vas aan onderrig, sodat die Here nie eendag toornig word, en julle vergaan van die regverdige weg nie.

Wanneer sy woede skielik ontvlam, salig is almal wat hulle vertroue in Hom gestel het.

## Psalm 3

’n Psalm van Dawid, toe hy van sy seun Absalom gevlug het.

Here, waarom het my verdrukkers vermenigvuldig? Baie staan teen my op;

baie sê van my siel: Daar is geen redding vir hom in sy God nie.

Maar Ú, Here, is my helper, my eer en die Een wat my hoof ophef.

[5] Met my stem het ek tot die Here geroep, en Hy het my gehoor vanaf sy heilige berg.

Maar ék het gaan lê en aan die slaap geraak; ek het wakker geword, want die Here sal my help.

Ek sal nie bang wees vir tienduisende van die manskappe wat rondom my stelling inneem nie.

Staan op, Here; red my, my God, want U het almal geslaan wat my sonder rede haat, die tande van sondaars het U verbrysel.

Aan die Here behoort die redding, en oor u volk is u seën.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees,
nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees,
nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 4

Tot die einde; met snarespel; ’n lied van Dawid.

Toe ek geroep het, het U my verhoor, o God van my geregtigheid; in verdrukking het U vir my ruimte gemaak. Betoon medelye met my, en hoor my gebed.

Mensekinders, hoe lank sal julle trae harte hê; waarom het julle ydelheid lief, en soek julle die leuen?

En weet dat die Here sy heilige wonderbaar gemaak het; die Here sal my verhoor wanneer ek tot Hom roep.

[5] Word kwaad, maar sondig nie; wat julle in jul harte sê, betreur dit op jul beddens.

Offer ’n offer van geregtigheid, en plaas jul hoop op die Here.

Baie sê: Wie sal vir ons goeie dinge wys? Die lig van u aangesig het as ’n teken oor ons verskyn, Here.

U het blydskap in my hart gegee; vanweë die vrug van hul koring, wyn en olie is hulle vermenigvuldig.

In vrede sal ek gaan lê en dadelik aan die slaap raak, want U alleen, Here, het my in hoop gevestig.

## Psalm 5

Tot die einde; ’n Psalm van Dawid, op “Haar wat erf.”

Luister na my woorde, Here; word bewus van my geroep;

gee ag op die stem van my gebed, my Koning en my God, want tot U sal ek bid, Here;

in die môre sal U my stem hoor; in die môre sal ek voor U staan en U sal my aansien;

[5] want U is nie ’n God wat wetteloosheid wil nie; die boosdoener sal by U nie woon nie,

en wetsoortreders sal nie standhou voor u oë nie; U het almal gehaat wat wetteloosheid bedryf;

U sal al die leuensprekers vernietig. ’n man van bloed en bedrog sal die Here verafsku.

Maar ék sal deur die oorvloed van u barmhartigheid ingaan in u huis; ek sal my neerbuig na u heilige tempel, in u vrees.

Here, lei my in u geregtigheid om my vyande ontwil, maak my weg reg voor U.

[10] Want in hul mond is daar nie waarheid nie; hul hart is ydel; ’n oop graf is hul keel; met hul tonge het hulle bedrieg.

Oordeel hulle, o God. Laat hulle tot ’n val kom deur hul planne; verdryf hulle vanweë die menigte van hul goddelooshede, want hulle het U verbitter, Here.

Maar laat almal wat op U hoop, bly wees; hulle sal vir ewig jubel, en U sal onder hulle woon, en almal wat u Naam liefhet, sal hulle op U beroem.

Want U sal die regverdige seën; Here, soos met ’n skild van welbehae het U ons omring.

## Psalm 6

Tot die einde; ’n Psalm van Dawid, onder die himnes op “Die agste”.

Here, berispe my nie in u woede nie, en tugtig my nie in u toorn nie.

Ontferm U oor my, Here, want ek is swak; genees my, Here, want my gebeente is ontsteld,

ook my siel is baie ontsteld; en Ú, Here, hoe lank?

[5] Keer terug, Here, verlos my siel; red my op grond van u barmhartigheid.

Want in die dood is daar niemand wat U gedenk nie, en wie sal U in die doderyk bely?

Ek het geswoeg in my gesug; elke nag sal ek my bed was, met my trane sal ek my rusbank benat.

Ontsteld van woede is my oog; ek het oud geword onder al my vyande.

Gaan weg van my, julle almal wat ongeregtigheid bedryf, want die Here het die stem van my geween gehoor;

[10] die Here het my smeking gehoor, die Here het my gebed aanvaar.

Laat al my vyande beskaam word en in groot verwarring gebring word; laat hulle omdraai en gou grootliks beskaam word.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees,
nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees,
nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 7

’n Psalm van Dawid, wat hy tot eer van die Here gesing het oor die woorde van Kus,
die Benjaminiet.

Here my God, op U het ek gehoop; red my van al my vervolgers en verlos my,

sodat hy nie eendag my siel gryp soos ’n leeu nie, terwyl daar niemand is wat my loskoop of red nie.

Here my God, as ek dit gedoen het, as daar ongeregtigheid in my hande is,

[5] as ek dié wat my met kwaad vergeld, terugbetaal het, mag ek dan met leë hande val vanweë my vyande;

mag die vyand dan my siel vervolg en dit inhaal en mag hy my lewe op die grond vertrap en mag hy my eer in die stof laat woon.

Staan op, Here, in u toorn; word verhoog in die uiteindes van u vyande. Ontwaak, Here my God, volgens die voorskrif wat U beveel het,

en ’n vergadering van volkere sal U omring, en keer ter wille hiervan terug na bowe.

Die Here sal volke oordeel; oordeel my, Here, volgens my geregtigheid en volgens my onskuld wat in my is.

[10] Laat die boosheid van sondaars tog tot ’n einde kom, en dan sal U die regverdige rig, o God wat harte en niere ondersoek.

Regverdig is my hulp, komende van God wat die opregtes van hart red.

God is ’n regverdige regter en sterk en lankmoedig, wat nie elke dag toorn toebring nie.

As julle julle nie bekeer nie, sal Hy sy swaard blink maak; Hy het sy boog gespan en dit gereed gemaak;

en Hy het werktuie van die dood daarop gereed gemaak, sy pyle het Hy vir dié wat tier, voltooi.

[15] Kyk, hy was in barensnood met ongeregtigheid, hy het swaarkry ontvang en wetteloosheid gebaar.

Hy het ’n kuil gegrawe en dit uitgehol, maar hy sal val in die put wat hy gemaak het;

sy swaarkry sal terugkeer op sy eie hoof, en sy ongeregtigheid sal op sy eie skedel neerkom.

Ek sal die Here ooreenkomstig sy geregtigheid bely en ek sal sing tot eer van die Naam van die Here, die Allerhoogste.

## Psalm 8

Tot die einde; op die perse; ’n Psalm van Dawid.

Here, onse Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die ganse aarde; want u majesteit is verhef bo die hemele.

Uit die mond van kinders en suigelinge het U lof berei om u vyande ontwil, sodat U die vyand en wreker kan vernietig.

Want ek sal die hemele aanskou, die werke van u vingers, die maan en die sterre, wat U gegrondves het;

[5] wat is die mens, dat U aan hom dink, of die mensekind, dat U hom besoek?

U het hom ’n weinig minder as die engele gemaak, met heerlikheid en eer het U hom gekroon,

en hom oor die werke van u hande gestel; alles het U onder sy voete gestel,

skape en al die beeste, en selfs ook die diere van die veld,

die voëls van die hemel en die visse van die see, wat deur die paaie van die oseane trek.

[10] Here, onse Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die ganse aarde.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees,
nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God, ons Hoop, Here, eer aan U.

## ~ Die Tweede Kathisma ~

### Psalm 9

Tot die einde; oor die verborgene van die seun; ’n Psalm van Dawid.

Ek sal U bely, Here, met my hele hart; ek sal al u wonders vertel;

ek sal bly wees en in U jubel, ek sal sing tot eer van u Naam, o Allerhoogste.

Wanneer my vyand teruggedryf word, sal hulle swak word en vergaan voor u aangesig,

[5] want U het my oordeel en my regsaak gehandhaaf; U het op ’n troon gaan sit, U wat regverdig oordeel.

U het die nasies bestraf, en die goddelose het vergaan; U het sy naam uitgedelg tot in ewigheid, ja, tot in ewigheid der ewigheid.

Die swaarde van die vyand het volkome misluk, en U het stede verwoes; sy gedagtenis het met ’n gedruis vergaan,

maar die Here bly tot in ewigheid; Hy het sy troon vir oordeel gereed gemaak,

en Hyself sal die wêreld in geregtigheid oordeel, Hy sal die volke met regverdigheid oordeel.

[10] En die Here het ’n toevlug geword vir die arme, ’n hulp op die regte tyd in verdrukking;

en laat hulle wat u Naam ken, op U hoop, want U het hulle wat U soek, nie in die steek gelaat nie, Here.

Sing tot eer van die Here wat in Sion woon, verkondig sy weë onder die nasies,

want Hy wat bloed wreek, het hulle onthou; die kreet van die behoeftiges het Hy nie vergeet nie.

Ontferm U oor my, Here; aanskou my vernedering vanweë my vyande, U wat my ophef uit die poorte van die dood,

[15] sodat ek al u lof kan verkondig in die poorte van die dogter van Sion; ek sal jubel oor u heil.

Die nasies is verstrik in die verderf wat hulle bewerk het; in hierdie strik waar hulle geskuil het, is hul voet gevang.

Die Here word geken wanneer Hy oordele maak; deur die werke van sy eie hande is die sondaar gevang.

Laat die sondaars na die doderyk afgekeer word, al die nasies wat God vergeet,

want die arme sal nie tot die einde vergeet word nie; die geduld van die behoeftiges sal nie vir ewig tot niet gaan nie.

[20] Staan op, Here, laat die mens nie magtig word nie; laat die nasies voor U geoordeel word.

Stel 'n wetgewer oor hulle aan, Here; laat die nasies besef dat hulle net mense is.

Waarom, Here, het U ver weg gaan staan, sien U ons in tye van nood, in verdrukkinge, nie raak nie?

Wanneer die goddelose hovaardig is, brand die arme innerlik; hulle word gevang in die planne wat hulle beraam.

Want die sondaar prys homself vir die begeertes van sy siel, en die onregverdige seën homself;

[25] die sondaar het die Here getart; ooreenkomstig die oorvloed van sy toorn sal hy nie na Hom soek nie; God is nie voor hom nie.

Sy weë word te alle tye besoedel; u oordele word van sy aangesig weggeneem; oor al sy vyande sal hy heers;

want hy het in sy hart gesê: Ek sal nie wankel nie, van geslag tot geslag sonder teenspoed.

Hy wie se mond vol vervloeking en bitterheid en bedrog is, onder sy tong is daar swoeg en swaarkry.

Hy sit in 'n hinderlaag saam met die rykes, in heimlike plekke, om die onskuldige dood te maak; sy oë bespied die behoeftige;

[30] hy lê op die loer, in die geheim, soos 'n leeu in sy lêplek; hy lê op die loer om die arme te vang, om die arme te vang, wanneer hy hom na hom toe intrek;

in sy strik sal hy hom verneder, hy sal buk en val wanneer hy heerskappy oor die behoeftiges verkry het.

Want hy het in sy hart gesê: God het vergeet, Hy het sy gesig afgewend, sodat Hy nooit sal sien nie.

Staan op, Here God; laat u hand verhef word; vergeet nie u behoeftiges tot die einde toe nie.

Waarom het die goddelose God vertoorn? Want hy het in sy hart gesê: Hy sal dit nie eis nie.

[35] U sien dit, want U bemerk swaarkry en toorn, om hulle oor te lewer in u hande; op U het die arme hom verlaat, vir die wees was U 'n helper.

Verbrysel die arm van die sondige en bose; sy sonde sal gesoek word en glad nie gevind word nie.

Die Here sal vir ewig koning wees tot in ewigheid, ja, tot in ewigheid der ewigheid; julle, nasies, sal uit sy land verdwyn.

Die Here het die begeerte van die behoeftiges gehoor; u oor het ag gegee op die gereedheid van hul hart,

om te oordeel ten behoewe van die wees en vernederde, sodat die mens nie sal voortgaan om groot te praat op die aarde nie.

## Psalm 10

Tot die einde; 'n Psalm van Dawid.

Op die Here vertrou ek; hoe sal julle vir my siel sê: Vlug na die berge soos 'n mossie?

Want kyk, die sondaars het die boog gespan, hulle het pyle gereed gemaak vir die koker, om by donkermaan die opregtes van hart te skiet.

Want wat U toeberei het, het hulle verwoes; en die regverdige, wat het hy gedoen?

Die Here is in sy heilige tempel; die Here, in die hemel is sy troon. Sy oë is op die behoeftige gevestig, sy ooglede ondersoek die mensekinders.

[5] Die Here ondersoek die regverdige en die goddelose, maar hy wat ongeregtigheid liefhet, haat sy eie siel.

Hy sal op die sondaars vangnette laat reën, vuur en swawel en stormwind sal die lot van hul beker wees.

Want die Here is regverdig en Hy het regverdigheid liefgehad; sy aangesig het opregtheid gesien.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees,
nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees,
nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 11

Tot die einde; op “Die agste”; ’n Psalm van Dawid.

Red my, Here, want daar is geen vrome meer nie, want waarheid het seldsaam geword onder die mensekinders.

Elkeen het ydele dinge vir sy naaste vertel, bedrieglike lippe het dubbelhartig kwade dinge gesê.

Mag die Here al die bedrieglike lippe uitroei, en die tong wat grootpraat,

[5] hulle wat gesê het: Ons sal ons tong groot maak, ons lippe is ons s’n; wie is ons heer?

Vanweë die ellende van die armes, en vanweë die gesug van die behoeftiges, sal Ek nou opstaan, sê die Here; Ek sal hulle in veiligheid vestig, en met vrymoedigheid daarin handel.

Die woorde van die Here is rein woorde; silwer in vuur gelouter, in die aarde beproef, sewe maal gesuiwer.

Mag U, Here, oor ons wag hou, en ons bewaar van hierdie geslag, ook tot in ewigheid.

Die goddeloses beweeg rond; ooreenkomstig u verhewenheid het U die mensekinders met groot sorg hanteer.

## Psalm 12

Tot die einde; ’n Psalm van Dawid.

Hoe lank sal U my heeltemal vergeet, Here? Hoe lank sal U u aangesig van my af wegdraai?

Hoe lank sal ek raad hou in my siel, met smarte in my hart oordag en snags? Hoe lank sal my vyand oor my verhef word?

Aanskou my, verhoor my, Here my God; verlig my oë, sodat ek nie in die dood inslaap nie,

[5] sodat my vyand nie kan sê: Ek het hom oorwin nie; my verdrukkers sal jubel as ek wankel.

Maar ék het op u barmhartigheid gehoop; my hart sal jubel in u heil; ek sal sing tot eer van die Here wat aan my goed gedoen het, en ek sal psalmsing tot eer van die Naam van die Here, die Allerhoogste.

## Psalm 13

Tot die einde; ’n Psalm van Dawid.

Die dwaas het in sy hart gesê: Daar is geen God nie. Hulle het verdorwe en afskuwelik geraak in hul gewoontes; daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie.

Die Here het uit die hemel neergekyk op die mensekinders, om te sien of daar iemand is wat insig het of na God soek.

Hulle het almal afgewyk, hulle het saam ontaard; daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie. [Hul keel is ’n oop graf; met hul tonge het hulle bedrieg; die gif van adders is onder hul lippe, hulle wie se mond vol vervloeking en bitterheid is; haastig is hul voete om bloed te vergiet; verwoesting en ellende is op hul paaie; en ’n weg van vrede het hulle nie geken nie; daar is geen vrees vir God voor hul oë nie.]

Sal almal wat wetteloosheid bedryf, nie tot kennis kom nie? Hulle wat my volk opeet asof hulle brood eet, het die Here nie aangeroep nie.

[5] Dáár was hulle angsbevange van vrees, waar geen vrees was nie, want God is by ’n regverdige geslag.

Die raad van die arme het julle onteer, maar die Here is sy hoop.

Wie sal uit Sion die verlossing van Israel gee? Wanneer die Here die gevangenskap van sy volk omkeer, sal Jakob jubel en Israel bly wees.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees,
nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees,
nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 14

’n Psalm van Dawid.

Here, wie sal vertoef in u tabernakel? En wie sal woon op u heilige berg?

Hy wat onberispelik wandel, en geregtigheid beoefen; hy wat die waarheid praat in sy hart,

wat nie met sy tong bedrieg het nie, en sy naaste nie kwaad aangedoen het nie en nie ’n verwyt teen sy naastes aanvaar het nie.

In sy oë is die boosdoener veragtelik, maar hy verheerlik hulle wat die Here vrees; hy wat ’n eed teenoor sy naaste sweer en dit nie verbreek nie.

[5] Sy geld het hy nie teen rente gegee nie en geskenke teen die onskuldiges het hy nie aanvaar nie. Hy wat hierdie dinge doen, sal tot in ewigheid nie wankel nie.

## Psalm 15

’n Suil-inskripsie van Dawid.

Bewaar my, Here, want op U het ek gehoop.

Ek het vir die Here gesê: Ú is my Here, want aan my goedere het U geen behoefte nie.

Wat die heiliges in sy land betref, het die Here sy hele wil wonderbaar onder hulle gemaak.

Hul swakhede is vermenigvuldig; daarna het hulle hulle gehaas; ek sal hul byeenkomste vanweë bloed nie byeenbring nie, en hul name nie deur my lippe gedenk nie.

[5] Die Here is die deel van my erfenis en van my beker; Ú is die Een wat my erfenis vir my herstel.

Die meetsnoere het vir my in uitnemende plekke geval; ja, my erfenis is vir my baie goed.

Ek sal die Here loof wat my tot insig gebring het; boonop het my niere my tot in die nag onderrig.

Ek het die Here altyddeur voor my gesien, want Hy is aan my regterhand, dat ek nie sou wankel nie.

Daarom was my hart bly en het my tong gejuig; ja, ook sal my vlees nog rus in hoop,

[10] want U sal my siel nie aan die doderyk oorlaat, of u heilige oorgee om verderwing te sien nie.

U het my die weë van die lewe bekend gemaak; U sal my vervul met vreugde by u aangesig; lieflikhede is in u regterhand, vir ewig.

## Psalm 16

’n Gebed van Dawid.

Hoor van my geregtigheid, Here; gee ag op my pleidooi; luister na my gebed wat kom van ongeveinsde lippe.

Mag my oordeel van u aangesig af kom; laat my oë opregtheid sien.

U het my hart getoets; U het my in die nag besoek; U het my met vuur beproef, en ongeregtigheid is in my nie gevind nie.

Sodat my mond nie mag spreek oor die dade van mense nie, ter wille van die woorde van u lippe, het ek die moeilike weë bewaar.

[5] Vestig my voetstappe op u paaie, sodat my voetstappe nie wankel nie.

Ek het geroep, want U het my verhoor, o God; wend u oor tot my en luister na my woorde.

Maak u ontferminge wonderbaar, U wat hulle wat op U hoop, red van dié wat u regterhand weerstaan.

Bewaar my as u oogappel; U sal my beskut onder die beskutting van u vleuels,

weg van die aangesig van die goddeloses wat my verdruk het. My vyande het my siel omsingel;

[10] hulle het hul gevoel afgesluit; hul mond het hoogmoed gespreek.

Nadat hulle my uitgewerp het, het hulle my nou omring; hulle het hul oë grond toe gewend.

Hulle het my gegryp soos ’n leeu gereed vir sy prooi, soos ’n jong leeu wat in skuilplekke bly.

Staan op, Here, spring hulle voor en laat hulle struikel; red my siel van die goddeloses, u swaard van die vyande van u hand.

Here, sonder hulle tydens hul lewe van die weiniges van die aarde af, en hul buik is gevul met u verborgenhede; hulle is versadig met seuns, en die oorskot het hulle aan hul kinders agtergelaat.

[15] Maar ék sal in geregtigheid voor u aangesig verskyn; ek sal versadig word wanneer u heerlikheid aan my verskyn.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees,
nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God, ons Hoop, Here, eer aan U.

## ~ Die Derde Kathisma ~

### Psalm 17

Tot die einde, van Dawid, die dienskneg van die Here, wat die woorde van hierdie lied tot die Here gespreek het op die dag toe die Here hom uit die hand van al sy vyande gered het, en uit die hand van Saul, en hy gesê het:

Ek sal U liefhê, Here, my sterkte;

die Here is my grondves en my toevlug en my bevryder. My God is my helper, ek sal op Hom hoop, my verdediger en die horing van my heil en my beskermer.

Met lof sal ek die Here aanroep en van my vyande verlos word.

[5] Bande van die dood het my omsingel, en stormwaters van wetteloosheid het my verskrik.

Bande van die doderyk het my omring, strikke van die dood het my oorval.

En toe ek in verdrukking was, het ek die Here aangeroep en tot my God uitgeroep; vanuit sy heilige tempel het Hy my stem gehoor, en my geroep voor sy aangesig sal sy ore bereik.

En die aarde het geskud en gebewe, en die fondamente van die berge het gesidder en geskud, omdat God toornig teenoor hulle was.

Rook het opgegaan in sy toorn en vuur het van sy aangesig opgevlam; kole het daardeur ontbrand.

[10] En Hy het die hemele gebuig en neergedaal, en duisternis was onder sy voete.

En Hy het gérubs bestyg en gevlieg; Hy het gevlieg op vleuels van die winde.

En Hy het donkerte sy skuilplek gemaak; sy tabernakel rondom Hom, donker water in die wolke van die lug.

Deur die stralende glans voor Hom het die wolke verbygetrek, hael en kole van vuur.

En die Here het uit die hemel gedonder, en die Allerhoogste het sy stem laat hoor.

[15] En Hy het sy pyle uitgestuur en hulle verstrooi, en Hy het bliksemstrale vermenigvuldig en hulle verwar.

En die bronne van die waters het sigbaar geword, en die fondamente van die wêreld is ontbloot vanweë u bestraffing, Here, vanweë die geblaas van die asem van u toorn.

Hy het uit die hoogte gestuur en my geneem; uit baie waters het Hy my geneem.

Hy sal my van my magtige vyande bevry en van hulle wat my haat, omdat hulle sterker as ek was.

Hulle het my ingehaal op die dag van my mishandeling, maar die Here het my steun geword

[20] en Hy het my in ’n oop ruimte uitgelei; Hy sal my bevry, omdat Hy behae in my gehad het.

En die Here sal my vergeld volgens my geregtigheid en volgens die reinheid van my hande sal Hy my vergeld;

want ek het die weë van die Here bewaar, en nie goddeloos van my God afgewyk nie,

want al sy oordele is voor my, en sy voorskrifte het van my nie gewyk nie.

En ek sal onberispelik met Hom wees en my van my ongeregtigheid bewaar.

[25] En die Here sal my vergeld volgens my geregtigheid en volgens die reinheid van my hande voor sy oë.

Teenoor die heilige sal U heilig wees, en teenoor ’n onskuldige man sal U onskuldig wees,

en teenoor die uitverkorene sal U uitverkore wees en die verdraaide sal U in verwarring bring.

Want U sal ’n nederige volk red, maar die oë van hoogmoediges sal U verneder.

Want U sal my lamp laat skyn, Here my God; U sal my duisternis verlig.

[30] Want deur U sal ek bevry word van ’n rowerbende en deur my God sal ek oor ’n muur klim.

My God - sy weg is onberispelik; die woorde van die Here is deur vuur gelouter; Hy is die verdediger van almal wat op Hom hoop.

Want wie is God buiten die Here? En wie is God buiten ons God?

Die God wat my met krag omgord, en my weg onberispelik gemaak het;

wat my voete gereed maak soos dié van ’n hert en my op die hoogtes laat staan,

[35] wat my hande vir stryd onderrig, en U het my arms ’n koperboog gemaak;

en vir my ’n skildbedekking van verlossing gegee, en u regterhand het my gehelp, en u tugtiging het my volkome herstel, ja, u tugtiging, dít sal my leer.

U het my treë verleng onder my, en my voete het nie swak geword nie.

Ek sal my vyande agtervolg en hulle inhaal en nie terugkeer voordat hulle beswyk nie.

Ek sal hulle verbrysel, en hulle sal nie kan staan nie; hulle sal onder my voete val.

[40] En U het my met krag vir die stryd omgord, U het almal wat teen my in opstand gekom het, onder my vasgebind.

En U het my vyande my die rug laat toekeer, en hulle wat my haat, het U uitgedelg.

Hulle het uitgeroep, maar daar was niemand wat red nie; tot die Here, maar Hy het hulle nie verhoor nie.

En ek sal hulle vergruis soos stof voor die wind, soos modder van die strate sal ek hulle fyn maal.

U sal my red van die teëspraak van die volk, U sal my aan die hoof van nasies stel. ’n Volk wat ek nie geken het nie, het my gedien.

[45] Toe die oor hoor, het dit my gehoorsaam; seuns van vreemdes het my belieg,

seuns van vreemdes het oud geword en van hul weë weg gehink.

Die Here leef, en lofwaardig is my God, en laat die God van my heil verhef word,

die God wat my wraak gee en volke aan my onderwerp het,

wat my bevry van my driftige vyande; U sal my verhef bo hulle wat teen my in opstand is; bevry my van ’n onregverdige man.

[50] Daarom sal ek U onder die nasies bely, Here, en tot eer van u Naam psalmsing,

Hy wat die verlossinge van sy koning groot maak en barmhartigheid aan sy gesalfde bewys, aan Dawid en sy nageslag tot in ewigheid.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 18

Tot die einde; 'n Psalm van Dawid.

Die hemele vertel die heerlikheid van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande.

Die een dag uiter 'n mededeling vir die ander, en die een nag verkondig kennis aan die ander.

Daar is geen tale of woorde, waarin hul stemme nie gehoor word nie.

[5] Oor die hele aarde het hul stem uitgegaan, en tot aan die eindes van die wêreld hul woorde.

In die son het Hy sy tabernakel gestel; en Hy wat soos 'n bruidegom uit sy slaapkamer kom, sal soos 'n reus jubel om snel sy pad te loop.

Sy uitgaan is van die uithoek van die hemel, en sy eindpunt is aan die uithoek van die hemel, en daar is niemand wat hom van sy gloed sal verberg nie.

Die wet van die Here is onberispelik: dit bring aan siele 'n ommekeer; die getuienis van die Here is betroubaar: dit gee wysheid aan kinders.

Die voorskrifte van die Here is reg: hulle verbly die hart; die bevel van die Here is ver-skynend: dit verhelder die oë;

[10] die vrees van die Here is rein: dit bly tot in ewigheid der ewigheid; die oordele van die Here is waaragtig: geheel en al geregverdig,

begeerliker as goud en 'n baie kosbare steen en soeter as heuning en heuningkoek.

Ja, want u dienskneg onderhou hulle; in die onderhouding daarvan is 'n groot beloning geleë.

Oortredinge - wie sal dit verstaan? Reinig my van wat ek verborge hou.

En hou u dienaar ver van vreemdes; as hulle nie oor my heers nie, dan sal ek onberispelik wees, en sal ek van groot sonde gereinig wees.

[15] En die woorde van my mond en die oordenking van my hart sal altyd welbehaaglik voor u aangesig wees, Here, my helper en my verlosser.

## Psalm 19

Tot die einde, 'n Psalm van Dawid.

Mag die Here u verhoor in die dag van benoudheid, mag die Naam van die God van Jakob u beskerm.

Mag Hy u hulp stuur uit die heiligdom en u ondersteun uit Sion.

Mag Hy dink aan al u offerandes en mag Hy u brandoffer vet maak.

[5] Mag die Here u gee na u hart en al u voornemens vervul.

Ons sal ons verheug in u verlossing en in die Naam van ons God sal ons verheerlik word. Mag die Here al u bedes vervul.

Nou weet ek dat die Here sy gesalfde gered het; Hy sal hom verhoor uit sy heilige hemel; in magtige dade is die verlossing van sy regterhand.

Sommige roem op strydwaens en sommige op perde, maar ons sal verheerlik word deur die Naam van die Here.

Hulle het gesteier en geval, maar ons het opgestaan en is opgerig.

[10] Here, verlos die koning, en verhoor ons, op die dag wanneer ons U aanroep.

## Psalm 20

Tot die einde; ’n Psalm van Dawid.

Here, in u sterkte sal die koning bly wees en in u verlossing sal hy hom uitermate verheug.

U het hom sy hartsverlange gegee en hom die begeerte van sy lippe nie geweier nie.

Want U het hom tegemoetgekom met seëninge van goedheid; op sy hoof het U ’n kroon van edelstene geplaas.

[5] Hy het die lewe van U gevra, en U het hom lengte van dae gegee tot in ewigheid der ewigheid.

Groot is sy roem in u heil; U sal heerlikheid en majesteit op hom lê;

U sal hom ’n seëning skenk tot in ewigheid der ewigheid; U sal hom bly maak met vreugde by u aangesig.

Want die koning vertrou op die Here en deur die barmhartigheid van die Allerhoogste sal hy nie wankel nie.

Mag u hand deur al u vyande ervaar word; mag u regterhand almal vind wat U haat.

[10] U sal hulle tot ’n vuuroond maak tydens u verskyning; die Here sal hulle teister in sy toorn, en vuur sal hulle verteer.

U sal hul vrug van die aarde af verdelg en hul nageslag van die mensekinders af weg,

want hulle het onheil teen U bedoel, en hulle het planne bedink, wat hulle glad nie sal kan uitvoer nie.

U sal hulle op die vlug laat slaan; onder u oorblyfsel sal U hul teenwoordigheid berei.

Verhef U, Here, in u sterkte; ons sal sing en psalmsing oor u magtige dade.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 21

Tot die einde; ’n Psalm van Dawid, op “Die hulp van die daeraad”.

O God, my God, luister na my. Waarom het U my verlaat? Ver van my heil is die woorde van my oortredinge.

My God, ek sal bedags roep, maar U sal nie verhoor nie, en snags, en dit sal my nie tot dwaasheid gereken word nie.

Maar U woon in die heiligdom, die lof van Israel.

[5] Op U het ons vaders hul hoop gestel; hulle het gehoop, en U het hulle bevry.

Hulle het U aangeroep en is gered; op U het hulle hul hoop gestel en hulle is nie beskaam nie.

Maar ék is ’n wurm en nie ’n mens nie, ’n voorwerp van smaad van die mense en ’n verworpeling van die volk.

Almal wat my sien, het my bespot; hulle het met hul lippe gepraat, hulle het die kop geskud:

Hy het op die Here gehoop, laat Hy hom bevry; laat Hy hom red, want Hy het ’n behae in hom.

[10] Want dit is Ú wat my uit die buik getrek het, my hoop van my moeder se borste af;

op U is ek gewerp van die skoot, van my moederskoot is Ú my God.

Gaan nie van my af weg nie, want verdrukking is naby, want daar is niemand wat help nie.

Baie bulkalwers het my omsingel; vet bulle het my omring;

hulle het hul mond teen my oopgemaak soos 'n leeu wat roof en brul.

[15] Ek is soos water uitgestort, en al my beendere is verstrooi; my hart het geword soos was wat in my ingewande smelt.

My krag is verdroog soos 'n potskerf, en my tong het aan my keel gekleef, en U het my na die stof van die dood afgebring.

Want baie honde het my omsingel; 'n vergadering van boosdoeners het my omring; hulle het my hande en voete deurgrawe.

Hulle het al my beendere getel, en hulle het my aanskou en oor my wag gehou.

Hulle het my klere onder mekaar verdeel en oor my gewaad die lot gewerp.

[20] Maar U, Here, neem nie my hulp van my weg nie; lê U op my beskerming toe.

Red my siel van die swaard, en my eniggeborene uit die mag van 'n hond;

verlos my uit die bek van die leeu, en my geringheid van die horings van die eenhorings.

Ek sal u Naam aan my broers vertel; te midde van die vergadering sal ek U besing.

Julle wat die Here vrees, prys Hom; alle saad van Jakob, verheerlik Hom; laat heel die nageslag van Israel Hom vrees,

[25] want Hy het nie die versoek van die arme verag of verfoei nie, ook het Hy nie sy aangesig van my gewend nie, en toe ek Hom aangeroep het, het Hy my verhoor.

Van U kom my lof in 'n groot vergadering; ek sal my geloftes betaal in die teenwoordigheid van dié wat Hom vrees.

Die armes sal eet en versadig word, en dié wat na Hom soek, sal die Here prys; hul harte sal lewe tot in ewigheid der ewigheid.

Al die eindes van die aarde sal daaraan dink en hulle tot die Here bekeer en al die geslagte van die nasies sal in aanbidding voor sy aangesig buig,

want die koninkryk behoort aan die Here, en Hý heers oor die nasies.

[30] Al die welvarendes van die aarde het geëet en in aanbidding gebuig; almal wat na die aarde neerdaal, sal voor sy aangesig neerval. En my siel lewe vir Hom,

en my nageslag sal Hom dien; die komende geslag sal aan die Here vermeld word,

en hulle sal sy geregtigheid verkondig aan die volk wat gebore sal word, wat die Here gemaak het.

## Psalm 22

’n Psalm van Dawid.

Die Here is my Herder, en niks sal my ontbreek nie.

In ’n plek van groen weiveld, daar het Hy my laat woon; by die water van rus het Hy my gevoed.

My siel het Hy vernuwe. Hy het my gelei op die paaie van geregtigheid om sy Naam ontwil.

Want al gaan ek ook onder die skaduwee van die dood, sal ek geen onheil vrees nie, want U is met my; u stok en u staf, dié het my vertroos.

[5] U het ’n tafel voor my aangesig berei teenoor hulle wat my verdruk; U het my hoof gesalf met olie, en u beker maak my bly soos die beste wyn.

En u barmhartigheid sal my volg al die dae van my lewe, en ek sal in die huis van die Here bly tot in lengte van dae.

## Psalm 23

’n Psalm van Dawid, op die eerste dag van die week.

Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan, die wêreld en almal wat daarin woon.

Hy het dit op die seë gegrond en dit op die riviere berei.

Wie sal opgaan na die berg van die Here en wie sal staan in sy heilige plek?

Hy wat onskuldig van hande en suiwer van hart is, wat nie sy siel tot ydelheid opgehef het nie en nie op bedrieglike wyse teenoor sy naaste gesweer het nie.

[5] Hy sal seën van die Here ontvang en barmhartigheid van God sy Verlosser.

Dit is die geslag van hulle wat na die Here soek, wat die aangesig van die God van Jakob soek.

Hef op jul poorte, o prinse, en word opgehef, ewige poorte, en die Koning van die Heerlikheid sal ingaan.

Wie is hierdie Koning van die Heerlikheid? Die Here sterk en magtig, die Here magtig in die stryd.

Hef op jul poorte, o prinse, en word opgehef, ewige poorte, en die Koning van die Heerlikheid sal ingaan.

[10] Wie is hierdie Koning van die Heerlikheid? Die Here van die leërskare, Hy is die Koning van die Heerlikheid.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God, ons Hoop, Here, eer aan U.



## ~ Die Vierde Kathisma ~

### Psalm 24

’n Psalm van Dawid.

Tot U het ek my siel opgehef, Here my God.

Op U het ek vertrou; laat my nie beskaamd staan nie, en laat my vyande my nie bespot nie.

Want almal wat op U wag, sal glad nie beskaamd staan nie; laat hulle beskaamd staan wat sonder oorsaak wetteloos handel.

Here, maak my u weë bekend; en leer my u paaie.

[5] Lei my in u waarheid en leer my, want Ú is God, my Verlosser, en op U het ek die hele dag gewag.

Dink, Here, aan u medelye en u goedertierenhede, want dié is van ewigheid af.

Dink nie aan die sondes van my jonkheid en my onkunde nie; dink aan my na u goedertierenheid, om u goedheid ontwil, Here.

Die Here is goed en reg; daarom sal Hy sondaars leer aangaande die weg.

Hy sal die sagmoediges lei in die reg, Hy sal sagmoediges sy weë leer.

[10] Al die paaie van die Here is barmhartigheid en waarheid vir dié wat sy verbond en sy getuienisse soek.

Om u Naam ontwil, Here, vergeef ook my sonde, want dit is groot.

Wie is die man wat die Here vrees? Hy sal hom leer aangaande die weg wat hy gekies het.

Sy siel sal vernag in die goeie, en sy nageslag sal die land beërwe.

Die Here is ’n steun vir dié wat Hom vrees, en sy verbond is om hulle dit bekend te maak.

[15] My oë is altyddeur op die Here, want Hý sal my voete uit die vangnet trek.

Sien my aan en ontferm U oor my, want ek is ’n eniggeborene en arm.

Die benoudhede van my hart het vermenigvuldig; lei my uit my nood.

Aanskou my vernedering en my moeite en vergewe al my sondes.

Aanskou my vyande, want hulle het vermenigvuldig en hulle het my met ’n onregverdige haat gehaat.

[20] Bewaar my siel en red my; mag ek nie beskaamd staan nie, want op U het ek my hoop gestel.

Die onbedorwenes en opregtes het my aangekleef, want op U het ek gewag, Here.

O God, verlos Israel uit al sy benoudhede.

## Psalm 25

Van Dawid.

Oordeel my, Here, want ék het in my onskuld gewandel, en terwyl ek op die Here hoop, sal ek beslis nie kragteloos word nie.

Toets my, Here, en beproef my, louter my niere en my hart.

Want u goedertierenheid is voor my oë, en ek het ’n welgevalle in u waarheid gehad.

Ek het nie by ’n vergadering van ydelheid gesit nie en ek sal nie ingaan by hulle wat in stryd met die wet handel nie.

[5] Ek het die vergadering van boosdoeners gehaat en by goddeloses sal ek nie sit nie.

Ek sal my hande in onskuld was en rondom u altaar gaan, Here,

om die stem van u lof te hoor en om al u wonders te vertel.

Here, ek het die skoonheid van u huis liefgehad en die woonplek van u heerlikheid.

Vernietig nie my siel saam met goddeloses nie en my lewe saam met manne van bloed nie,

[10] in wie se hande ongeregtighede is; hul regterhand is vol omkoopgeld.

Maar ék het in my onskuld gewandel; verlos my en ontferm U oor my.

My voet staan op gelyk grond; in die vergaderings sal ek U loof, Here.

## Psalm 26

Van Dawid, voordat hy gesalf is.

Die Here is my lig en my Heiland: vir wie sou ek vrees? Die Here is die beskermer van my lewe: vir wie sou ek vervaard wees?

Toe kwaaddoeners teen my optrek om my vlees te eet, hulle wat my verdruk en my vyande, het hulle self kragteloos geword en geval.

Al word ’n slaglinie teen my opgestel, sal my hart nie vrees nie; al staan ’n oorlog teen my op, stel ek my hoop hierin.

Een ding het ek van die Here gevra, dit sal ek nastreef: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die Here, dat ek die lieflikheid van die Here mag aanskou en sy heilige tempel mag besoek.

[5] Want Hy het my op die dag van my ellende in sy tabernakel verberg; Hy het my beskut in die verborgene van sy tabernakel; op ’n rots het Hy my verhef.

En nou, kyk, Hy het my hoof bo my vyande verhef; ek het rondgegaan en in sy tabernakel ’n offer van gejuig gebring; ek sal sing en psalmsing tot eer van die Heer.

Hoor my stem waarmee ek uitgeroep het, Here; ontferm U oor my en hoor my.

My hart het vir U gesê: Ek sal die Here soek; my aangesig het U gesoek; u aangesig, Here, sal ek soek.

Wend nie u aangesig van my af nie, en wend U nie in toorn van u dienskneg af nie; wees my helper, verwerp my nie geheel en al nie, en versaak my nie, o God, my Verlosser.

[10] Want my vader en my moeder het my versaak, maar die Here het my aangeneem.

Onderrig my, Here, in u weg, en lei my vanweë my vyande op ’n regte pad.

Gee my nie oor aan die siele van hulle wat my verdruk nie, want onregverdige getuies het teen my opgestaan, en ongeregtigheid het sigself bedrieg.

Ek glo dat ek die goeie van die Here in die land van die lewendes sal sien.

Wag op die Here; wees sterk en laat jou hart versterk word, en wag op die Here.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 27

Van Dawid.

U het ek aangeroep, Here my God; draai nie stilswygend van my af weg nie, sodat, wanneer U stilswygend van my af wegdraai, ek nie word soos dié wat in die kuil neerdaal nie.

Luister na die stem van my smeking wanneer ek tot U bid, wanneer ek my hande ophef na u heilige tempel.

Sleep nie my siel saam met die sondaars weg nie en vernietig my nie saam met die werkers van ongeregtigheid nie, wat van vrede spreek met hul naaste, maar met kwaad in hul harte.

Gee hulle na hul dade, Here, en na die boosheid van hul handelinge; gee hulle na die werke van hul hande, gee hulle hul vergelding.

[5] Want hulle het nie op die werke van die Here gelet en op die werke van sy hande nie; U sal hulle platslaan en hulle beslis nie opbou nie.

Lofwaardig is die Here, want Hy het die stem van my smeking gehoor.

Die Here is my helper en my beskermer; op Hom het my hart gehoop, en ek het hulp ontvang, en my vlees het weer opgebloei; en uit eie wil sal ek Hom bely.

Die Here is die sterkte van sy volk, en ’n beskermer van sy gesalfde se heil.

Red u volk en seën u erfdeel en wees vir hulle ’n herder en verhef hulle tot in ewigheid.

## Psalm 28

’n Psalm van Dawid, oor die uitgang van die tabernakel.

Bring vir die Here, o seuns van God, bring vir die Here jong ramme, bring vir die Here lof en eer,

bring vir die Here lof vir sy Naam, aanbid die Here in sy heilige hof.

Die stem van die Here is op die waters, die God van heerlikheid het gedonder, die Here is op baie waters.

Die stem van die Here in krag, die stem van die Here in majesteit.

[5] Die stem van die Here wanneer Hy seders verbrysel, ja, die Here sal die seders van Líbanon verbrysel

en Hy sal hulle in stukkies breek soos die kalf, die Líbanon, en die geliefde is soos ’n jong eenhoring.

Die stem van die Here wat ’n vuurvlam deurbreek,

die stem van die Here wat die woestyn laat bewe; ja, die Here sal die woestyn van Kades laat bewe.

Die stem van die Here wat herte berei; ja, Hy sal die kreupelhout blootlê; in sy tempel praat almal van heerlikheid.

[10] Die Here sal die watervloed bevestig, en die Here sal as koning sit tot in ewigheid.

Die Here sal sy volk sterkte gee, die Here sal sy volk seën met vrede.

## Psalm 29

Tot die einde; ’n Psalm. ’n Lied vir die Inwyding van die tempel. Van Dawid.

Ek sal U verhoog, Here, want U het my ondersteun, en my vyande nie oor my laat bly wees nie.

Here my God, ek het U aangeroep, en U het my genees;

Here, U het my siel uit die doderyk laat opkom, U het my gered van hulle wat in die kuil neerdaal.

[5] Psalmsing tot eer van die Here, o sy heiliges, en bely die gedagtenis aan sy heiligheid;

want toorn is in sy drif, maar lewe in sy wil; saans sal die geween vertoef, maar smôrens is daar gejuig.

Maar ék het in my voorspoed gesê: Ek sal vir ewig nie wankel nie.

Here, in u wil het U krag aan my skoonheid geskenk; maar U het u aangesig afgewend en ek het verontrus geword.

Ek sal U aanroep, Here, en tot my God sal ek my gebed rig.

[10] Watter voordeel is daar in my bloed, wanneer ek na die bederf neerdaal? Sal die stof U dan bely of u waarheid verkondig?

Die Here het gehoor en Hom oor my ontferm; die Here het my helper geword.

U het my rou vir my in vreugde verander; U het my roukleed geskeur en my met vrolikheid omgord,

sodat my heerlikheid tot U kan psalmsing en ek nie gepriem word nie. Here my God, ek sal U tot in ewigheid bely.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 30

Tot die einde; 'n Psalm van Dawid, van verbystering.

Op U, Here, het ek my hoop gestel; laat my nooit beskaamd staan nie; bevry my deur u geregtigheid en red my.

Neig u oor tot my, wees gou om my te red; wees vir my 'n beskermende God en 'n huis van toevlug om my te verlos.

Want Ú is my steun en my toevlug en om u Naam ontwil sal U my lei en my onderhou;

[5] U sal my laat uitgaan uit hierdie strik wat hulle heimlik vir my gestel het, want U is my beskermer, Here.

In u hande sal ek my gees oorgee; U het my verlos, Here, God van waarheid.

U het hulle gehaat wat vergeefs aan ydelhede vashou, maar ék het op die Here gehoop.

Ek sal my verheug en bly wees in u goedertierenheid, omdat U my vernedering aangesien, my siel uit die nood verlos het

en my nie in die hande van vyande opgesluit het nie; U het my voete op wye grond laat staan.

[10] Ontferm U oor my, Here, want ek word verdruk; van ontsteltenis het my oog onrustig geword, my siel en my buik.

Want my lewe het weggekwyn van smart en my jare van gesug; my krag het swak geword deur armoede, en my gebeente is in verwarring gebring.

By al my teëstanders het ek 'n voorwerp van smaad geword, ja, grootliks vir my bure, en 'n voorwerp van skrik vir my bekendes; dié wat my buite sien, het van my af weggevlug.

Ek is vergeet uit die hart, soos 'n dooie; ek het geword soos 'n werktuig wat vergaan het.

Want ek het die skindertaal van baie gehoor wat rondom woon; toe hulle teen my bymekaarkom, het hulle beraadslaag om my lewe te neem.

[15] Maar ék het my hoop op U gestel, Here; ek het gesê: Ú is my God.

My lot is in u hande; red my uit die hand van my vyande en van my vervolgers.

Laat u aangesig oor u dienskneg skyn; verlos my deur u barmhartigheid.

Here, mag ek nie beskaamd staan nie, want ek het U aangeroep; mag die goddelose beskaamd staan, mag hulle na die doderyk gevoer word.

Laat die bedrieglike lippe stom word wat in trotsheid en veragting wetteloosheid spreek teen die regverdige.

[20] O, hoe groot is die oorvloed van u goedheid, Here, wat U weggelê het vir dié wat U vrees; U het dit uitgewerk vir dié wat hul hoop op U stel, in die teenwoordigheid van die mensekinders.

U sal hulle in die skuilplek van u aangesig verberg van die beroering van mense; U sal hulle in ’n tabernakel beskut teen die teenspraak van tonge.

Geloof sy die Here, want Hy het sy barmhartigheid wonderbaar gemaak in ’n versterkte stad.

Maar ék het in my angs gesê: Ek is weggewerp van die aangesig van u oë. Daarom het U die stem van my smeking gehoor, toe ek U aangeroep het.

Julle moet die Here liefhê, al sy heiliges, want die Here soek waarheid en vergeld hulle wat uitermate trots handel.

[25] Wees dapper, en laat jul hart sterk wees, almal wat jul hoop op die Here stel.

## Psalm 31

Van Dawid, van begrip.

Salig is hulle wie se ongeregtighede vergewe is en wie se sondes bedek is;

salig is die man aan wie die Here sonde nie sal toereken nie, en in wie se mond daar nie bedrog is nie.

Omdat ek geswyg het, het my gebeente oud geword vanweë my geskreeu die hele dag lank;

want u hand was dag en nag swaar op my; ek is in ellende gedompel toe ’n doring in my gesteek is.

[5] Ek het my sonde erken en my ongeregtigheid het ek nie verberg nie; ek het gesê: Ek sal téén my my ongeregtigheid teenoor die Here bely; en U het die goddeloosheid van my hart vergewe.

Hiervoor sal elke heilige op ’n gepaste tyd tot U bid; intussen, in ’n vloed van baie waters sal hulle hom nie nader nie.

Ú is my toevlug van die verdrukking wat my beklem; o my Vreugde, verlos my van hulle wat my omsingel het.

Ek sal jou insig gee en jou onderrig op hierdie weg waarop jy sal gaan; Ek sal my oë op jou gevestig hou.

Wees nie soos ’n perd en muilesel, wat nie verstand het nie; met ’n muilband en stang moet jy die kake bedwing van dié wat nie naby jou kom nie.

[10] Baie is die kastydinge van die sondaar, maar barmhartigheid sal hom wat op die Here hoop, omring.

Wees bly in die Here en juig, o regverdiges, en roem, al die opregtes van hart.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God, ons Hoop, Here, eer aan U.

## ~ Die Vyfde Kathisma ~

### Psalm 32

Van Dawid.

O regverdiges, jubel in die Here; ’n loflied betaam die opregtes.

Bely die Here met die siter; psalmsing tot sy eer met die tiensnarige harp.

Sing tot sy eer ’n nuwe lied; psalmsing voortreflik tot sy eer met gejubel.

Want die woord van die Here is reg, en al sy werke geskied in trou;

[5] die Here het die gee van aalmoese en reg lief; die aarde is vol van die Here se barmhartigheid.

Deur die Woord van die Here is die hemele gevestig, en deur die Gees van sy mond hul hele leër,

daar Hy die waters van die see soos in ’n wynsak versamel, die dieptes in voorraadkamers plaas.

Laat die hele aarde die Here vrees, laat al die bewoners van die wêreld deur Hom geskud word;

want Hý het gespreek en hulle het tot stand gekom; Hý het gebied en hulle is geskape.

[10] Die Here verstrooi die planne van die nasies; en Hy verydel die gedagtes van die volke en verydel die planne van die heersers;

maar die raad van die Here bly vir ewig; die gedagtes van sy hart van geslag tot geslag.

Salig is die nasie wie se God die Here is, die volk wat Hy as erfdeel vir Hom uitgekies het.

Die Here het van die hemel af gekyk; Hy het al die mensekinders gesien;

uit sy klaargemaakte woning het Hy al die aardbewoners aanskou,

[15] Hy wat alleen hul harte gemaak het, Hy wat op al hul werke let.

’n Koning word nie verlos deur ’n groot leër nie, en ’n reus sal nie deur die grootheid van sy krag verlos word nie.

Onbetroubaar is die perd vir verlossing; hy sal nie deur die grootheid van sy krag verlos word nie.

Kyk, die oë van die Here is op dié wat Hom vrees, op dié wat op sy barmhartigheid hoop;

om hul siele te red van die dood en hulle te onderhou tydens hongersnood.

[20] Ons siel sal op die Here wag, want Hy is ons helper en beskermer;

want ons hart sal bly wees in Hom, en ons het op sy heilige Naam gehoop.

Mag u barmhartigheid oor ons wees, Here, soos ons ons vertroue gestel het in U.

## Psalm 33

Van Dawid, toe hy sy aangesig verander het teenoor Abimeleg, en hy hom laat gaan het, en hy weggegaan het.

Ek sal die Here altyd loof, sy lof sal altyd in my mond wees.

In die Here sal my siel geprys word; laat die sagmoediges dit hoor en bly wees.

Maak die Here saam met my groot, en laat ons saam sy Naam verhef.

[5] Ek het die Here gesoek, en Hy het my verhoor en my uit al my benoudhede gered.

Nader tot Hom en word verlig, en jul aangesigte sal beslis nie beskaam word nie.

Hierdie arme het geroep, en die Here het hom verhoor en hom uit al sy benoudhede verlos.

Die Engel van die Here sal ’n laer trek rondom dié wat Hom vrees en hy sal hulle red.

Proe en sien dat die Here goed is; salig is die man wat op Hom hoop.

[10] Vrees die Here, al sy heiliges, want dié wat Hom vrees, ly geen gebrek nie.

Rykes het arm geword en honger gely, maar dié wat die Here soek, sal geen goeie ding ontneem word nie.

Kom, kinders, luister na my; ek sal julle die vrees van die Here leer.

Wie is die man wat wil lewe, wat lief is om goeie dae te sien?

Bewaar jou tong van die bose en jou lippe dat hulle nie bedrog spreek nie.

[15] Wyk af van wat verkeerd is en doen wat goed is; soek vrede en jaag dit na.

Die oë van die Here is gerig op die regverdiges, en sy ore tot hul hulpgeroep.

Maar die aangesig van die Here is teen die kwaaddoeners, om hul gedagtenis van die aarde af uit te roei.

Die regverdiges het geroep, en die Here het hulle verhoor, en Hy het hulle uit al hul benoudhede gered.

Die Here is naby dié wat gebroke van hart is en Hy sal dié wat nederig van gees is, red.

[20] Menigvuldig is die verdrukkinge van die regverdiges, maar uit hulle almal sal die Here hulle red;

die Here bewaar al hul bene; nie een daarvan sal gebreek word nie.

Die dood van sondaars is boos; en dié wat die regverdige haat, sal hulle besondig.

Die Here sal die siele van sy dienaars verlos; en almal wat op Hom hoop, sal hulle beslis nie besondig nie.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 34

Van Dawid.

Oordeel dié wat my onreg aandoen, Here, bestry dié wat my bestry.

Neem die wapen en die skild op, en staan op om my te hulp te kom,

trek die swaard en sluit die weg teenoor hulle wat my vervolg; spreek tot my siel: Ék is jou heil.

Laat hulle wat my siel soek, beskaam word en in die skande kom; laat hulle wat onheil teen my beraam, agteruit wyk en beskaam word.

[5] Laat hulle soos stof voor die wind wees, terwyl 'n engel van die Here hulle onderdruk;

laat hul weg duister en glibberig wees, terwyl 'n engel van die Here hulle vervolg;

want sonder rede het hulle die bederf van hul strik vir my verberg; vergeefs het hulle my siel gesmaal.

Laat ’n strik wat hy nie ken nie, oor hom kom, en laat die valstrik wat hy verberg het, hom vang; ja, in die strik, hy sal daarin val.

Maar my siel sal jubel in die Here, dit sal hom in sy heil verheug.

[10] Al my beendere sal sê: Here, wie is soos U? U wat die arme red uit die hand van hulle wat sterker is as hy en die arme en behoeftige van hulle wat hom beroof.

Onregverdige getuies het teen my opgestaan; wat ek nie geweet het nie, het hulle my gevra.

Hulle het my kwaad vir goed vergeld en dorheid vir my siel.

Maar ék het, toe hulle my pla, ’n sak aangetrek en my siel deur vas verneder en my gebed sal na my boesem terugkeer.

Soos ’n naaste, soos ons broer, só het ek hom behaag; soos een wat rou en droewig van aanskyn is, so het ek my verneder.

[15] Maar teen my het hulle hulle verheug, en gésels is byeengebring, is teen my byeengebring, en ek het dit nie geweet nie; hulle is uiteengeskeur, maar nie in die hart getref nie.

Hulle het my beproef, hulle het my met hoon bespot; hulle het hul tande teen my gekners.

Here, wanneer sal U dit waarneem? Herstel my siel van hul boosaardigheid, my enigste van die leeus.

Ek sal U in ’n groot vergadering bely, onder ’n aansienlike skare sal ek U loof.

Mag hulle wat op ’n onregverdige wyse vyandig teenoor my is, nie oor my bly wees nie, hulle wat my sonder rede haat en met die oë knip.

[20] Want hulle spreek van vrede met my, maar in hul drif het hulle bedrog beraam.

En hulle het hul mond wyd oopgemaak teen my, en gesê: Goed so! Goed so! Ons oë het dit gesien.

U het dit gesien, Here, moet nie swyg nie; Here, gaan nie van my af weg nie;

ontwaak, Here, en dink aan my gerig, my God en my Here, aan my regsaak.

Oordeel my, Here, na u geregtigheid, Here my God; en mag hulle nie oor my bly wees nie.

[25] Mag hulle nie in hul harte sê: Goed so! Goed so vir ons siel! En mag hulle nie sê: Ons het hom verslind nie.

Mag hulle wat leedvermaak oor my teëspoed het, beskaam word en in die skande kom; laat hulle wat teen my grootpraat, met skaamte en skande beklee word.

Laat hulle wat 'n behae in my geregtigheid het, hulle verheug en bly wees, en laat hulle wat 'n behae in die vrede van sy dienskneg het, altyddeur sê: Laat die Here verheerlik word.

En my tong sal u geregtigheid oordink, u lof die hele dag deur.

## Psalm 35

Tot die einde; Van Dawid, die dienskneg van die Here.

Sodat hy mag sondig, praat hy wat in stryd met die wet optree, binne-in homself; daar is geen vrees van God voor sy oë nie;

want hy het homself bedrieg, om nie sy wetteloosheid te ontdek en te haat nie.

Die woorde van sy mond is wetteloosheid en bedrog; hy wou nie verstaan hoe om goed te doen nie;

[5] hy het wetteloosheid op sy bed beraam; hy het hom aan elke weg wat nie goed is nie, oorgegee; hy was nie toornig teenoor die kwade nie.

Here, u barmhartigheid is in die hemel, en u waarheid strek tot by die wolke;

u geregtigheid is soos die berge van God; u oordele is soos 'n groot afgrond; U sal mense en vee bewaar, Here.

Hoe het U u barmhartigheid vermeerder, o God; en die mensekinders sal op die beskutting van u vleuels hoop.

Hulle sal deur die vettigheid van u huis dronk wees, en U sal hulle die stortvloed van u genieting laat drink;

[10] want by U is die fontein van die lewe; in u lig sal ons die lig sien.

Laat u barmhartigheid voortduur vir dié wat U ken en u geregtigheid vir die opregtes van hart.

Laat die voet van hoogmoed nie na my kom nie, en mag die hand van die sondaar my nie laat wankel nie.

Dáár het al die werkers van ongeregtigheid geval; hulle is weggestoot en sal glad nie kan staan nie.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 36

Van Dawid.

Wees nie jaloers op kwaaddoeners nie en beny nie hulle wat onreg doen nie,

want soos gras sal hulle gou verwelk en soos groentespruite sal hulle gou afval.

Hoop op die Here en doen wat goed is en bewoon die aarde, en jy sal deur die rykdom daarvan gevoed word.

Verlustig jou in die Here, en Hy sal jou die versoeke van jou hart gee.

[5] Maak jou weg aan die Here bekend en hoop op Hom, en Hý sal dit doen;

en Hy sal jou geregtigheid voortbring soos die lig en jou oordeel soos die middag.

Onderwerp jou aan die Here en smeek Hom; wees nie jaloers op hom wat voorspoedig in sy weg is, op ’n man wat in stryd met die wet handel nie.

Laat staan die toorn en verlaat die grimmigheid; wees nie naywerig sodat jy kwaad doen nie;

want die kwaaddoeners sal uitgedelg word, maar dié wat op die Here wag, húlle sal die aarde beërwe.

[10] En nog ’n klein rukkie en die sondaar sal daar glad nie meer wees nie, en jy sal sy plek soek en dit nie vind nie;

maar die sagmoediges sal die aarde beërwe en hulle sal hulle in ’n oorvloed van vrede verlustig.

Die sondaar sal die regverdige beloer en sy tande teen hom kners;

maar die Here sal oor hom lag, want Hy sien vooruit dat sy dag sal kom.

Die sondaars het die swaard getrek; hulle het hul boog gespan, om die arme en behoeftige neer te vel, om die opregtes van hart te dood;

[15] mag hul swaard in hul harte steek en mag hul boë verbrysel word.

’n Bietjie is vir die regverdige beter as die groot rykdom van sondaars;

want die arms van sondaars sal verbrysel word, maar die Here ondersteun die regverdiges.

Die Here ken die weë van die onberispelikes, en hul erfenis sal tot in ewigheid wees;

hulle sal nie beskaamd staan in ’n slegte tyd nie en in dae van hongersnood sal hulle versadig word.

[20] Want die sondaars sal ten gronde gaan, en die vyande van die Here het, toe hulle verheerlik en verhef is, heeltemal soos rook verdwyn.

Die sondaar leen en sal nie terugbetaal nie, maar die regverdige ontferm hom en gee;

want dié wat hom seën, sal die aarde beërwe, maar dié wat hom vervloek, sal verdelg word.

’n Mens se voetstappe word deur die Here gerig, en Hy sal ’n welbehae in sy weg hê;

wanneer hy val, sal hy nie neerstort nie, want die Here ondersteun sy hand.

[25] Ek was jonk en ek het inderdaad oud geword, maar ek het nie ’n regverdige verlate gesien of dat sy nageslag om brood vra nie;

die hele dag ontferm die regverdige hom en leen uit, en sy nageslag sal tot ’n seën wees.

Wyk af van die kwaad en doen wat goed is en woon tot in ewigheid der ewigheid;

want die Here het die reg lief en sal nie sy heiliges verlaat nie; hulle sal tot in ewigheid bewaar word, maar die wetteloses sal weggejaag word en die nageslag van die goddeloses sal verdelg word.

Maar die regverdiges sal die aarde beërwe, en hulle sal tot in ewigheid der ewigheid daarop woon.

[30] Die mond van die regverdige sal wysheid bepeins, en sy tong sal van oordeel spreek.

Die wet van sy God is in sy hart, en wanneer hy stap, sal hy nie gepootjie word nie.

Die sondaar hou die regverdige dop en poog om hom dood te maak,

maar die Here sal hom nie aan sy hande uitlewer nie, en hom nie veroordeel, wanneer daar ’n aanklag teen hom gebring word nie.

Wag op die Here en hou sy weg, en Hy sal jou verhoog om die aarde te beërwe; wanneer sondaars verdelg word, sal jy dit sien.

[35] Ek het gesien hoe die goddelose hom hoog verhef en verhoog soos die seders van Líbanon;

en ek het verbygegaan, en kyk, hy was nie daar nie, en ek het hom gesoek, maar sy plek was nie te vinde nie.

Behou onskuld en aanskou opregtheid, want daar is ’n nalatenskap vir die man van vrede;

maar die wetsoortreders sal saam verdelg word, die nalatenskappe van goddeloses sal verdelg word.

Maar die heil van die regverdiges is van die Here, en Hy is hul beskermer in ’n tyd van verdrukking,

[40] en die Here sal hulle help en hulle bevry en hulle verlos van sondaars en hulle red, want hulle het op Hom gehoop.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God, ons Hoop, Here, eer aan U.

## ~ Die Sesde Kathisma ~

### Psalm 37

’n Psalm van Dawid, ter herinnering aan die Sabbat.

Here, straf my nie in u toorn nie, en kasty my nie in u grimmigheid nie.

Want u pyle het in my ingedring, en u hand het swaar op my gerus;

daar is geen genesing in my vlees vanweë u grimmigheid nie, daar is geen vrede in my gebeente nie vanweë my sonde.

[5] Want my ongeregtighede het oor my hoof gegaan; soos ’n swaar las het hulle my neergedruk.

My wonde het gestink, en swere gevorm vanweë my dwaasheid;

ek het in ellende verkeer en was heeltemal krom; die hele dag het ek in rou gegaan.

Want my lendene is gevul met bespottinge, en daar is geen genesing in my vlees nie;

ek is mishandel en erg verneder, ek het geweekla vanweë die gesug van my hart.

[10] Here, voor U is heel my begeerte, en my gesug is nie vir U verborge nie.

My hart is verwar, my krag het my verlaat, en die lig van my oë, ook dit is nie by my nie.

My vriende en bure het nadergekom en teenoor my gestaan, en my naasbestaandes het ver van my gestaan;

en dié wat my lewe soek, het geweld gebruik, en hulle wat my ongeluk soek, het ydelhede gepraat en die hele dag listige planne bedink.

Maar ék, soos ’n dowe het ek niks gehoor nie en soos ’n stomme wat sy mond nie oopmaak nie;

[15] en ek het geword soos ’n man wat nie hoor nie en wat geen teregwysing in sy mond het nie.

Want op U, Here, het ek gehoop; U sal verhoor, Here my God.

Want ek het gesê: Laat my vyande nooit oor my leedvermaak hê nie; toe my voete gewankel het, het hulle grootgepraat teenoor my.

Want ek is gereed vir slae, en my smart is altyddeur voor my.

Want ek sal my ongeregtigheid bely en my bekommer oor my sonde.

[20] Maar my vyande lewe en hulle het te sterk geword vir my, en hulle wat my op onregverdige wyse haat, het vermenigvuldig;

en dié wat kwaad vir goed vergeld, het my belaster, omdat ek die goeie nagejaag het.

Verlaat my nie, Here; my God, gaan nie van my af weg nie;

maak gou om my te help, Here van my verlossing.

## Psalm 38

Tot die einde; ’n Lied van Dawid, vir Idithoen.

Ek het gesê: Ek sal my weë bewaar, sodat ek nie sondig met my tong nie; ek het ’n wag voor my mond gestel toe die sondaar teenoor my gestaan het.

Ek het stom geword en is verneder en het van die goeie geswyg, en my smart is hernuwe.

My hart het warm geword in my binneste, en in my bepeinsing sal ’n vuur ontvlam. Ek het met my tong gespreek:

[5] Here, maak my einde aan my bekend en die maat van my dae, wat dit is, sodat ek kan weet wat ek kortkom.

Kyk, U het my dae handbreedtes lank gemaak, en my wese is soos niks voor U nie; waarlik, alles is nietigheid, elke lewende mens.

Waarlik, die mens gaan in ’n skadubeeld verby, waarlik, tevergeefs is hy verontrus; hy vergaar, maar hy weet nie vir wie hy dit sal bymekaar maak nie.

En nou, wat is my verwagting? Is dit nie die Here nie? Selfs my vertroue kom van U.

Bevry my van al my ongeregtighede; U het my as smaad vir die dwaas gegee.

[10] Ek het stom geword en my mond nie oopgemaak nie, want U het dit gedoen.

Neem u kastydinge van my weg; want vanweë die krag van u hand het ek vergaan.

U het die mens met teregwysings oor ongeregtigheid getugtig en sy siel soos ’n spinnerak laat verdwyn; waarlik, tevergeefs word elke mens verontrus.

Verhoor my gebed, Here, en my smeking; luister na my trane; wees nie stilswygend nie, want ek is ’n bywoner by U en ’n vreemdeling soos al my vaders.

Vergewe my, sodat ek verkwik kan word, voordat ek heengaan en daar nie meer is nie.

## Psalm 39

Tot die einde; ‘n Psalm van Dawid.

Ek het geduldig op die Here gewag, en Hy het aan my gedink en my gebed verhoor

en Hy het my uit ’n kuil van ellende en uit modderige slyk opgetrek en Hy het my voete op ’n rots geplaas en my voetstappe gerig

en Hy het ’n nuwe lied in my mond geplaas, ’n lofsang vir ons God; baie sal dit sien en vrees en op die Here hoop.

[5] Salig is die man wie se hoop die Naam van die Here is, en wat nie na ydelhede en vals geesdrif gekyk het nie.

U het u wonders baie gemaak, Here my God, en wat u gedagtes betref, niks sal met U vergelyk word nie. Ek het dit verkondig en vertel; hulle het sonder tal vermenigvuldig.

Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir my ’n liggaam berei; brandoffers en sondoffers het U nie verlang nie.

Toe het ek gesê: Kyk, ek kom - in ’n boekrol is daar oor my geskryf;

om u wil te doen, my God, het ek begeer, asook u wet in my binneste.

[10] Ek het die blye boodskap van geregtigheid in ’n groot vergadering verkondig; kyk, ek sal nie my lippe teëhou nie; Here, U weet dit.

Ek het u geregtigheid nie in my hart verberg nie; van u waarheid en u heil het ek gespreek; u barmhartigheid en u waarheid het ek nie vir ’n groot vergadering verberg nie.

Maar Ú, Here, neem tog nie u ontferminge van my weg nie; mag u barmhartigheid en u waarheid my altyddeur help.

Want onheile sonder tal het my omring; my ongeregtighede het my ingehaal, en ek kon nie sien nie; hulle het vermenigvuldig, meer as die hare van my hoof, en my hart het my versaak.

Laat dit U behaag, Here, om my te red; Here, dink daaraan om my te help.

[15] Mag hulle wat my siel soek om dit te vernietig, saam beskaamd staan en in die skande kom; mag hulle agteruit wyk en mag hulle wat onheil vir my begeer, beskaamd staan;

laat hulle wat vir my sê: Goed so! Goed so! terstond hul skande verwerf.

Laat almal wat U soek, in U vrolik en bly wees, Here, en laat dié wat u heil liefhet, altyddeur sê: Laat die Here verheerlik word.

Maar ék is arm en behoeftig; die Here sal vir my sorg. Ú is my helper en my beskermer; my God, talm tog nie.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 40

Tot die einde; 'n Psalm van Dawid.

Salig is die man wat ag gee op die arme en behoeftige; op 'n bose dag sal die Here hom red.

Mag die Here hom bewaar en hom laat lewe en hom salig maak in die land en mag Hy hom nie aan die hande van sy vyande oorgee nie.

Mag die Here hom help op sy bed van smart; in sy siekte het U sy hele bed verander.

[5] Ek het gesê: Here, ontferm U oor my; genees my siel, want ek het teen U gesondig.

My vyande het kwaad teen my gespreek: Wanneer sal hy sterwe en sy naam vergaan?

En al het hy ingekom om my te besoek, het hy tevergeefs gepraat; sy hart het vir hom ongeregtigheid vergader; hy het uitgegaan en op dieselfde wyse gepraat.

Al my vyande het teen my gefluister; hulle het onheil teen my beraam;

'n gruwelike woord het hulle op my gelê: Hy wat slaap, sal tog nie weer opstaan nie?

[10] Selfs die man van my vrede, op wie ek gehoop het, wat my brood geëet het, het die hakskeen teen my opgelig.

Maar Ú, Here, ontferm U oor my en rig my op, en ek sal hulle vergeld.

Hierin weet ek dat U 'n behae in my het: omdat my vyand nie oor my leedvermaak sal hê nie.

Maar U het my vanweë my onskuld gehelp, en my vir ewig voor U bevestig.

Lofwaardig is die Here, die God van Israel, van ewigheid tot in ewigheid. Mag dit so wees, mag dit so wees.

## Psalm 41

Tot die einde; van die Seuns van Korag, vir begrip.

Soos die hert smag na waterbronne, so smag my siel na U, o God.

My siel het gedors na die magtige, lewende God; wanneer sal ek kom en voor die aangesig van God verskyn?

My trane het dag en nag my brood geword, terwyl daar daagliks vir my gesê word: Waar is jou God?

[5] Hieraan het ek gedink en my siel in my uitgestort, want ek sal gaan na die plek van 'n wonderbare tabernakel, tot by die huis van God, met 'n stem van gejubel en belydenis, die klank van 'n feesvierende.

Waarom is jy baie treurig, my siel, en waarom verontrus jy my? Hoop op God, want ek sal Hom bely; Hy is die heil van my aangesig en my God.

My siel is verontrus in my; daarom sal ek aan U dink uit die land van die Jordaan en die Hermons, vanaf 'n klein gebergte.

Die afgrond roep tot die afgrond by die geluid van u watervalle; al u bare en u golwe het oor my gegaan.

Bedags sal die Here sy barmhartigheid gebied, en snags is 'n lied tot Hom by my, 'n gebed tot die God van my lewe.

[10] Ek sal tot God spreek: U is my helper; waarom het U my vergeet? En waarom loop ek met 'n somber uiterlike, terwyl my vyand my verdruk?

Toe my bene gebreek word, het my vyande my gesmaal; terwyl hulle daagliks vir my sê: Waar is jou God?

Waarom is jy baie treurig, my siel, en waarom verontrus jy my? Hoop op God, want ek sal Hom bely; Hy is die heil van my aangesig en my God.

## Psalm 42

'n Psalm van Dawid.

Oordeel my, o God, en verdedig my regsaak teen 'n volk wat nie heilig is nie; red my van 'n onregverdige en bedrieglike man.

Want U, o God, is my sterkte; waarom het U my verstoot? En waarom gaan ek rond met 'n somber uiterlike, terwyl my vyand my verdruk?

Stuur u lig en u waarheid uit; húlle het my gelei en my na u heilige berg en u tabernakels gebring.

En ek sal ingaan na die altaar van God, na die God wat my jeug verbly; ek sal U op die siter bely, o God, my God.

[5] Waarom is jy baie treurig, my siel, en waarom verontrus jy my? Hoop op God, want ek sal Hom bely; Hy is die heil van my aangesig en my God.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 43

Tot die einde; ’n Psalm vir begrip, vir die seuns van Korag.

O God, met ons ore het ons dit gehoor, en ons vaders het ons dit vertel: ’n werk wat U in hul dae gedoen het, in die dae van ouds.

U hand het nasies verdelg, en U het húlle geplant; U het volke swak gemaak en hulle uitgewerp.

Want hulle het nie deur hul swaard die land beërwe nie, en hul arm het hulle nie gered nie, maar u regterhand en u arm en die lig van u aangesig, omdat U ’n welbehae in hulle gehad het.

[5] Uself is my Koning en my God, wat verlossinge vir Jakob gebied;

deur U sal ons ons vyande gaffel en in u Naam sal ons hulle wat teen ons opstaan, met minagting bejeën.

Want ek sal nie op my boog hoop nie, en my swaard sal my nie verlos nie;

want U het ons van ons verdrukkers verlos, en U het hulle wat ons haat, beskaamd gemaak.

In God sal ons die hele dag deur roem en in u Naam sal ons tot in ewigheid dank betuig.

[10] Maar nou het U ons verstoot en beskaam en nie onder ons leërmagte uitgetrek nie, o God.

U het ons laat terugval voor ons vyande, en hulle wat ons haat, het vir hulle buit geneem.

U het ons soos slagvee gegee en ons onder die nasies verstrooi;

U het u volk sonder ’n prys verkoop, en daar was nie wins in hul verkoopprys nie.

U het ons ’n smaad vir ons bure gemaak, ’n bespotting en hoon vir dié wat rondom ons is;

[15] U het ons ’n spreekwoord onder die nasies gemaak, ’n hoofskudding onder die volke.

My beskaming is die hele dag voor my, en die skande van my aangesig het my oordek,

vanweë die stem van die smader en lasteraar, vanweë die gesig van die vyand en vervolger.

Al hierdie dinge het oor ons gekom, maar ons het U nie vergeet nie en nie onregmatig in u verbond opgetree nie,

en ons hart het nie agteruit gewyk nie, maar U het ons weë van u pad weggekeer.

[20] Want U het ons op ’n plek van mishandeling verneder, en ’n doodskaduwee het ons oordek.

As ons die Naam van ons God vergeet het en as ons ons hande na ’n vreemde god gestrek het,

sal God dit nie naspeur nie? Want Hy ken die geheime van die hart.

Want om U ontwil word ons die hele dag lank gedood; ons is as slagskape gereken.

Ontwaak! Waarom slaap U, Here? Staan op en verstoot ons nie tot die einde nie.

[25] Waarom wend U u aangesig af? Vergeet U ons armoede en ons verdrukking?

Want ons siel is tot die stof verneder; ons buik is aan die aarde verkleef.

Staan op, Here, help ons en verlos ons om u Naam ontwil.

## Psalm 44

Tot die einde; aangaande wat afgewissel word; vir die seuns van Korag, vir begrip; ’n lied oor die Geliefde.

My hart het ’n goeie woord geuiter; ek maak my dade aan die koning bekend; my tong is die pen van ’n snelskrywende skrywer.

U is aanvallig met skoonheid, meer as die mensekinders; genade is uitgestort op u lippe; daarom het God U geseën vir ewig.

Gord u swaard aan u heup, o Magtige, in u aanvalligheid en u skoonheid,

[5] en buig u boog en wees voorspoedig en regeer as koning ter wille van waarheid en sagmoedigheid en geregtigheid, en u regterhand sal U wonderbaarlik lei.

U pyle is skerp, o Magtige, - volke sal onder U val - in die hart van die koning se vyande.

U troon, o God, is tot in ewigheid der ewigheid; die septer van u koninkryk is 'n septer van regverdigheid.

U het geregtigheid liefgehad en wetteloosheid gehaat; daarom het God, u God, U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle.

Mirre en balsem en kassie kom van u klere af, van ivoorpaleise, waarmee hulle U verbly het.

[10] Die dogters van konings is ter ere van U aanwesig; die koningin het aan u regterhand gestaan, omhul in 'n veelkleurige gewaad met goud deurweef.

Hoor, o dogter, en kyk, en neig u oor en vergeet u volk en die huis van u vader;

en die Koning sal u skoonheid begeer, want Hý is u Here,

en u sal Hom aanbid. Ook 'n dogter van Tirus met gawes; die rykes van die volk sal smeekgebede voor u aangesig doen.

Louter heerlikheid behoort aan die dogter van die Koning daarbinne, omhul in 'n veelkleurige gewaad met goue fraiings.

[15] Agter haar sal maagde na die Koning gebring word; haar vriendinne sal na U gebring word;

hulle sal met vreugde en blydskap gebring word; hulle sal in die Koning se tempel gelei word.

In plaas van u vaders is u seuns gebore; U sal hulle as vorste oor die hele aarde aanstel.

Ek sal u Naam gedenk van geslag tot geslag; daarom sal volke U bely tot in ewigheid, en tot in ewigheid der ewigheid.

## Psalm 45

Tot die einde; ’n Psalm vir die seuns van Korag, oor die verborgene.

Ons God is ’n toevlug en sterkte, ’n hulp in die benoudhede wat swaar oor ons gekom het.

Daarom sal ons nie vrees nie, wanneer die aarde geskud en die berge na die dieptes van die seë oorgebring word.

Hul waters het gedruis en is geskud; die berge is deur sy mag geskud.

[5] Die strome van die rivier maak die Godstad bly; die Allerhoogste het sy tabernakel geheilig.

God is in haar midde en sy sal nie wankel nie; God sal haar vroeg in die oggend help.

Nasies is geskud, koninkryke het gekantel; Hy het sy stem laat hoor, die aarde het gewankel.

Die Here van die leërskare is met ons, die God van Jakob is ons helper.

Kom en aanskou die dade van God, die wonders wat Hy op die aarde verrig het.

[10] Terwyl Hy oorloë tot aan die eindes van die aarde laat ophou, sal Hy die boog verbrysel en die wapen breek en skilde met vuur verbrand.

Wees stil en weet dat Ek God is; Ek sal verhef word onder die nasies, Ek sal verhef word op die aarde.

Die Here van die leërskare is met ons, die God van Jakob is ons helper.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God, ons Hoop, Here, eer aan U.

## ~ Die Sewende Kathisma ~

### Psalm 46

Tot die einde; ’n Psalm vir die seuns van Korag.

Alle volke klap met die hande; juig tot eer van God met ’n stem van gejubel!

Want die Here, die Allerhoogste, is indrukwekkend, ’n groot Koning oor die hele aarde.

Hy het volke aan ons onderwerp en nasies onder ons voete.

[5] Hy het sy erfdeel vir ons uitgekies, Jakob se skoonheid, wat Hy liefgehad het.

God het met gejuig opgevaar, die Here met basuingeklank.

Psalmsing tot eer van ons God, psalmsing, psalmsing tot eer van ons Koning, psalmsing,

want God is Koning van die hele aarde; psalmsing met insig.

God regeer oor die nasies; God sit op sy heilige troon.

[10] Heersers van volke het met die God van Abraham vergader, want God se magtiges van die aarde is hoog verhef.

### Psalm 47

’n Psalmlied van die seuns van Korag; op die tweede dag van die week.

Groot is die Here, en baie lofwaardig in die stad van ons God, in sy heilige berg,

die goed-gevestigde vreugde van die hele aarde; die berge van Sion, die Noordekant, die stad van die groot Koning.

God word in haar torings geken, wanneer Hy haar help.

[5] Want kyk, die konings van die aarde het vergader; hulle het byeengekom;

toe hulle dit só aanskou het, het hulle hulle verwonder; hulle is verwar, hulle het gewankel;

bewing het hulle aangegryp; smarte was dáár soos van iemand wat baar.

Deur ’n heftige wind sal U die skepe van Tarsis verbrysel.

Soos wat ons gehoor het, so het ons ook gesien in die stad van die Here van die leërskare, in die stad van ons God; God het haar gegrondves tot in ewigheid.

[10] O God, ons het u barmhartigheid te midde van u volk ontvang.

Soos u Naam, o God, strek ook u lof tot aan die eindes van die aarde; u regterhand is vol geregtigheid.

Laat die berg Sion bly wees, en laat die dogters van Judea juig oor u oordele, Here.

Gaan rondom Sion en omvat haar; verhaal dit in haar vestings;

vestig jul harte op haar krag en onderskei haar torings, sodat julle dit aan die volgende geslag kan vertel.

[15] Want Hý is ons God tot in ewigheid, ja, tot in ewigheid der ewigheid; Hy sal ons tot in ewigheid behoed.

## Psalm 48

Tot die einde; ’n Psalm van die seuns van Korag.

Hoor dit, alle nasies; luister, alle bewoners van die wêreld,

aardgeborenes en mensekinders, ryk en arm saam.

My mond sal wysheid spreek en die oordenking van my hart begrip;

[5] ek sal my oor neig tot ’n spreekwoord; ek sal my vraagstuk op die snaarinstrument openbaar.

Waarom sal ek op ’n dag van onheil vrees? Die ongeregtigheid van my hakskeen sal my omring.

Dié wat op hul krag vertrou, en hulle op die oorvloed van hul rykdom beroem -

’n broer koop nie los nie; sal ’n mens loskoop? Hy sal nie aan God sy soenoffer

en die losprys vir sy siel gee nie; ook al het hy hom vir ewig ingespan

[10] en sal hy tot die einde lewe; hy sal nie bederf sien,

wanneer hy wyses sien sterwe nie. Die dwaas en onverstandige sal saam sterwe en hul rykdom aan vreemdelinge nalaat,

en hul grafte sal hul tuistes wees tot in ewigheid, hul wonings van geslag tot geslag. Hulle het hul lande na hul name vernoem.

En hoewel ’n man in aansien was, het hy nie verstaan nie; hy is vergelyk met vee wat nie dink nie, en het soos hulle geword.

Hierdie weg van hulle is vir hulle ’n struikelblok, maar daarna sal hulle met hul mond hul ingenomenheid betuig.

[15] Soos skape is hulle in die doderyk geplaas; die dood sal hul herder wees; en die opregtes sal oor hulle heers in die môre, en hul hulp sal onbruikbaar word in die doderyk; hulle is hul heerlikheid ontneem.

Maar God sal my siel verlos uit die hand van die doderyk, wanneer Hy my ontvang.

Wees nie bevrees, wanneer ’n man ryk word en wanneer die heerlikheid van sy huis toeneem nie;

want wanneer hy sterf, sal hy niks met hom saamneem nie, en sy heerlikheid sal nie saam met hom neerdaal nie.

Want sy siel sal tydens sy lewe geseën word; hy sal U bely, wanneer U aan hom goed doen.

[20] Hy sal tot sover as die geslag van sy vaders gaan; tot in ewigheid sal hy die lig nie sien nie.

En hoewel ’n man in aansien was, het hy nie verstaan nie; hy is met redelose vee vergelyk en het soos hulle geword.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 49

### ’n Psalm van Asaf.

Die God van die gode, die Here, het gespreek en die aarde geroep van die opgang van die son tot sy ondergang toe.

Uit Sion is die verhewenheid van sy skoonheid;

God, ons God, sal openlik verskyn, en Hy sal nie in swye verbygaan nie; vuur sal voor Hom brand, en rondom Hom sal daar ’n groot storm wees.

Hy sal die hemel daarbo en die aarde oproep om sy volk te oordeel;

[5] versamel vir Hom sy heiliges, wat sy verbond by offers gesluit het,

en die hemele sal sy geregtigheid verkondig, want God is die regter.

Hoor, my volk, en Ek sal tot jou spreek, Israel, en Ek sal teenoor jou getuig: Ék is God, jou God.

Oor jou offers sal Ek jou nie bestraf nie, en jou brandoffers is altyddeur voor My.

Ek sal nie bulkalwers uit jou huis aanvaar nie en ook nie bokramme uit jou kuddes nie.

[10] Want al die wilde diere van die ruigte is myne, die vee op die berge en die beeste;

Ek ken al die voëls van die hemel, en die skoonheid van die veld is met My.

As ek honger het, sal Ek jou dit beslis nie sê nie; want die wêreld is myne en die volheid daarvan.

Sal Ek tog die vleis van stiere eet of die bloed van bokke drink?

Offer aan God ’n offer van lof en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste;

[15] en roep My aan in die dag van jou benoudheid, en Ek sal jou bevry, en jy sal My verheerlik.

Maar vir die sondaar het God gesê: Waarom verkondig jy my voorskrifte en haal jy my verbond aan deur jou mond?

Maar jý het tugtiging gehaat en my woorde agter jou gewerp.

As jy ’n dief sien, het jy saam met hom geloop, en by die egbreker het jy jou lot gewerp.

Jou mond het boosheid laat toeneem, en jou tong het bedrog gevleg;

[20] jy het teen jou broer sit en praat en ’n hindernis vir die seun van jou moeder gestel.

Hierdie dinge het jy gedoen, en Ek het geswyg; jy het ten onregte aangeneem dat Ek soos jy sal wees; Ek sal jou weerlê, en jou sondes voor jou stel.

Verstaan dit tog, julle wat God vergeet, sodat Hy julle nie wegruk en daar niemand is wat red nie.

’n Offer van lof sal My verheerlik, en daar is die weg, waardeur Ek hom my heil sal toon.

## Psalm 50

Tot die einde; ’n Psalm van Dawid, toe die profeet Nathan na hom gegaan het, nadat hy by Batseba ingegaan het.

Ontferm U oor my, o God, volgens u groot barmhartigheid en wis volgens die oorvloed van u medelye my oortreding uit;

was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde.

[5] Want ek ken my ongeregtigheid, en my sonde is altyd voor my.

Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat boos is in u oë, sodat U geregverdig mag word deur u woorde, en U mag oorwin wanneer U geoordeel word.

Want kyk, in ongeregtighede is ek ontvang, en in sondes het my moeder my gebaar.

Want kyk, U het waarheid liefgehad, die geheime en verborgene van u wysheid het U aan my bekend gemaak.

U sal my besprinkel met hisop, en ek sal gereinig word; U sal my was, en ek sal witter word as sneeu.

[10] U sal my vreugde en blydskap laat hoor; die vernederde gebeentes sal jubel.

Wend u aangesig van my sondes af en wis al my ongeregtighede uit.

Skep in my ’n rein hart, o God, en gee opnuut ’n opregte gees in my binneste.

Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie.

Gee my weer die vreugde van u heil en versterk my deur u bestierende Gees.

[15] Ek sal wetteloses u weë leer, en die goddeloses sal hulle tot U wend.

Red my van bloedskuld, o God, God van my heil; my tong sal jubel oor u geregtigheid.

Here, U sal my lippe open, en my mond sal u lof verkondig.

Want as U ’n offer verlang het, sou ek dit gegee het; in brandoffers sal U geen behae hê nie.

’n Offer aan God is ’n verbryselde gees; ’n verbryselde en vernederde hart sal God nie verag nie.

[20] Doen goed, Here, aan Sion in u welbehae, en laat die mure van Jerusalem gebou word;

dan sal U ’n welbehae hê in ’n offer van geregtigheid, in offergawe en brandoffers; dan sal hulle stiere offer op u altaar.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 51

Tot die einde; van Dawid, van begrip, toe Doëg die Edomiet na Saul gekom het en vir hom berig gebring het, en vir hom gesê het: Dawid het na Abimeleg gegaan.

Waarom beroem jy jou in boosheid, o magtige, die hele dag lank op ongeregtigheid?

Jou tong het onreg beraam; soos ’n geslypte skeermes het jy bedrog gepleeg.

[5] Jy het boosheid meer as goedheid liefgehad, onreg meer as om geregtigheid te spreek.

Jy het alle woorde van ondergang liefgehad, ’n bedrieglike tong.

Mag God jou daarom heeltemal vernietig; mag Hy jou uittrek en jou uit jou woning laat padgee en ook jou geslag uit die land van die lewendes.

Die regverdiges sal dit sien en vrees en hulle sal oor hom lag en sê:

Kyk, ’n man wat nie God sy helper gemaak het nie, maar wat sy hoop op die oorvloed van sy rykdom gevestig het en in sy nietigheid sterk geword het.

[10] Maar ék is soos ’n vrugbare olyfboom in die huis van God; ek het op die barmhartigheid van God gehoop, tot in ewigheid, ja, tot in ewigheid der ewigheid.

Ek sal U tot in ewigheid bely, want U het dit gedoen, en ek sal op u Naam wag, want dit is goed in die teenwoordigheid van u heiliges.

## Psalm 52

Tot die einde; op “Maeleth”, van Dawid, van begrip.

Die dwaas het in sy hart gesê: Daar is geen God nie; hulle het verdorwe en afskuwelik geraak in hul ongeregtighede; daar is niemand wat goed doen nie.

God het uit die hemel oor die mensekinders heen gekyk, om te sien of daar iemand is wat verstaan of na God soek.

Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard; daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie.

[5] Sal almal wat ongeregtigheid doen, dan nie verstaan nie? Hulle wat my volk verslind asof hulle brood eet, het die Here nie aangeroep nie.

Daar is hulle deur skrik op die vlug gejaag, waar daar geen skrik was nie, want God het die beendere van dié wat mense behaag, verstrooi; hulle is beskaam, want God het hulle verag.

Wie sal die verlossing van Israel uit Sion gee? Wanneer God die gevangenskap van sy volk omkeer, sal Jakob juig en Israel bly wees.

## Psalm 53

Tot die einde; onder die liedere van begrip van Dawid, toe die Sifiete gekom en vir Saul gesê het: Kyk, is Dawid dan nie by ons versteek nie?

O God, verlos my deur u Naam en doen aan my reg deur u mag.

O God, hoor my gebed, luister na die woorde van my mond.

[5] Want vreemdelinge het teen my opgestaan en magtiges het my siel gesoek en hulle het God nie voor hulle gestel nie.

Want kyk, God help my, en die Here is die helper van my siel.

Hy sal die kwade laat terugkeer na my vyande; vernietig hulle in u waaragtigheid.

Vrywillig sal ek aan U offer; ek sal u Naam bely, Here, want dié is goed;

want uit alle benoudheid het U my gered, en my oog het op my vyande neergesien.

## Psalm 54

Tot die einde; onder die liedere van begrip van Dawid.

Hoor my gebed, o God, en veronagsaam nie my smeking nie,

luister na my en verhoor my; ek is bedroef in my bepeinsing en is verward

weens die stem van die vyand en weens die verdrukking van die sondaar, want hulle het onreg op my gerig en was met woede toornig teenoor my.

[5] My hart is verward in my, en die vrees vir die dood het my toegeval;

vrees en bewing het oor my gekom, en duisternis het my bedek.

En ek het gesê: Wie sal my vlerke gee soos van ’n duif en ek sal wegvlieg en rus vind?

Kyk, ek het ver gevlug en in die woestyn oornag.

Ek het gewag op God wat my red, van kleinmoedigheid en die storm.

[10] Verdelg en verdeel hul tonge, Here, want ek het wetteloosheid en redetwis in die stad gesien.

Dag en nag sal dit dit omsingel op sy mure, en wetteloosheid en moeite is daarbinne,

asook onreg, en woekerwins en bedrog het nie van sy strate gewyk nie.

Want as die vyand my gesmaad het, sou ek dit verduur het, en as hy wat my haat, teenoor my groot gepraat het, sou ek my van hom verberg het.

Maar dit was jý, ’n man met dieselfde gesindheid, my voorganger en my kennis,

[15] wat deur ons samesyn die ete vir my soet gemaak het; in die huis van God het ons in eensgesindheid gewandel.

Laat die dood dus oor hulle kom en laat hulle lewendig in die doderyk neerdaal, want boosheid is in hul wonings, in hul midde.

Ék het God aangeroep, en die Here het my verhoor.

Saans en smôrens en smiddae sal ek verklaar en vertel, en Hy sal my stem hoor.

Hy sal my siel in vrede verlos van hulle wat tot my nader, want in menigtes was hulle by my.

[20] God sal hoor en Hy wat voor alle ewigheid is, sal hulle verneder. Want vir hulle is daar geen losprys nie, omdat hulle God nie gevrees het nie.

Hy het sy hand uitgesteek toe Hy hulle vergeld het; hulle het sy verbond ontheilig.

Hulle was verdeeld vanweë die toorn van sy aangesig, en hul hart het nadergekom; sy woorde was sagter as olie, maar hulle is pyle.

Werp jou sorg op die Here, en Hý sal jou onderhou; Hy sal die regverdige in der ewigheid nie laat wankel nie.

Maar Ú, o God, sal hulle wegvoer na ’n put van verderf; manne van bloed en bedrog sal hul dae nie tot op die helfte bring nie; maar ék sal op U vertrou, Here.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God, ons Hoop, o Here, eer aan U.

## ~ Die Agste Kathisma ~

### Psalm 55

Tot die einde; 'n suil-inskripsie van Dawid aangaande die volk wat van die heiligdom verwyder is, toe die vreemdelinge hom in Gat gevang het.

Ontferm U oor my, o God, want 'n man het my vertrap; die hele dag het hy die stryd gevoer en my verdruk.

My vyande het my die hele dag vertrap, want daar is baie wat my uit die hoogte beveg.

Bedags sal ek nie vrees nie, en ék sal op U hoop.

[5] Op God - ek sal my woorde aanprys - op God het ek gehoop; ek sal nie vrees vir wat vlees my sal aandoen nie.

Die hele dag het hulle my woorde verfoei; al hul gedagtes was teen my, met die oog op onheil.

Hulle sal naby woon en hulself verberg; hulle sal my hakskeen dophou, soos wat hulle op my siel gewag het.

U sal hulle onder geen omstandighede red nie; in toorn sal U volke neervel.

O God, ek het my lewe aan U bekend gemaak; U het my trane voor U geplaas, soos ook in u belofte.

[10] My vyande sal terugval, op welke dag ek U ook al aanroep; kyk, ek weet dat Ú my God is.

Op God - ek sal my uitspraak prys; op die Here - ek sal my woord prys.

Op God het ek gehoop; ek sal nie vrees vir wat 'n mens my sal aandoen nie.

In my, o God, is geloftes van u lof wat ek sal betaal,

want U het my siel van die dood gered en my voete van 'n val; ek sal in die lig van die lewendes welbehaaglik voor die Here wees.

### Psalm 56

Tot die einde; "Moenie verwoes nie." Van Dawid vir 'n suil-inskripsie, toe hy van die aangesig van Saul na 'n grot gevlug het.

Ontferm U oor my, o God, ontferm U oor my, want op U vertrou my siel en in die skadu van u vleuels sal ek hoop, totdat die ongeregtigheid verbygaan.

Ek sal God, die Allerhoogste, aanroep, die God wat my weldoener was.

Hy het uit die hemel gestuur en my gered; Hy het hulle wat my vertrap, aan smaad oorgegee. God het sy barmhartigheid uitgestuur en sy waarheid,

[5] en Hy het my siel uit die midde van die jong leeus gered. Verontrus het ek geslaap; mensekinders, hul tande is wapens en pyle, en hul tong 'n skerp dolk.

Verhef U bo die hemele, o God, en u heerlikheid bo die hele aarde.

Hulle het 'n valstrik vir my voete berei en my siel neergebuig; hulle het 'n kuil voor my aangesig gegrawe en daarin geval.

Gereed is my hart, o God, gereed is my hart; ek sal sing en psalmsing in my lof.

Ontwaak, my lof; ontwaak, harp en siter; ek sal in die môre ontwaak.

[10] Ek sal U onder die volke bely, Here; ek sal tot eer van U sing onder die nasies,

want u barmhartigheid is groot gemaak tot aan die hemele en u waarheid tot aan die wolke.

Verhef U bo die hemele, o God, en u heerlikheid bo die hele aarde.

## Psalm 57

Tot die einde. "Moenie verwoes nie." Van Dawid vir 'n suil-inskripsie.

Spreek julle dan waarlik geregtigheid? Oordeel julle regverdig, mensekinders?

Want inderdaad in jul hart bewerk julle ongeregtigheid op die aarde; julle hande vleg onreg.

Sondaars het vanaf die moederskoot vervreemd geraak; hulle het van die skoot af afgedwaal; hulle het leuens gepraat.

[5] Hul toorn is soos dié van die slang, soos van 'n dowe adder wat sy ore toestop,

wat nie sal luister na die stem van dié wat betowerend sing nie, of na die towerspreuk wat deur 'n bedrewene bedien word nie.

God sal hul tande in hul mond verbrysel; die Here het die maaltande van die leeus vermorsel;

hulle sal geminag word soos water wat afloop; Hy sal sy boog span totdat hulle kragteloos raak.

Soos was wat gesmelt is, sal hulle uitgewis word; vuur het op hulle geval, en hulle het die son nie gesien nie.

[10] Voordat hul dorings van die doringstruik bewus word, sal Hy hulle soos lewendes, asof in toorn, verslind.

Die regverdige sal bly wees, wanneer hy bestraffing sien; hy sal sy hande in die bloed van die sondaar was.

En ’n mens sal sê: Daar is dan vrug vir die regverdige; daar is dan ’n God wat hulle op die aarde oordeel.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 58

Tot die einde; “Moenie verwoes nie.” Van Dawid vir ’n suil-inskripsie, toe Saul mense gestuur en sy huis dopgehou het om hom dood te maak.

Bevry my van my vyande, o God, en verlos my van hulle wat teen my opstaan;

red my van hulle wat ongeregtigheid bewerk, en bewaar my van manne van bloed.

Want kyk, hulle het op my siel jag gemaak; sterkes het my aangeval; dit is nie my ongeregtigheid en nie my sonde nie, Here.

[5] Sonder ongeregtigheid het ek geloop en my weg gerig; ontwaak om my te ontmoet en kyk!

En Ú, Here, God van die leërskare, God van Israel, rig U daarop om al die nasies te besoek; betoon nie medelye teenoor almal wat ongeregtigheid bewerk nie.

Hulle sal teen die aand terugkeer en honger wees soos ’n hond en in die stad rondgaan.

Kyk, hulle sal met hul mond spreek, en ’n dolk is op hul lippe, want: Wie het dit gehoor?

Maar U sal hulle uitlag, Here; U sal al die nasies minag.

[10] My sterkte, vir U sal ek wag hou, want Ú, o God, is my helper.

My God - sy barmhartigheid sal my voorafgaan; my God sal dit aan my toon onder my vyande.

Maak hulle nie dood, sodat hulle u wet nie vergeet nie; verstrooi hulle deur u krag en vel hulle neer, Here, my helper.

Die sonde van hul mond, die woord van hul lippe, ja, laat hulle in hul hoogmoed gevang word; en vanweë vloek en leuen sal hulle in die voleinding bekend gemaak word,

in die toorn van die voleinding, en hulle sal glad nie bestaan nie; en hulle sal weet dat God oor Jakob heers, oor die eindes van die aarde.

[15] Hulle sal teen die aand terugkeer en honger wees soos ’n hond en in die stad rondgaan.

Hulle sal verstrooi word om te kan eet; maar as hulle nie versadig word nie, sal hulle ook murmureer.

Maar ék sal u mag besing en in die môre oor u barmhartigheid jubel, want U het my helper geword en my toevlug in die dag van my benoudheid.

U is my helper, ek sal tot eer van U sing, want Ú, o God, is my helper, Ú, my God, is my barmhartigheid.

## Psalm 59

Tot die einde; vir wat steeds afgewissel word; van Dawid, vir ’n suil-inskripsie, vir lering. Toe hy Mesopotamië van Sirië en Siriese Soba verbrand het, en Joab teruggekeer en twaalfduisend in die Soutvallei verslaan het.

O God, U het ons verstoot en ons tot ’n val gebring; U was toornig, maar het U oor ons ontferm.

U het die aarde laat bewe en dit geskud; genees die breuke daarvan, want dit het gewankel.

[5] U het u volk harde dinge getoon; U het ons die wyn van wroeging laat drink.

U het aan dié wat U vrees, ’n teken gegee, om voor die boog uit te vlug.

Sodat u bemindes gered mag word, red deur u regterhand en verhoor my.

God het gespreek in sy heiligdom: Ek sal jubel en sal Sigem verdeel en die dal van tabernakels toemeet.

Gilead is myne en Manasse is myne en Efraim is die sterkte van my hoof, Juda is my koning;

[10] Moab is die waskom van my hoop; op Edom sal Ek my skoeisel neersit; vreemde stamme is aan My onderwerp.

Wie sal my wegbring na ’n versterkte stad? Of wie sal my lei tot in Edom?

Sal Ú nie, o God, wat ons verstoot het nie? En sal U, o God, nie saam met ons leërmagte uittrek nie?

Verleen ons hulp uit benoudheid, want vergeefs is die redding van ’n mens.

In God sal ons kragtige dade doen, en Hy sal hulle wat ons verdruk, verag.

## Psalm 60

Tot die einde; onder die liedere van Dawid.

O God, hoor my smeking; luister na my gebed.

Van die eindes van die aarde het ek U aangeroep toe my hart vermoeid geraak het; U het my op ’n rots verhoog, U het my gelei,

want U het my hoop geword, ’n toring van krag teenoor die aangesig van die vyand.

[5] Ek sal tot in ewigheid in u woning vertoef; ek sal deur die beskutting van u vleuels beskut word.

Want Ú, o God, het my gebede verhoor; U het ’n erfdeel gegee aan dié wat u Naam vrees.

U sal dae tot die koning se dae toevoeg, sy jare by sy dag, van geslag tot geslag.

Hy sal tot in ewigheid voor God bly; wie sal sy barmhartigheid en waarheid naspeur?

So sal ek tot in ewigheid der ewigheid tot eer van u Naam sing, om dag ná dag my geloftes te betaal.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 61

Tot die einde; vir Idithoen; ’n Psalm van Dawid.

Sal my siel nie aan God onderworpe wees nie? Want van Hom is my heil;

voorwaar, Hý is my God en my Heiland, my helper; ek sal beslis nie meer wankel nie.

Hoe lank val julle ’n mens aan? Julle maak dood, julle almal, soos deur ’n muur wat oorleun en ’n omgestote skeidsmuur.

[5] Maar hulle het besluit om my eer te verdryf; met dorstigheid het hulle hulle gehaas; met hul mond seën hulle, maar met hul hart het hulle vervloek.

Maar onderwerp jou aan God, my siel, want van Hom is my verwagting.

Omdat Hý my God en my Heiland is, my helper, sal ek beslis nie ’n vreemdeling word nie.

By God is my heil en my eer; Hy is die God van my hulp, en my hoop is op God.

Hoop op Hom, heel die vergadering van die volk; stort jul harte voor sy aangesig uit, want God is ons helper.

[10] Maar nietig is die mensekinders, bedrieglik is die mensekinders met weegskale om onreg te pleeg, hulle is geheel en al uit nietigheid afkomstig.

Hoop nie op ongeregtigheid nie en verlang nie na buit nie; wanneer rykdom instroom, sit nie die hart daarop nie.

Een maal het God gespreek; hierdie twee dinge het ek gehoor, dat die mag aan God behoort,

en barmhartigheid aan U, Here, want Ú sal elkeen na sy werke vergeld.

## Psalm 62

’n Psalm van Dawid, toe hy in die woestyn van Idumea was.

O God, my God, vroeg in die môre kom ek na U; my siel het na U gedors; hoe dikwels het my vlees na U verlang in ’n verlate land, onbegaanbaar en sonder water.

So het ek in die heiligdom voor U verskyn, om u mag en u heerlikheid te sien.

Want u barmhartigheid is beter as die lewe; my lippe sal U prys.

[5] So sal ek U my lewe lank prys en in u Naam my hande ophef.

Mag my siel soos met vet en vettigheid versadig word, en my mond sal U prys met jubelende lippe.

Wanneer ek aan U gedink het op my bed, soggens, het ek oor U gepeins;

want U was ’n hulp vir my, en in die skaduwee van u vleuels sal ek jubel.

My siel is aan U verkleef, u regterhand het my gehelp.

[10] Maar hulle wat vergeefs my siel gesoek het, sal in die onderste plekke van die aarde ingaan;

hulle sal oorgelewer word aan die mag van die swaard; die deel van jakkalse sal hulle word.

Maar die koning sal bly wees in God; elkeen wat by Hom sweer, sal geprys word, want die mond van hulle wat onregmatige dinge spreek, is toegestop.

## Psalm 63

Tot die einde; ’n Psalm van Dawid.

Luister na my stem, o God, wanneer ek my smeekbede tot U rig; bevry my siel van die skrik vir die vyand.

Beskerm my teen ’n toeloop van boosdoeners, van ’n menigte wat onreg bewerk,

wat hul tonge soos ’n dolk geslyp het, hul boog gespan het - ’n bitter saak -

[5] om in die geheim na die onskuldige te skiet; skielik sal hulle na hom skiet en nie vrees nie.

Hulle het vir hulle ’n bose verhaal vasgestel; hulle het dit vertel om valstrikke te verberg; hulle het gesê: Wie sal hulle sien?

Hulle het na ongeregtigheid gevra; hulle het beswyk terwyl hulle hul navrae gedoen het; ’n mens sal nader en sy hart is diep,

en God sal verhoog word. Hul slae het die pyl van kinders geblyk te wees, en hul tonge het heeltemal kragteloos teenoor hulle geword. Almal wat hulle sien, was verontrus,

[10] en alle mense het gevrees. En hulle het die werke van God verkondig en sy dade begryp.

Die regverdige sal bly wees in die Here en op Hom hoop, en al die opregtes van hart sal geprys word.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God, ons Hoop, Here, eer aan U.

## ~ Die Negende Kathisma ~

### Psalm 64

Tot die einde; ’n Psalm van Dawid, ’n lied. Van Jeremia en Esegiël, uit die ballingskap van die volk, toe hulle op die punt gestaan het om te vertrek.

U kom toe ’n lied, o God, in Sion, en aan U sal ’n gelofte betaal word in Jerusalem.

Verhoor my gebed; tot U sal alle vlees kom.

Die woorde van wetteloses het ons oorweldig, maar U sal ons goddelose dade vergewe.

[5] Salig is hy wat U uitgekies en aangeneem het; hy sal in u voorhowe woon. Ons sal met die goeie van u huis versadig word; heilig is u tempel,

wonderbaar in geregtigheid. Verhoor ons, o God, ons Heiland, die hoop van al die eindes van die aarde en van hulle daar ver op see,

wat die berge deur sy krag berei, omgord met mag,

wat die holte van die see in beroering bring, die gedruis van sy golwe. Die nasies sal verwar word,

en die bewoners van die eindes sal deur u tekens met vrees bevange word; U sal die uitgange van die môre en die aand verheug.

[10] U het die aarde besoek en dit deurdrenk; U het dit laat gedy, om dit te verryk; die rivier van God is met waters gevul; U het hul voedsel berei, want so is die bereiding daarvan.

Deurdrenk die vore daarvan, vermeerder die vrugte daarvan; dit sal hom in sy druppels verheug, wanneer dit ontspruit.

U sal die kroon van die jaar van u goedheid seën, en u vlaktes sal met vettigheid vervul wees;

die berge van die woestyn sal verkwik word, en die heuwels sal hulle met gejubel omgord.

Die ramme van die kleinvee het hulle beklee, en die dale vermeerder koring; hulle sal uitroep; ja, hulle sal sing.

### Psalm 65

Tot die einde; ’n Lied van ’n Psalm, van Opstanding.

Juig tot die Here, o ganse aarde;

psalmsing tot eer van sy Naam. Gee eer aan sy lof.

Sê vir God: Hoe ontsagwekkend is u werke; deur die grootheid van u mag sal u vyande bedrieglik teenoor U wees.

Laat die ganse aarde U aanbid en psalmsing tot u eer, laat dit psalmsing tot eer van u Naam, o Allerhoogste.

[5] Kom en aanskou die dade van God; Hy is ontsagwekkend in sy raadsbesluite, meer as mensekinders,

Hy wat die see in droë land verander; hulle sal te voet deur 'n rivier gaan. Dáár sal ons bly wees in Hom,

wat vir ewig deur sy mag heers. Sy oë sien om na die nasies; laat die wederstrewiges nie deur hulself verhef word nie.

Loof ons God, o nasies, en laat die stem van sy lof gehoor word,

van Hom wat my siel in die lewe gestel het en nie my voete aan wankeling oorgegee het nie.

[10] Want U het ons getoets, o God; U het ons deur vuur gelouter, soos silwer deur vuur gelouter word;

U het ons in die valstrik gebring; U het verdrukkinge op ons rug gelê.

U het mense op ons hoofde laat spring; ons het deur die vuur en die water gegaan, maar U het ons na verkwikking uitgelei.

Ek sal met brandoffers in u huis ingaan; ek sal U my geloftes betaal,

wat my lippe geuit en my mond in my benoudheid gespreek het;

[15] brandoffers wat vol murg is, sal ek aan U opdra met wierook en ramme; ek sal beeste en bokke aan U opdra.

Kom luister, en ek sal vertel, julle almal wat God vrees, wat Hy vir my siel gedoen het.

Ek het Hom met my mond aangeroep en Hom verhef met my tong.

As ek onreg in my hart oordink het, laat die Here my nie verhoor nie.

Daarom het God my verhoor, het Hy na die stem van my gebed geluister.

[20] Lofwaardig is God, wat nie my gebed afgewys en sy barmhartigheid aan my onttrek het nie.

## Psalm 66

Tot die einde; onder gesange; ’n Psalm van ’n lied, van Dawid.

Mag God Hom oor ons ontferm en ons seën, mag Hy sy aangesig oor ons laat skyn en ons barmhartig wees.

Sodat ons op aarde u weg mag ken, onder al die nasies u heil.

Laat die volke U bely, o God, laat al die volke U bely.

[5] Laat die nasies bly wees en jubel, omdat U die volke regverdig sal oordeel en die nasies op aarde sal lei.

Laat die volke U bely, o God, laat al die volke U bely.

Die aarde het sy opbrengs gelewer; mag God, ons God, ons seën.

Mag God ons seën, en laat al die eindes van die aarde Hom vrees.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 67

Tot die einde; van Dawid, ’n Psalm van ’n lied.

Laat God opstaan, en laat sy vyande verstrooi word, en laat hulle wat Hom haat, voor sy aangesig wegvlug.

Soos rook verdwyn, laat hulle so verdwyn; soos was wegsmelt voor die vuur, so sal die sondaars vergaan voor die aangesig van God.

Maar laat die regverdiges bly wees; laat hulle juig voor die aangesig van God, laat hulle hulle met blydskap verheug.

[5] Sing tot eer van God, psalmsing tot eer van sy Naam; baan ’n weg vir Hom wat op die sonsondergang geklim het - Here is sy Naam - en jubel voor Hom.

Hulle sal deur sy aangesig verontrus word, Hy wat die vader van die wese is en regter van die weduwees; God is in sy heilige plek.

God laat eensames woon in 'n huis, terwyl Hy geboeides met krag uitlei; so ook die wederstrewiges, hulle wat in grafte woon.

O God, toe U voor u volk uitgetrek het, toe U die woestyn deurkruis het,

het die aarde gebewe, want selfs die hemele het druppels laat val voor die aangesig van die God van Sinai, voor die aangesig van die God van Israel.

[10] U sal 'n reën wat uit eie beweging kom aan u erfdeel toewys, o God; en dit het swak geword, maar U het dit herstel.

U diere woon daarin; U het dit in u goedheid vir die arme berei, o God.

Die Here sal 'n woord gee aan dié wat die goeie tyding met groot krag bring -

die koning van die leërskare van die geliefde - om die buit vir die skoonheid van die huis te verdeel.

As julle sou rus tussen die erfporsies - 'n duif se vlerke oordek met silwer en haar rug met liggroen goud.

[15] Wanneer Hy wat in die hemel is, konings oor haar aanstel, sal hulle sneeuwit word in Salmon.

Die berg van God is 'n ryk berg, 'n berg wat gekarring is, 'n ryk berg.

Waarom dink julle, o gekarringde berge, dat dit die berg is waarin dit God behaag het om te bly? Want die Here sal tot in ewigheid daar woon.

Die strydwa van God is tienduisendvoudig, duisende van hulle wat gedy; die Here was onder hulle in Sinai, in die heiligdom.

U het in die hoogte opgegaan, U het gevangenskap gevange geneem; U het geskenke onder mense ontvang, ja, ook ongehoorsames om daar te woon.

[20] Geloof sy die Here God, geloof sy die Here dag na dag; mag die God van ons heil ons voorspoedig maak.

Ons God is die reddende God en aan die Here Here behoort die uitgange van die dood.

Maar God sal die hoofde van sy vyande verbrysel, die harige hoof van hulle wat in hul foute voortgaan.

Die Here het gesê: Ek sal hulle uit Basan laat terugkeer; Ek sal hulle deur die dieptes van die see laat terugkeer;

sodat jou voet in bloed gedoop mag word, die tong van jou honde in dié van jou vyande.

[25] U optogte is gesien, o God, die optogte van my God, die Koning wat in die heiligdom is.

Die heersers het voorgegaan, gevolg deur die spelers op snaarinstrumente, te midde van jongmeisies wat die tamboeryn slaan.

Loof God in die vergaderings, die Here uit die bronne van Israel.

Daar is Benjamin, die jongste, in vervoering; die heersers van Juda, hul aanvoerders, die heersers van Sébulon, die heersers van Náftali.

Gebied u krag, o God; versterk, o God, dit wat U in ons bewerk het.

[30] As gevolg van u tempel in Jerusalem sal konings vir U geskenke bring.

Bestraf die wilde diere wat in die riete is; die trop bulle is onder die verskalwers van die volke, sodat dié wat deur silwer beproef is, toegesluit mag word; verstrooi die volke wat oorlog wil hê.

Gesante sal uit Egipte kom; Ethiopië sal haar hand gou tot God uitstrek.

O koninkryke van die aarde, sing tot eer van God; psalmsing tot eer van die Here.

Psalmsing tot eer van God wat die hemel der hemel bestyg het, ooswaarts. Kyk, Hy sal sy stem ’n kragtige klank gee.

[35] Gee eer aan God; sy majesteit is oor Israel, en sy krag is in die wolke.

God is wonderbaar in sy heiliges, die God van Israel, Hý sal mag en sterkte aan sy volk gee. Geloof sy God.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 68

Tot die einde; vir wat afgewissel word, van Dawid.

Verlos my, o God, want die waters het tot by my siel gekom.

Ek het vasgeval in die slyk van die diepte, en daar is geen staanplek nie; ek het in die dieptes van die see gekom en die storm het my laat wegsink.

Ek het moeg geword van my geroep, my keel het hees geword; my oë het my begewe vanweë my gewag op my God.

[5] Dié wat my sonder oorsaak haat, het meer as die hare van my hoof geword; my vyande wat my onregverdig vervolg, het sterk geword; wat ek nie gevat het nie, het ek toe teruggegee.

O God, U weet van my dwaasheid, en my foute is vir U nie verborge nie.

Laat dié wat U verwag, nie deur my beskaamd staan nie, Here, Here van die leërskare, en laat dié wat U soek, nie deur my in die skande kom nie, o God van Israel.

Want om U ontwil het ek smaad verduur, het skande my aangesig bedek.

Ek het vir my broer 'n vreemdeling geword en 'n onbekende vir die seuns van my moeder,

[10] want die ywer vir u huis het my verteer, en die smaadhede van dié wat U smaad, het op my geval.

Ek het my siel met vas bedek, en dit het smaadhede vir my geword;

en ek het 'n rougewaad my kleed gemaak, en vir hulle 'n spreekwoord geword.

Dié wat in die poorte sit, praat teen my, en dié wat wyn drink, sing oor my.

Maar ék kom met my gebed na U, Here. Dit is 'n tyd van welbehae, o God, in die oorvloed van u barmhartigheid; verhoor my, in die waarheid van u heil.

[15] Red my van die modder, sodat ek nie daarin vasval nie; mag ek van hulle wat my haat, verlos word en vanuit die dieptes van die waters.

Laat die watervloed my nie verdrink en die diepte my nie insluk nie, en laat die put nie sy mond bo my toesluit nie.

Verhoor my, Here, want u barmhartigheid is goed; kyk op my neer volgens die oorvloed van u medelye.

Wend u aangesig nie af van u kneg nie; want ek is benoud; verhoor my gou.

Gee ag op my siel en verlos dit; red my om my vyande ontwil.

[20] Want U ken my smaad en my beskaming en my skande; almal wat my verdruk, is voor U.

My siel het smaad verwag en ellende, en ek het gewag op 'n medelydende, maar daar was niemand nie, en op vertroosters, maar het hulle nie gevind nie.

Hulle het my gal gegee as my spys, en vir my dors het hulle my asyn gegee.

Laat hul tafel voor hulle ’n valstrik wees en tot ’n vergelding en ’n struikelblok.

Laat hul oë duister word, sodat hulle nie sien nie, en buig hul rûe altyddeur na benede.

[25] Stort u grimmigheid oor hulle uit, en mag die toorn van u grimmigheid hulle inhaal.

Laat hul laer verlate word, en laat daar geen bewoner in hul tente wees nie;

want hulle het hom wat U geslaan het, vervolg, en tot die pyn van my wonde toegevoeg.

Voeg wetteloosheid by hul wetteloosheid, en laat hulle nie in u geregtigheid kom nie;

laat hulle uitgedelg word uit die boek van die lewe en nie saam met die regverdiges opgeskrywe word nie.

[30] Ek is arm en in pyn; mag u heil, o God, my te hulp kom.

Ek sal die Naam van my God prys met ’n lied en Hom groot maak met lof,

en dit sal die Here welgevalliger wees as ’n jong kalf wat horings en hoewe voortbring.

Laat die armes dit sien en hulle verheug; soek God en jul siel sal lewe,

want die Here het na sy behoeftiges geluister en sy geboeides nie verag nie.

[35] Laat die hemele en die aarde Hom prys, die see en alles wat daarin beweeg.

Want God sal Sion verlos, en die stede van Juda sal gebou word, en daar sal hulle woon en dit verwerf;

en die nageslag van sy diensknegte sal dit besit, en dié wat u Naam liefhet, sal daarin woon.

## Psalm 69

Tot die einde; van Dawid, ter herinnering, dat die Here my mag red.

O God, kom my te hulp; Here, haas U om my te help.

Laat hulle wat my siel soek, beskaamd staan en in die verleentheid gestel word; laat hulle wat my kwaad toewens, agteruit wyk en beskaam word;

laat hulle wat vir my sê: Goed so! Goed so! terstond agteruit wyk vanweë hul beskaming.

[5] Laat almal wat U soek, jubel en bly wees oor U, o God, en laat hulle wat u heil liefhet, altyd sê: Laat die Here verheerlik word!

Maar ek is arm en behoeftig; o God, help my! U is my hulp en my redder; Here, talm tog nie!

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God, ons Hoop, Here, eer aan U.



## ~ Die Tiende Kathisma ~

### Psalm 70

Van Dawid, van die seuns van Jonadab en die eerste gevangenes.

Op U, Here, het ek gehoop; mag ek tot in ewigheid nie beskaam word nie.

In u geregtigheid, red my en bevry my; neig u oor tot my en verlos my.

Wees U vir my 'n God wat beskerm en 'n versterkte plek om my te verlos, want Ú is my sterkte en my toevlug.

My God, red my uit die hand van die sondaar, uit die hand van hom wat in stryd met die wet handel en onreg doen;

[5] want Ú is my verwagting, Here; Here, my hoop vanaf my jeug af,

op U is ek gevestig vanaf die skoot; vanaf my moederskoot is Ú my beskermer; my lofsang is voortdurend in U.

Ek het vir baie soos 'n wonder geword, maar Ú is 'n magtige helper.

Laat my mond vol wees van lof, dat ek u heerlikheid mag besing, u grootheid die hele dag lank.

Verwerp my nie in die tyd van die ouderdom nie; verlaat my nie wanneer my krag my begeef nie.

[10] Want my vyande praat oor my en dié wat my siel dophou, het saam raad gehou,

en gesê: God het hom versaak; sit hom agterna en gryp hom, want daar is niemand wat hom red nie.

My God, wees nie ver van my af nie; my God, lê U daarop toe om my te help.

Laat hulle wat my siel belaster, beskaamd staan en laat hulle vergaan; laat hulle wat onheil vir my soek, met skande en skaamte beklee word.

Maar ék sal altyddeur op U hoop en tot u volle lof verder bydra.

[15] My mond sal u geregtigheid verkondig, u heil die hele dag lank, want ek het nie geleerdheid opgedoen nie.

Ek sal in die krag van die Here ingaan; Here, ek sal aan u geregtigheid alleen dink.

O God, rakende die dinge wat U my geleer het van my jeug af, ja, tot op hede, sal ek u wonders verkondig.

Ook tot die ouderdom en grysheid, o God, verlaat my nie, totdat ek u arm verkondig het aan alle komende geslagte,

u mag en u geregtigheid, o God, tot in die allerhoogste die groot dinge wat U gedoen het; o God, wie is soos U?

[20] Hoe groot is die vele bose benoudhede wat U my getoon het, maar U het U omgedraai en my lewend gemaak, en uit die dieptes van die aarde het U my weer opgebring.

U het u majesteit oor my laat toeneem en U het omgedraai en my vertroos en my weer uit die dieptes van die aarde opgebring.

Want ek sal u waarheid teenoor U bely op die snaarinstrument, o God; ek sal tot eer van U psalmsing op die siter, o Heilige van Israel.

My lippe sal jubel, wanneer ek tot eer van U psalmsing, en my siel, wat U verlos het.

Ook sal my tong die hele dag u geregtigheid oordink, wanneer hulle wat onheil vir my soek, beskaamd gestel en verleë gelaat word.

## Psalm 71

Vir Salomo.

O God, gee aan die koning u oordeel en u geregtigheid aan die seun van die koning

om u volk met geregtigheid te oordeel en u armes met regverdigheid.

Laat die berge vrede vir u volk herstel en die heuwels geregtigheid.

Hy sal die armes van die volk oordeel en die kinders van die behoeftiges verlos en die vals aanklaer verneder

[5] en hy sal saam met die son standhou en langer as die maan, van geslag tot geslag.

Hy sal soos reën op ’n vag neerdaal en soos ’n reëndruppel wat op die aarde drup.

In sy dae sal geregtigheid opkom en volheid van vrede, totdat die maan weggeneem word.

En hy sal heers van see tot see, en van die riviere tot aan die eindes van die wêreld.

Voor hom sal die Ethiopiërs neerval, en sy vyande sal die stof lek.

[10] Die konings van Tarsis en die eilande sal geskenke bied, die konings van die Arabiere en Saba sal geskenke bring.

En al die konings van die aarde sal voor hom buig; al die nasies sal hom dien.

Want hy het die arme van die magtige bevry, en die behoeftige, wat geen helper gehad het nie.

Hy sal die arme en behoeftige spaar, en die siele van die behoeftiges sal hy red.

Hy sal hul siele verlos van woekerwins en van onreg, en sy Naam sal kosbaar in hul oë wees.

[15] En hy sal lewe, en van die goud van Arabië sal aan hom gegee word, en hulle sal deurentyd rakende hom bid; hulle sal hom die hele dag loof.

Daar sal 'n stut op aarde wees, op die kruine van die berge; die vrug daarvan sal bo die Líbanon uitstyg, en hulle sal uit die stad bloei soos gras van die aarde.

Laat sy Naam tot in ewigheid geseënd wees; sy Naam sal langer as die son standhou; en in hom sal al die stamme van die aarde geseën word; al die nasies sal hom salig noem.

Geloof sy die Here, die God van Israel, wat alleen wonders doen,

en geloof sy die Naam van sy heerlikheid tot in ewigheid, en tot in ewigheid der ewigheid, en die hele aarde sal met sy heerlikheid vervul wees. Mag dit so wees, mag dit so wees.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 72

'n Psalm van Asaf.

Hoe goed is God vir Israel, vir dié wat opreg van hart is.

Maar wat my betref, my voete het amper gewankel; my treë het byna onder my uitgegly.

Want ek was afgunstig op die wetteloses, toe ek die vrede van sondaars sien,

want daar is geen teken van verset tydens hul dood nie, en geen krag in hul kastyding nie;

[5] in die moeite van mense verkeer hulle nie en hulle sal nie saam met ander mense gekasty word nie.

Daarom het hoogmoed hulle beetgepak; hulle het hulle met hul onreg en goddeloosheid omhul.

Hul onreg sal uitloop, soos uit vet; hulle het by die neiging van hul hart gekom;

hulle het by hulself gedink en in boosheid gespreek; hulle het onreg teen die hoë uitgespreek;

hulle het hul mond teen die hemel gestel, en hul tong het oor die aarde gedwaal.

[10] Daarom sal my volk hierheen terugkeer, en volle dae sal in hulle gevind word.

En hulle het gesê: Hoe weet God? En is daar kennis in die Allerhoogste?

Kyk, dít is die sondaars en dié wat gedy; hulle het altyd rykdom verkry.

En ek het gesê: Vergeefs dan het ek my hart regverdig gemaak en my hande onder die onskuldiges gewas;

en ek is die hele dag gekasty, en smôrens was daar my bestraffing.

[15] As ek gesê het: So sal ek spreek, kyk, dan was ek ontrou aan die geslag van u kinders.

En ek het onderneem om dit te verstaan; dit is moeite in my oë,

tot ek in die heiligdom van God ingaan en hul eindes begryp.

Nietemin, as gevolg van hul listighede het U onheil vir hulle bepaal; U het hulle neergevel, toe hulle verhef word.

Hoe plotseling het hulle tot verwoesting gekom; hulle het vergaan, hulle het te gronde gegaan vanweë hul ongeregtigheid.

[20] Soos die droom van iemand wat ontwaak, Here, sal U hul beeld in u stad verag.

Want my hart het ontbrand en my niere het verander,

en ek is geringgeskat en het niks geweet nie; ek het soos ’n lasdier by U geword.

En ek is altyddeur met U; U het my regterhand geneem

en U het my deur u raad gelei en my met heerlikheid by U opgeneem.

[25] Want wat het ek in die hemel, en naas U, wat het ek op aarde begeer?

My hart en my vlees het my begewe; God is die God van my hart en my deel tot in ewigheid.

Want kyk, dié wat hulle ver van U af hou, sal vergaan; U het almal wat ontugtig teenoor U was, uitgeroei.

Maar dit is vir my goed om aan God te kleef, om my hoop op die Here te stel, sodat ek al u lof in die poorte van die dogter van Sion kan verkondig.

## Psalm 73

Van Asaf, van begrip.

Waarom, o God, het U tot aan die einde verstoot, het u toorn gewoed teen die skape van u weide?

Dink aan u vergadering wat U in die voortyd verwerf het; U het die staf van u erfdeel verlos, hierdie berg Sion waarop U gewoon het.

Verhef u hande oor hul oormoed, tot aan die einde; hoeveel kwaad het die vyand in u heiligdom gedoen!

En dié wat U haat, het te midde van u fees gespog; hulle het hul vaandels as oorwinningstekens gestel - en hulle het dit nie begryp nie.

[5] Asof vir die heengaan na bo,

asof in ’n bos bome het hulle die deure daarvan met byle afgekap, saam het hulle dit met ’n byl en kliphamer afgebreek.

Hulle het u heiligdom met vuur aan die brand gesteek; tot teen die grond het hulle die woonplek van u Naam ontheilig.

Hulle het in hul harte gesê, hul geslagte saam: Kom, laat ons al die feeste van God van die aarde afskaf.

Ons het nie hul tekens gesien nie; daar is nie meer ’n profeet nie, en hy sal ons nie meer ken nie.

[10] Hoe lank, o God, sal die vyand smalend praat? Sal die teenstander u Naam tot aan die einde tart?

Waarom trek U u hand terug en u regterhand uit die midde van u boesem, tot aan die einde?

Maar God is ons Koning van die voortyd af; Hy het verlossing in die middel van die aarde bewerk.

Ú het die see deur u krag gevestig; Ú het die koppe van die drake op die water verbrysel.

Ú het die kop van die draak verbrysel; U het hom as voedsel vir die Ethiopiese volke gegee.

[15] Ú het fonteine en strome deurklief; Ú het die riviere van Etham laat opdroog.

Aan U behoort die dag en aan U behoort die nag; Ú het die lig en die son berei.

Ú het al die grense van die aarde bepaal; somer en lente, Ú het hulle geformeer.

Dink hieraan: Die vyand het die Here gesmaad, en ’n dwase volk het u Naam getart.

Gee nie die siel wat U bely aan die ongediertes oor nie; vergeet nie die siele van u armes tot aan die einde nie.

[20] Kyk na u verbond, want dié van die aarde wat verduister is, is vervul met huise van wetteloosheid.

Laat die vernederde en beskaamde nie weggekeer word nie; die arme en behoeftige sal u Naam prys.

Staan op, o God, oordeel u regsaak; dink aan die smaad wat U die hele dag deur die dwaas aangedoen word.

Vergeet nie die stem van u smekelinge nie; die oormoed van dié wat U haat, het voortdurend opgegaan.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 74

Tot die einde. “Moenie verwoes nie.” ’n Psalm van ’n lied van Asaf.

Ons sal U bely, o God, ons sal U bely, en ons sal u Naam aanroep.

Ek sal al u wonders vertel, wanneer Ek die regte tydstip aangryp; Ék sal regverdig oordeel.

Die aarde het weggekwyn en almal wat daarop woon; Ék het haar pilare sterk gemaak.

[5] Ek het vir die wetsoortreders gesê: Moet die wet nie oortree nie, en vir die sondaars: Verhef nie die horing nie,

lig nie jul horing op na bo nie en spreek nie ongeregtigheid teen God nie.

Want dit kom nóg van die ooste nóg van die weste nóg van die verlate berge,

want God is regter; Hy verneder die een en Hy verhoog die ander.

Want daar is ’n beker in die hand van die Here, met ’n maat sterk wyn gevul. En Hy het dit van kant tot kant gekantel, maar die droesem daarvan is nie geledig nie; al die sondaars van die aarde sal dit drink;

[10] maar ék sal vir ewig jubel; ek sal psalmsing tot eer van die God van Jakob; en ek sal al die horings van die sondaars verbrysel, en die horings van die regverdige sal verhef word.

## Psalm 75

Tot die einde; onder die gesange, ’n Psalm van Asaf. ’n Lied vir die Assiriër.

God is bekend in Juda; sy Naam is groot in Israel.

En sy standplaas het in vrede ontstaan, asook sy woning in Sion;

daar het hy die mag van die boë verbrysel, skild en swaard en oorlog.

[5] Ú skyn wonderbaar vanaf die ewige berge;

al die dwase van hart is verontrus; hulle het hul slaap geslaap en al die vermoënde manne het niks met hul hande gevind nie.

Vanweë u bestraffing, o God van Jakob, het dié wat op perde gesit het, gesluimer.

Vreeswekkend is U, en wie sal U teëstaan? Van toe af is u toorn.

Vanuit die hemel het U oordeel laat hoor; die aarde het gevrees en stil geword

[10] toe God vir die oordeel opstaan, om al die sagmoediges van die aarde te verlos.

Want ’n mens se gedagte sal U bely, en die oorblyfsel van sy gedagte sal vir U feesvier.

Maak geloftes en betaal dit aan die Here ons God; almal rondom Hom sal geskenke bring

vir die Vreeswekkende, ja, vir Hom wat die geeste van heersers wegneem, vreeswekkend vir die konings van die aarde.

## Psalm 76

Tot die einde; vir Idithoen; ’n Psalm van Asaf.

Met my stem het ek die Here aangeroep, God met my stem, en Hy het op my ag geslaan.

Op die dag van my benoudheid het ek na God gesoek, snags met my hande voor Hom, en ek is nie mislei nie; my siel het geweier om vertroos te word.

Ek het aan God gedink en is verbly; ek het gepeins, en my gees het moedeloos geword.

[5] My oë was met nagwake besig; ek was verontrus en het nie gepraat nie.

Ek het die dae van ouds oorweeg, en ek het aan die ewige jare gedink en dit bepeins;

snags het ek met my hart gepeins, en my gees het deurtastend gesoek.

Sal die Here vir ewig verstoot, en voortaan nie meer goedgunstig wees nie?

Of sal Hy sy barmhartigheid tot aan die einde afsny? Het Hy sy woord beëindig, van geslag tot geslag?

[10] Sal God vergeet om medelydend te wees? Of sal Hy in sy toorn sy medelye terughou?

En ek het gesê: Nou het ek begin; hierdie verandering is van die regterhand van die Allerhoogste.

Ek het die werke van die Here onthou, want ek sal u wonders vanaf die begin onthou

en ek sal nadink oor al u werke; en ek sal u weë bepeins.

O God, u weg is in die heilige; wie is ’n groot God soos ons God?

[15] U is die God wat wonders doen; U het u sterkte onder die volke bekend gemaak;

U het u volk met u arm verlos, die kinders van Jakob en Josef.

Die waters het U gesien, o God, die waters het U gesien en hulle was bevrees; die dieptes is in beroering gebring;

’n groot gedruis van waters; die wolke het ’n luide stem laat hoor, want u pyle gaan verby;

die stem van u donder is in die rol daarvan; u weerligstrale het die wêreld verlig; die aarde het geskud en gebewe.

[20] U paaie was in die see, en u weë was in baie waters, en u voetstappe sal nie bemerk word nie.

U het u volk soos skape gelei deur die hand van Moses en Aäron.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God, ons Hoop,  Here, eer aan U.



## ~ Die Elfde Kathisma ~

### Psalm 77

Van Asaf. Van begrip.

Slaan ag op my wet, my volk; neig jul oor na die woorde van my mond;

ek sal my mond open deur gelykenisse; ek sal raaisels uit die begin spreek,

soveel as wat ons gehoor het en weet en ons vaders ons vertel het;

dit is nie vir hul kinders in 'n volgende geslag verberg nie, aangesien hulle die lof van die Here en sy magtige dade en sy wonders, wat Hy gedoen het, verkondig.

[5] En Hy het 'n getuienis opgerig in Jakob, en 'n wet daargestel in Israel, alles wat Hy ons vaders beveel het om aan hul kinders bekend te maak,

sodat 'n volgende geslag, kinders wat gebore sal word, sal weet; en hulle sal opstaan en dit aan hul kinders verkondig;

sodat hulle hul hoop op God sal plaas, en nie die werke van God vergeet nie, en na sy gebooie sal soek;

sodat hulle nie soos hul vaders sal wees nie, 'n krom en wederstrewige geslag, 'n geslag wat nie hul hart reg gerig het nie en wie se gees nie tot trou teenoor God verbind was nie.

Die kinders van Efraim, wat hul boë gespan en daarmee geskiet het, het op die dag van stryd teruggeval.

[10] Hulle het nie die verbond van God bewaar nie, en hulle wou nie in sy wet wandel nie.

En hulle het sy weldade en sy wonders vergeet, wat Hy aan hulle bewys het,

ten aanskoue van hul vaders, die wonders wat Hy in Egipte gedoen het, in die vlakte van Tanis.

Hy het die see geklief en hulle laat deurgaan; Hy het die waters laat staan soos 'n wynsak,

en Hy het hulle bedags deur 'n wolk gelei en heel nag deur die lig van vuur.

[15] Hy het 'n rots gekloof in die woestyn en hulle laat drink soos in 'n omvangryke diepte,

en Hy het water laat voortkom uit 'n rots en waters soos riviere laat afloop.

Maar hulle het voortgegaan om nog meer teen Hom te sondig; hulle het die Allerhoogste vertoorn in 'n land sonder water,

en hulle het God versoek in hul harte, deur voedsel te vra vir hul siele,

en hulle het teen God gespreek en gesê: Sal God dan ’n tafel kan berei in die woestyn?

[20] Daar Hy ’n rots geslaan het en waters gevloei het en spruite in vloed was, kan Hy dan ook brood gee of ’n tafel vir sy volk berei?

Daarom het die Here gehoor en is Hy ontstig, en is ’n vuur in Jakob aangesteek en het toorn teen Israel opgegaan,

omdat hulle nie in God geglo, en nie hul hoop op sy verlossing gestel het nie.

En Hy het aan die wolke daarbo bevel gegee, en die poorte van die hemel oopgemaak,

en Hy het manna om te eet op hulle laat reën, en brood van die hemel aan hulle gegee.

[25] Die mens het die brood van engele geëet; Hy het vir hulle lewensmiddele ter versadiging gestuur.

Hy het die Suidewind uit die hemel weggeneem en deur sy mag die Suidwestewind ingebring,

en Hy het vleis soos stof op hulle laat reën en soos die seë se sand gevlerkte voëls,

en hulle het binne-in hul laer geval, rondom hul tente,

en hulle het geëet en is heeltemal versadig, en Hy het vir hulle gebring waarna hulle verlang het;

[30] hulle is nie van hul begeerte ontneem nie; terwyl die voedsel nog in hul mond was,

het die toorn van God teen hulle opgegaan, en Hy het van die hoogwaardiges gedood, en die uitgesoektes van Israel het Hy geboei.

In al hierdie dinge het hulle steeds gesondig, en nie in sy wonders geglo nie,

en hul dae het in ydelheid en hul jare vinnig verbygegaan.

Wanneer Hy hulle gedood het, dan het hulle Hom gesoek en teruggekeer en smôrens vroeg na God gekom,

[35] en daaraan gedink dat God hul helper is, en dat God, die Allerhoogste, hul verlosser is.

En hulle het Hom met hul mond liefgehad, en met hul tong het hulle Hom belieg,

maar hul hart was nie opreg teenoor Hom nie, en hulle was nie tot trou aan sy verbond verbind nie.

Maar Hý is barmhartig en Hy versoen hul sondes en Hy sal hulle nie verdelg nie, en Hy sal voortgaan om sy toorn af te wend, en sal nie al sy toorn laat ontbrand nie.

En Hy het daaraan gedink dat hulle vlees is, ’n asem wat heengaan en nie terugkeer nie.

[40] Hoe dikwels het hulle Hom in die woestyn verbitter, het hulle Hom vertoorn in ’n land sonder water?

En hulle het teruggekeer en God beproef en die Heilige van Israel getart.

En hulle het nie aan sy hand gedink, aan die dag toe Hy hulle uit die hand van die verdrukker verlos het nie,

hoe Hy sy tekens in Egipte laat plaasvind het en sy wonders in die vlakte van Tanis.

En Hy het hulle riviere in bloed verander, asook hul reënwater, sodat hulle nie kon drink nie.

[45] En Hy het die steekvlieg na hulle gestuur, en dit het hulle verteer, en die padda, en dit het hulle vernietig;

en Hy het hul vrugte aan die roes oorgegee en hul arbeid aan die sprinkaan;

Hy het hul wynstok deur die hael gedood en hul moerbeibome deur die ryp;

ook het Hy hul vee aan die hael oorgelewer en hul voorraad aan die vuur;

Hy het die drif van sy toorn onder hulle uitgestuur, drif en toorn en benoudheid, die uitstuur van bose engele.

[50] Hy het ’n pad vir sy toorn gebaan en hul siele nie van die dood gespaar nie en hul vee het Hy aan die dood oorgelewer

en Hy het alle eersgeborenes in Egipteland getref, die eerstelinge van al hul arbeid in die tente van Gam.

En Hy het sy volk soos skape weggeneem en hulle soos ’n kudde in die woestyn teruggebring

en Hy het hulle in hoop gelei, en hulle was nie bevrees nie, en die see het hulle vyande oordek.

En Hy het hulle na die berg van sy heiligdom gebring, hierdie berg, wat Hy met sy regterhand verwerf het,

[55] en Hy het nasies voor hulle uit verdrywe en hulle deur ’n maatband hul erfdele toebedeel en die stamme van Israel in hul tente laat woon.

Maar hulle het God, die Allerhoogste, beproef en verbitter en hulle het sy getuienisse nie bewaar nie

en hulle was afvallig en het troueloos gehandel, soos ook hul vaders; hulle het in ’n verwronge boog verander

en hulle het Hom op hul heuwels vertoorn, en Hom deur hul gesnede beelde jaloers gemaak.

God het dit gehoor en Hy het Israel verag en heeltemal geminag.

[60] En Hy het die tabernakel van Silo verstoot, die tent wat Hy onder mense opgeslaan het.

En Hy het hul sterkte in gevangenskap oorgegee en hul skoonheid in die hand van vyande

en Hy het sy volk deur ’n swaard ingeperk en sy erfdeel verag.

Vuur het hul jongmanne verteer, en oor hul maagde is nie geweeklaag nie.

Hul priesters het deur die swaard geval, en hul weduwees sal nie beween word nie.

[65] En die Here het ontwaak soos iemand wat slaap, soos ’n magtige wat in die roes van wyn is,

en Hy het sy vyande aan die agterkant geslaan; Hy het hulle ewige smaad besorg.

En Hy het die tent van Josef verstoot en die stam van Efraim nie uitverkies nie;

maar Hy het die stam van Juda uitverkies, die berg Sion, wat Hy liefgehad het.

En Hy het sy heiligdom gebou soos dié van ’n eenhoring, in die land wat Hy vir ewig gegrondves het.

[70] En Hy het sy kneg Dawid uitgekies en hom van die skaapkrale af geneem;

van agter die lammerooie het Hy hom geneem om die herder te wees van Jakob, sy kneg, asook Israel sy erfdeel

en Hy het hulle in die onskuld van sy hart opgepas, en hulle met die vaardigheid van sy hande gelei.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 78

’n Psalm van Asaf.

O God, die nasies het in u erfdeel gekom; hulle het u heilige tempel besoedel; hulle het Jerusalem soos die hut van ’n tuinbewaker gemaak.

Hulle het die lyke van u dienaars as voedsel vir die voëls van die hemel neergesit, die vlees van u heiliges vir die wilde diere van die land;

hulle het hul bloed soos water rondom Jerusalem uitgegiet, en daar was niemand wat hulle begrawe nie.

Ons het vir ons bure ’n smaad geword, ’n voorwerp van hoon en ’n bespotting vir dié wat rondom ons is.

[5] Hoe lank, Here? Sal U vir ewig toornig wees? Sal u ywer soos vuur ontbrand?

Stort u toorn uit oor die nasies wat U nie ken nie en oor die koninkryke, wat u Naam nie aangeroep het nie,

want hulle het Jakob verteer, en sy landstreek verwoes.

Dink nie aan ons ongeregtighede van ouds nie; laat u barmhartighede ons gou bereik, Here, want ons het baie arm geword.

Help ons, o God ons verlosser; om die eer van u Naam ontwil, Here, red ons en versoen ons sondes om u Naam ontwil,

[10] sodat die nasies nooit sal sê: Waar is hul God? En laat voor ons oë onder die heidene bekend word die wraak oor die vergote bloed van u dienaars.

Laat die gesug van die geboeides voor u aangesig kom; volgens die majesteit van u arm, bewaar die kinders van hulle wat gedood is.

Vergeld ons bure sewevoudig in hul boesem vir hul beskimping, waarmee hulle U beskimp het, Here.

En óns, u volk en die skape van u weide, sal U vir ewig prys; van geslag tot geslag sal ons u lof verkondig.

## Psalm 79

Tot die einde; oor wat afgewissel word; ’n getuienis van Asaf, ’n Psalm oor die Assiriër.

U wat Israel oppas, luister, U wat Josef soos skape lei. U wat op die gerubim sit, verskyn!

Wek u mag op voor Efraim en Benjamin en Manasse en kom om ons te red.

O God, bekeer ons en toon u aangesig, en ons sal gered word.

[5] Here, God van die leërskare, hoe lank is u toornig oor die gebed van u dienaars?

Sal U ons tranebrood laat eet en sal U ons trane in volle maat laat drink?

U het ons ’n twispunt vir ons bure gemaak, en ons vyande het ons gehoon.

Here, God van die leërskare, bekeer ons en toon u aangesig en ons sal gered word.

U het ’n wynstok uit Egipte weggeneem; U het nasies verdryf en dit geplant;

[10] U het die weg daarvoor gebaan en sy wortels geplant, en dit het die land gevul.

Sy skadu het die berge oordek en sy ranke die seders van God;

dit het sy ranke uitgebrei tot by die see en tot by die riviere sy lote.

Waarom het U sy heining afgebreek en oes almal wat met die pad verbygaan, dit af?

Die vark uit die bos het dit verniel, en ’n eensame wilde dier het dit afgewei.

[15] O God van die leërskare, keer tog terug, en sien neer uit die hemel en aanskou en besoek hierdie wynstok,

en vervolmaak wat u regterhand geplant het, en oor die seun van die mens wat U vir U sterk gemaak het.

Dit is met vuur verbrand en opgegrawe; vanweë die bestraffing van u aangesig sal hulle vergaan.

Laat u hand wees oor die man van u regterhand, en oor die seun van die mens wat U vir U sterk gemaak het;

en ons sal nooit van U afvallig raak nie; U sal ons lewe gee, en ons sal u Naam aanroep.

[20] Here, God van die leërskare, bekeer ons en toon u aangesig, en ons sal gered word.

## Psalm 80

Tot die einde; ’n Psalm van Asaf, oor die parskuip.

Verheug julle in God ons helper; jubel tot eer van die God van Jakob;

hef ’n psalm aan en bring die tamboeryn, die behaaglike harp en die siter;

blaas die basuin op nuwemaan, op die deurlugtige dag van jul fees;

[5] want dit is ’n bevel vir Israel en ’n beslissing van die God van Jakob.

Hy het dit as getuienis vir Josef ingestel toe hy uit Egipteland uitgegaan het; ’n taal wat hy nie geken het nie, het hy gehoor;

hy het sy rug van laste onttrek; sy hande het in die mandjie geswoeg.

In benoudheid het jy My aangeroep, en Ek het jou bevry; Ek het jou verhoor in ’n verborge storm; Ek het jou beproef by die water van teëspraak.

Luister, my volk, en Ek getuig teenoor jou; o Israel, as jy na My sal luister,

[10] sal daar nie ’n nuwe god in jou wees nie, en ook sal jy nie ’n vreemde god aanbid nie;

want Ék is die Here jou God wat jou uit Egipteland teruggebring het; maak jou mond wyd oop, en Ek sal dit vul.

Maar my volk het nie na my stem geluister nie, en Israel het nie op My ag geslaan nie;

en Ek het hulle weggestuur volgens die weë van hul harte; hulle sal in hul weë wandel.

As my volk na My geluister het, as Israel in my paaie gewandel het,

[15] sou Ek hul vyande gou verneder het en my hand op hul verdrukkers gelê het.

Die Here se vyande het Hom belieg en hul tyd sal vir ewig wees.

En Hy het hulle gevoed met die beste van die koring en uit ’n rots het Hy hulle met heuning versadig.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 81

### ’n Psalm van Asaf.

God het in die vergadering van die gode gestaan; Hy sal gode in hul midde oordeel.

Hoe lank sal julle onregverdig oordeel en die sondige persone aanvaar?

Oordeel vir die wese en die arme; doen reg aan die nederige en behoeftige;

red die behoeftige en die arme; bevry hom uit die hand van die sondaar.

[5] Hulle het nie geweet en nie verstaan nie; hulle loop rond in duisternis; al die fondamente van die aarde sal wankel.

Ek het gesê: Julle is gode en almal seuns van die Allerhoogste;

maar júlle sterf soos mense en julle val soos een van die vorste.

Staan op, o God, oordeel die aarde; want U sal erfbesit hê van al die nasies.

## Psalm 82

### ’n Lied van ’n Psalm van Asaf.

O God, wie sal met U vergelyk word? Bly nie stil nie en bedaar nie, o God.

Want kyk, u vyande het geraas, en dié wat U haat, het die hoof opgelig;

hulle het listig raad teen u volk gehou en teen u heiliges saamgesweer;

[5] hulle het gesê: Kom, laat ons hulle uitroei om nie ’n nasie te wees nie, en die naam van Israel sal glad nie meer onthou word nie.

Want hulle het eendragtig saam raad gehou; teen U het hulle ’n verbond gesluit:

die tente van die Edomiete en die Ismaeliete, Moab en Hagareners,

Gebal en Ammon en Amalek en buitelanders saam met die inwoners van Tirus.

Want ook Assur het saam met hulle gekom; hulle het die kinders van Lot tot hulp gekom.

[10] Maak met hulle soos met Mídian en Sísera, soos met Jabin by die spruit Kison;

hulle is verdelg by Endor; hulle het soos mis vir die grond geword.

Maak hul heersers soos Oreb en Seb en Sebee en Salmana, al hul vorste,

wat gesê het: Laat ons die heiligdom van God vir ons verwerf.

My God, maak hulle soos ’n wiel, soos ’n stoppel voor die wind;

[15] soos vuur, wat ’n bos afbrand, soos ’n vlam, wat berge sal verbrand,

so sal U hulle met u storm vervolg, en hulle in u toorn in algehele verwarring bring.

Vervul hul aangesigte met oneer, en hulle sal u Naam soek, Here.

Laat hulle tot in ewigheid der ewigheid beskaamd staan en verskrik word, en laat hulle skaam word en vergaan

en laat hulle weet dat u Naam Here is; Ú alleen is die Allerhoogste oor die hele aarde.

## Psalm 83

Tot die einde; oor die parskuip; ’n Psalm van die seuns van Korag.

Hoe geliefd is u wonings, Here van die leërskare.

My siel verlang en smag na die voorhowe van die Here; my hart en my vlees het hulle in die lewende God verheug.

Want die mossie het vir hom ’n huis gevind en die tortelduif ’n nes vir haar, waar sy haar kuikens sal neerlê, naamlik u altare, Here van die leërskare, my koning en my God.

[5] Salig is hulle wat in u huis woon; hulle sal U tot in ewigheid der ewigheid prys.

Salig die man wie se hulp van U af kom; Hy het hom in sy hart voorgeneem om na die vallei van weeklag op te gaan,

na die plek wat hy gestel het, want die wetgewer sal seëninge gee.

Hulle sal van krag tot krag gaan; die God van die gode sal in Sion verskyn.

Here, God van die leërskare, hoor my gebed; luister tog, o God van Jakob.

[10] O God, ons skild, kyk en aanskou die aangesig van u gesalfde.

Want een dag in u voorhowe is beter as duisende; ek het verkies om liewer ’n verworpeling in die huis van my God te wees as om te woon in die tente van sondaars.

Want die Here God het barmhartigheid en waarheid lief; Hy sal genade en heerlikheid gee; die Here sal die goeie nie weerhou van dié wat in onskuld wandel nie.

Here, God van die leërskare, salig is die man wat op u hoop.

## Psalm 84

Tot die einde; ’n Psalm van die seuns van Korag.

U het ’n welbehae in u land gehad, Here; U het die gevangenskap van Jakob afgewend;

U het u volk hul ongeregtighede vergewe; U het al hul sondes bedek.

U het al u grimmigheid laat ophou, U afgewend van die grimmigheid van u toorn.

[5] Herstel ons, o God van ons heil, en wend u toorn van ons af.

Sal U vir ewig teen ons toornig wees? Of u toorn laat duur van geslag tot geslag?

O God, wanneer U ons herstel het, sal U ons lewend maak, en u volk sal bly wees in U.

Toon ons u barmhartigheid, Here, en gee ons u heil.

Ek sal hoor wat die Here God in my spreek, want Hy sal vrede vir sy volk spreek en vir sy heiliges en vir hulle wat hul harte tot Hom wend.

[10] Maar sy heil is naby dié wat Hom vrees, sodat heerlikheid in ons land mag woon.

Barmhartigheid en waarheid het mekaar ontmoet, geregtigheid en vrede het mekaar gekus;

waarheid het uit die aarde opgekom, en geregtigheid het uit die hemel neergedaal.

Want die Here sal sy goedheid gee, en ons land sal sy vrug gee;

geregtigheid sal voor Hom uitgaan en sy voetstappe op die weg stel.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God, ons Hoop, Here, eer aan U.

## ~ Die Twaalfde Kathisma ~

### Psalm 85

'n Gebed van Dawid.

Here, neig u oor en verhoor my, want ek is arm en behoeftig.

Bewaar my siel, want ek is geheilig; red u dienaar, my God, wat op U hoop.

Ontferm U oor my, Here, want ek sal U die hele dag deur aanroep.

Verbly die siel van u dienaar, want tot U, Here, het ek my siel opgehef.

[5] Want Ú, Here, is goed en welwillend en ryk aan barmhartigheid vir almal wat U aanroep.

Here, luister na my gebed en let op die stem van my smeking.

In die dag van my benoudheid het ek U aangeroep, want U het my verhoor.

Daar is niemand soos U onder die gode nie, Here, en daar is niks soos u werke nie.

Al die nasies wat U gemaak het, sal kom en hulle voor u aangesig neerbuig, Here, en hulle sal u Naam verheerlik.

[10] Want U is groot en doen wonders, Ú alleen is God.

Lei my, Here, op u weg, en ek sal in u waarheid wandel; laat my hart hom verheug, om u Naam te vrees.

Ek sal U bely, Here my God, met my hele hart en u Naam tot in ewigheid verheerlik.

Want u barmhartigheid is groot oor my en U het my siel uit die diepste doderyk gered.

O God, oortreders het teen my opgestaan, en 'n vergadering van magtiges het my siel gesoek en U nie voor hul oë gestel nie.

[15] Maar Ú, Here my God, is medelydend en barmhartig, lankmoedig en ryk aan erbarming en waar.

Sien op my neer en ontferm U oor my, gee u sterkte aan u kneg en red die seun van u diensmaagd.

Doen aan my 'n teken ten goede, en laat dié wat my haat, dit sien en beskaamd staan, omdat U, Here, my gehelp en my getroos het.

## Psalm 86

'n Psalm van 'n lied van die seuns van Korag.

Sy grondvestings is op die heilige berge;

die Here het die poorte van Sion lief bo al die woninge van Jakob.

Heerlike dinge is van u gesê, o stad van God.

Ek sal Ragab en Babel vermeld onder hulle wat my ken; en kyk, vreemde nasies en Tirus en volk van die Ethiopiërs - hulle is daarin gebore.

[5] Sion is ons Moeder, sal 'n mens sê, en: 'n Mens is in haar gebore, en: Die Allerhoogste self het haar gevestig.

Die Here sal dit beskryf in 'n lys van volke en heersers, dié wat in haar gebore is.

Want die woonplek van almal wat hulle verheug, is in jou.

## Psalm 87

'n Psalmlied van die seuns van Korag; Tot die einde, vir Maeleth, om te beantwoord; van insig, van Haiman die Israeliet.

Here, God van my heil, bedags en ook in die nag het ek voor u aangesig geroep;

laat my gebed voor u aangesig kom; neig u oor tot my smeking.

Want my siel is versadig met die kwade, en my lewe het tot na aan die doderyk gekom;

[5] ek is gereken by dié wat in die kuil neerdaal; ek het geword soos 'n man wat sonder hulp is, vry onder die dooies,

soos dié wat verslaan is en in die graf lê, aan wie U nie gedink het nie, en hulle is afgestoot van u hand.

Hulle het my in die diepste kuil gesit, in duisternis en in die skadu van die dood.

U grimmigheid het swaar op my gerus, en U het al u golwe teen my gebring.

U het my bekendes ver van my verwyder; hulle het my 'n gruwel vir hulself gemaak; ek is oorgelewer en het nie uitgegaan nie.

[10] My oë het swak geword vanweë my armoede; ek het U aangeroep, Here, die hele dag deur; ek het my hande tot U uitgestrek;

sal U vir die dooies wonders doen? Of sal geneeshere hulle laat opstaan, en sal hulle U bely?

Sal iemand u barmhartigheid in die graf bekendmaak of u waarheid in die plek van vernietiging?

Sal u wonders in die duisternis bekend word en u geregtigheid in die land van vergetelheid?

Maar ék het U aangeroep, Here, en in die môre sal my gebed U tegemoet kom.

[15] Waarom, Here, het U my siel verstoot, en wend U u aangesig van my af weg?

Ek is arm en ervaar moeite van my jeug af; nadat ek verhoog is, is ek verneder en het ek in wanhoop verval.

U toorn het oor my gegaan; u verskrikkinge het my verbyster;

hulle het my omring soos water; die hele dag het hulle my saam omsingel.

U het vriend en naaste ver van my verwyder en my bekendes vanweë my ellende.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 88

Van insig, van Aitam die Israeliet.

U barmhartighede sal ek vir ewig besing, Here; u waarheid sal ek van geslag tot geslag met my mond verkondig,

want U het gesê: Barmhartigheid sal tot in ewigheid gebou word; in die hemele sal u waarheid berei word;

Ek het ’n verbond gesluit met my uitverkorenes; Ek het aan my dienaar Dawid belowe:

[5] Tot in ewigheid sal Ek jou nageslag berei, en van geslag tot geslag jou troon opbou.

Die hemele sal u wonders bely, Here, en u waarheid in die vergadering van die heiliges.

Want wie in die wolke sal aan die Here gelyk word? En wie onder die seuns van God sal met die Here vergelyk word?

God is verheerlik in die raad van sy heiliges, groot en vreeswekkend bo almal rondom Hom.

Here, God van die leërskare, wie is soos U? Magtig is U, Here, en u waarheid is om U heen.

[10] Ú heers oor die krag van die see, en die deining van haar golwe bring Ú tot bedaring.

Ú het die trotsaard soos 'n gewonde verneder; met die arm van u mag het U u vyande verstrooi.

Aan Ú behoort die hemele en die aarde is uwe; Ú het die wêreld en sy volheid gegrondves.

Ú het die Noorde en die see geskape; Tabor en Hermon sal jubel in u Naam.

Aan U behoort die arm met mag; laat u hand sterk gemaak word; laat u regterhand verhoog word.

[15] Geregtigheid en reg is die toerusting van u troon; barmhartigheid en waarheid sal voor u aangesig gaan.

Salig is die volk wat jubeling ken; Here, hulle sal in die lig van u aangesig wandel

en in u Naam sal hulle die hele dag jubel en deur u geregtigheid sal hulle verhef word.

Want Ú is die roem van hul mag, en deur u welbehae sal ons horing verhef word.

Want van die Here is daar hulp en van die Heilige van Israel, ons koning.

[20] Toe het U in 'n gesig tot u seuns gespreek en gesê: Ek het hulp verleen aan 'n magtige; Ek het 'n uitverkorene uit my volk verhef;

Ek het Dawid, my kneg, gevind; Ek het hom met my heilige olie gesalf.

Want my hand sal hom te hulp kom en my arm sal hom versterk;

die vyand sal geen voordeel deur hom trek nie, en die kind van ongeregtigheid sal hom nie weer kwaad aandoen nie.

En Ek sal sy vyande voor sy aangesig verpletter en dié wat hom haat, sal Ek op die vlug laat slaan.

[25] En my waarheid en my barmhartigheid is met hom, en in my Naam sal sy horing verhef word.

En Ek sal sy hand op die see lê en sy regterhand op die riviere.

Hý sal My aanroep: Ú is my Vader, my God en helper van my heil;

en Ek sal hom ’n eersgeborene maak, hoog in vergelyking met die konings van die aarde.

Vir ewig sal Ek my barmhartigheid teenoor hom bewaar, en my verbond sal trou teenoor hom wees;

[30] en Ek sal sy nageslag tot in ewigheid der ewigheid vestig en sy troon soos die dae van die hemel.

As sy seuns my Wet verlaat en in my oordele nie wandel nie,

as hulle my voorskrifte ontheilig en my gebooie nie bewaar nie,

sal Ek hul oortredinge met die roede besoek en hul ongeregtighede met kastydinge;

maar my barmhartigheid sal Ek nie van hulle verdryf nie; ook sal Ek nie onregverdig in my trou wees nie,

[35] ook sal Ek nie my verbond ontheilig nie en wat oor my lippe uitgegaan het, sal Ek beslis nie tersyde stel nie.

Een maal het Ek by my heiligheid gesweer: Ek sal vir Dawid nie lieg nie;

sy nageslag sal tot in ewigheid bly en sy troon soos die son voor My

en soos die maan ná dit vir ewig in orde gebring is; en die getuie in die hemel is getrou.

Maar Ú het verstoot en verag; U het u gesalfde van U afgewerp;

[40] U het die verbond van u dienskneg tot niet gemaak; U het sy heiligdom tot die grond toe ontheilig.

U het al sy heinings afgebreek; U het sy vestings vreesagtigheid gemaak;

almal wat met die pad verbygaan, het hom beroof; hy het ’n smaad vir sy bure geword.

U het die regterhand van sy verdrukkers verhef; U het al sy vyande bly gemaak.

U het sy swaard se beskerming afgewend en hom nie in die geveg gehelp nie.

[45] U het ’n einde aan sy reiniging gemaak; sy troon het U tot op die grond afgebreek.

U het die dae van sy lewensduur verkort; U het skande op hom uitgestort.

Hoe lank, Here, wend U U volkome af? Sal u toorn soos vuur ontbrand?

Dink aan wat my diepste wese is; U het tog nie alle mensekinders vergeefs geskape nie?

Watter mens is daar, wat sal lewe, maar die dood nie sal sien nie? Sal hy sy siel van die mag van die doderyk red?

[50] Waar is u barmhartighede van ouds, Here, wat U in u waarheid aan Dawid gesweer het?

Dink, Here, aan die smaad van u knegte, wat ek in my boesem verduur het, van baie nasies,

waarmee u vyande gesmaad het, Here, waarmee hulle die losgeld van u gesalfde gesmaad het.

Geloof sy die Here tot in ewigheid. Mag dit so wees, mag dit so wees.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 89

’n Gebed van Moses, ’n man van God.

Here, U was vir ons ’n toevlug van geslag tot geslag;

voordat die berge gebore en die aarde en wêreld gevorm was, ja, van ewigheid tot ewigheid is Ú.

Laat nie die mens terugkeer na vernedering nie; en U het gesê: Keer terug, o mensekinders.

Want ’n duisend jaar is in u oë soos die dag van gister wat verbygegaan het, en soos ’n nagwaak.

[5] Hul jare sal geringhede wees. Mag hy in die môre soos gras verbygaan,

mag hy in die môre blom en verbygaan, mag hy in die aand afval, verdroog en verdor.

Want deur u toorn het ons vergaan en deur u grimmigheid is ons verwar.

U het ons ongeregtighede voor U gestel, ons lewensduur in die lig van u aangesig.

Want al ons dae het vergaan, en deur u toorn het ons vergaan; ons jare het hulle soos ’n spinnekop besig gehou.

[10] Die dae van ons jare - daarin is sewentig jaar, maar as ons sterk is, tagtig jaar, en die meeste daarvan is moeite en geswoeg; want sagmoedigheid het oor ons gekom, en ons sal getugtig word.

Wie ken die krag van u toorn en hoe om uit vrees vir U u grimmigheid te peil?

Maak u regterhand so aan my bekend en hulle wat deur wysheid getugtig is in die hart.

Keer terug, Here! Tot hoe lank? En word gesmeek ten behoewe van u diensknegte.

Ons is in die môre versadig met u barmhartigheid, Here, en ons het gejubel en was bly in al ons dae;

[15] mag ons bly wees in ruil vir die dae waarin U ons nederig gemaak het, die jare waarin ons onheil gesien het.

En kyk na u diensknegte en na u werke en lei hul kinders,

en laat die glans van die Here ons God oor ons wees, en rig die werke van ons hande oor ons, ja, rig die werk van ons hande.

## Psalm 90

’n Loflied van Dawid.

Hy wat in die hulp van die Allerhoogste woon, sal onder die beskutting van die God van die hemel vernag.

Hy sal tot die Here sê: U is my helper en my toevlug, my God, en op Hom sal ek my hoop stel,

want Hy sal jou red uit die strik van die jagters en van die verwarrende woord.

Hy sal jou dek met sy skouers, en onder sy vleuels sal jy hoop hê; sy waarheid sal jou met ’n skild omring.

[5] Jy sal nie vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie,

vir die ding wat in die donker wandel, vir die ongeluk en die bose gees van die middaguur nie.

’n Duisend sal aan jou sy val en tienduisend aan jou regterhand, maar na jou sal dit nie aankom nie;

net met jou oë sal jy dit aanskou en die vergelding van die sondaars sien.

Want Ú, Here, is my hoop; die Allerhoogste het jy jou beskutting gemaak.

[10] Geen onheil sal jou nader, en geen plaag naby jou tent kom nie.

Want Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë;

hulle sal jou op die hande dra, sodat jy jou voet teen geen klip stamp nie;

op die adder en die basilisk sal jy trap, en die leeu en die slang sal jy vertrap.

Want hy het sy hoop op My gestel, en Ek sal hom red; Ek sal hom beskut, omdat hy my Naam ken.

[15] Hy sal My aanroep, en Ek sal hom verhoor; in die verdrukking is Ek by hom; en Ek sal hom uitred en hom verheerlik.

Met lengte van dae sal Ek hom versadig en Ek sal hom my heil laat sien.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God, ons Hoop, Here, eer aan U.

## ~ Die Dertiende Kathisma ~

### Psalm 91

’n Psalm van ‘n lied, vir die Sabbatdag.

Dit is goed om die Here te bely en tot eer van u Naam te psalmsing, o Allerhoogste,

om in die môre u barmhartigheid te verkondig en u waarheid in die nagte

op ’n tiensnarige instrument met ’n gesang op die siter.

[5] Want U het my bly gemaak, Here, deur u dade, en oor die werke van u hande sal ek jubel.

Hoe is u werke verheerlik, Here; u gedagtes was baie diep.

’n Dwase man sal nie weet nie, en ’n onverstandige sal hierdie dinge nie verstaan nie.

Wanneer sondaars soos gras opkom en al die werkers van ongeregtigheid te voorskyn kom, is dit sodat hulle tot in ewigheid der ewigheid verdelg kan word.

Maar Ú is die Allerhoogste tot in ewigheid, Here;

[10] want kyk, u vyande, Here, kyk, u vyande sal vergaan, en al die werkers van ongeregtigheid sal verstrooi word,

en my horing sal soos dié van ’n eenhoring verhoog word en my ouderdom deur vettige olie;

en my oog het op my vyande neergesien, en my oor sal hoor van dié wat as kwaaddoeners teen my opstaan.

Die regverdige sal bloei soos ’n palmboom; soos ’n seder op die Líbanon sal hy groei.

Geplant in die huis van die Here, sal hulle bloei in die voorhowe van ons God;

[15] op ’n voorspoedige ouderdom sal hulle steeds vermeerder en welvarend wees, om te verkondig

dat die Here ons God regverdig is en dat daar geen onreg in Hom is nie.

### Psalm 92

Vir die dag voor die Sabbat, toe die land bewoon is; ’n loflied van Dawid.

Die Here is koning; Hy het Hom met majesteit beklee; die Here het Hom met mag beklee en omgord; want Hy het die wêreld gevestig, wat nie sal wankel nie.

Van toe af is u troon toeberei; van ewigheid af is U.

Die riviere het verhef, Here, die riviere het hul gebruis verhef; die riviere sal hul golwe verhef.

Meer as die gebruis van baie waters - wonderbaar is die golwe van die see - is die Here wonderbaar in die hoogte.

[5] U getuienisse is baie betroubaar bewys; heiligheid pas by u huis, Here, tot in lengte van dae.

## Psalm 93

'n Psalm van Dawid vir die vierde dag van die week.

Die Here is 'n God van wraak; die God van wraak het met vrymoedigheid gehandel.

Verhef U, U wat die aarde oordeel; vergeld die trotsaards.

Hoe lank sal sondaars, Here, hoe lank sal sondaars hulle beroem,

sal hulle onreg uiter en spreek, sal al die werkers van ongeregtigheid spreek?

[5] Hulle het u volk verneder, Here, en u erfdeel kwaad aangedoen;

hulle het die weduwee en wees gedood, en die bekeerling vermoor

en gesê: Die Here sal dit nie sien nie, en die God van Jakob sal dit nie oplet nie.

Let nou op, onverstandiges onder die volk; en wees tog hierdie keer verstandig, o dwase.

Sal Hy wat die oor geplant het, nie hoor nie? Of sal Hy wat die oog gevorm het, nie waarneem nie?

[10] Sal Hy wat die nasies tugtig, nie bestraf nie, Hy wat die mens kennis leer?

Die Here ken die gedagtes van die mense - dat hulle nietig is.

Salig is die man wat U onderrig, Here, en wat U uit u wet leer

om hom rus te gee van bose dae, totdat 'n kuil vir die sondaar gegrawe word.

Want die Here sal nie sy volk verstoot en sy erfdeel versaak,

[15] totdat geregtigheid na die regspraak terugkeer, met al die opregtes van hart wat dit vashou nie.

Wie sal vir my opstaan teen die kwaaddoeners? Of wie sal my bystaan teen die werkers van ongeregtigheid?

As dit nie was dat die Here my gehelp het nie, het my siel feitlik in die doderyk gewoon.

As ek gesê het: My voet het gewankel - dan het u barmhartigheid, Here, my bygestaan.

Here, ooreenkomstig die menigte van my smarte in my hart het u vertroostinge my siel bly gemaak.

[20] Laat 'n regterstoel van ongeregtigheid nie by U teenwoordig wees nie, wat deur verordening vorm gee aan onheil.

Hulle sal op 'n regverdige se siel jag maak en onskuldige bloed veroordeel.

Maar die Here het vir my 'n toevlug geword en my God die helper van my hoop;

en die Here sal hulle hul ongeregtigheid vergeld, en volgens hul boosheid sal die Here God hulle verdelg.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 94

'n Loflied van Dawid.

Kom, laat ons jubel in die Here, laat ons juig tot eer van God ons Verlosser;

laat ons sy aangesig tegemoetgaan met lof en Hom met lofgesange toejuig.

Want die Here is 'n grote God en 'n groot Koning oor die hele aarde;

want die eindes van die aarde is in sy hand, en die bergtoppe is syne;

[5] want die see is syne, en Hý het dit gemaak, en sy hande het die droë land geformeer.

Kom, laat ons aanbid en voor Hom neerval en laat ons ween voor die Here wat ons gemaak het;

want Hý is ons God, en óns is die volk van sy weide en die skape van sy hand.

Vandag as julle sy stem hoor, verhard jul harte nie soos in die verbittering, in die dag van die versoeking in die woestyn nie,

waar jul vaders My versoek het, My beproef en my werke gesien het.

[10] Veertig jaar lank het Ek vertoornd geword op daardie geslag en gesê: Altyd dwaal hulle met die hart, maar húlle het my weë nie leer ken nie,

sodat Ek in my toorn gesweer het: Hulle sal in my rus nie ingaan nie.

## Psalm 95

Toe die huis gebou is ná die gevangenskap, ’n lied van Dawid.

Sing tot eer van die Here ’n nuwe lied; sing tot eer van die Here, o ganse aarde;

sing tot eer van die Here, loof sy Naam; verkondig sy heil van dag tot dag;

Verkondig sy lof onder die nasies, sy wonders onder al die volke.

Want groot is die Here en baie lofwaardig; Hy is ontsagwekkend bo al die gode;

[5] want al die gode van die nasies is bose geeste, maar die Here het die hemele gemaak.

Lof en skoonheid is voor Hom, heiligheid en majesteit in sy heiligdom.

Bring aan die Here, o stamme van die nasies, bring aan die Here lof en eer;

bring aan die Here lof tot eer van sy Naam, dra offers op en kom in sy howe;

aanbid die Here in sy heilige hof; laat die hele aarde bewe voor sy aangesig.

[10] Sê onder die nasies: Die Here is Koning, want Hy het die wêreld gegrondves, wat nie sal wankel nie; Hy sal volke met regverdigheid oordeel.

Laat die hemele bly wees en die aarde jubel; laat die see en haar volheid dein;

laat die vlaktes en alles wat daarin is, hulle verheug; dan sal al die bome van die woud jubel

voor die aangesig van die Here, want Hy kom, want Hy kom om die aarde te oordeel. Hy sal die wêreld in geregtigheid oordeel en die volke in sy waarheid.

## Psalm 96

Van Dawid, toe sy land tot rus gekom het.

Die Here is koning; laat die aarde juig; laat baie eilande bly wees.

Wolke en duisternis is rondom Hom; geregtigheid en reg is die grondslag van sy troon.

Vuur sal voor sy aangesig uitgaan en rondom sy vyande brand;

sy weerligstrale het die wêreld verlig; die aarde het dit gesien en gebewe.

[5] Die berge het gesmelt soos was voor die aangesig van die Here, voor die aangesig van die Here van die hele aarde.

Die hemele het sy geregtigheid verkondig, en al die volke het sy heerlikheid gesien.

Laat almal wat die gesnede beelde aanbid, beskaamd staan, hulle wat hulle op hul afgode roem; aanbid Hom, al sy engele.

Sion het dit gehoor en was bly, en die dogters van Juda het gejuig oor u oordele, Here;

want U is die allerhoogste Here oor die hele aarde; U is hoog verhewe bo al die gode.

[10] Julle wat die Here liefhet, haat die bose; die Here bewaar die siele van sy heiliges; uit die hand van sondaars sal Hy hulle red.

’n Lig het vir die regverdige opgegaan en blydskap vir die opregtes van hart.

Wees bly in die Here, regverdiges, en gee dankbare erkenning aan die gedagtenis van sy heiligheid.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 97

’n Psalm van Dawid.

Sing tot eer van die Here ’n nuwe lied, want die Here het wonders gedoen; sy regterhand en sy heilige arm het Hom bewaar.

Die Here het sy heil bekend gemaak; Hy het sy geregtigheid voor die oë van die nasies geopenbaar.

Hy het aan sy barmhartigheid aan Jakob en sy waarheid aan die huis van Israel gedink; al die eindes van die aarde het die heil van ons God gesien.

Juig voor die Here, o ganse aarde, sing en verheug julle en psalmsing;

[5] psalmsing tot eer van die Here met die siter, met die siter en geklank van 'n lofsang;

met basuine van metaal en die geklank van 'n basuin van horing jubel voor die Koning, die Here.

Laat die see en die volheid daarvan bewe, die wêreld en almal wat daarin woon.

Die riviere sal saam hande klap, die berge sal hulle verheug,

want Hy kom om die aarde te oordeel; Hy sal die wêreld in geregtigheid oordeel en die volke met regverdigheid.

## Psalm 98

'n Psalm van Dawid.

Die Here is koning, laat die volke woed; Hy wat op die gerubim sit - laat die aarde bewe.

Die Here is groot in Sion, en verhewe is Hy bo al die volke.

Laat hulle u grote Naam bely, want dit is ontsagwekkend en heilig.

En die eer van 'n koning het die reg lief; Ú het regverdigheid berei; Ú het reg en geregtigheid in Jakob gedoen.

[5] Verhef die Here ons God en buig julle neer voor die voetbank van sy voete, want heilig is Hy.

Moses en Aäron was onder sy priesters, en Samuel onder die aanroepers van sy Naam; hulle het die Here aangeroep, en Hý het hulle verhoor;

in die wolkkolom het Hy met hulle gespreek, want hulle het sy getuienisse onderhou en die insettinge wat Hy hulle gegee het.

Here ons God, U het hulle verhoor; o God, Ú was baie mededoënd teenoor hulle en die Een wat wraak neem oor al hul weë.

Verhef die Here ons God en buig julle neer na sy heilige berg, want heilig is die Here ons God.

## Psalm 99

'n Psalm vir lofbetuiging.

Juig voor die Here, o ganse aarde,

dien die Here met blydskap, kom voor sy aangesig met vreugde.

Weet dat die Here - Hý is ons God; Hý het ons gemaak en nie óns nie; en ons is sy volk en die skape van sy weide.

Gaan sy poorte in met lofbetuiging, sy voorhowe in met lofsange. Betuig lof aan Hom, prys sy Naam,

[5] want die Here is goed; sy barmhartigheid is tot in ewigheid, en sy waarheid van geslag tot geslag.

## Psalm 100

’n Psalm van Dawid.

Ek sal van barmhartigheid en oordeel tot U sing, Here;

ek sal sing en begrip toon op ’n onberispelike weg; wanneer sal U na my kom? Ek het in onskuld van hart in my huis gewandel.

Ek het geen onwettige ding voor my oë gestel nie; hulle wat oortredinge begaan, het ek gehaat; ’n verdraaide hart het my nie aangekleef nie.

Toe die bose man hom van my afwend, het ek hom nie geken nie.

[5] Hy wat sy naaste heimlik belaster, hom het ek verdryf; met hom wat trots van oog en onversadigbaar van hart is, het ek nie geëet nie.

My oë is op die getroues van die land, dat hulle saam met my mag woon; hy wat op ’n onberispelike weg wandel, dié het my gedien.

Hy wat hoogmoed begaan, het nie in my huis gebly nie; hy wat ongeregtighede spreek, was nie voorspoedig voor my oë nie.

Soggens het ek al die sondaars van die aarde gedood, om al die werkers van ongeregtigheid uit die stad van die Here uit te roei.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God, ons Hoop, Here, eer aan U.

## ~ Die Veertiende Kathisma ~

### Psalm 101

'n Gebed van die arme, wanneer hy bedruk is en sy gebed voor die Here uitstort.

Here, hoor my gebed, en laat my geroep tot by U kom.

Wend nie u aangesig van my nie; op die dag as ek in benoudheid is, neig u oor tot my; op die dag as ek U aanroep, verhoor my gou,

want my dae het soos rook verdwyn, en my gebeente het soos 'n stok uitgedroog.

[5] Ek is platgeslaan soos gras en my hart het verdor, want ek het vergeet om my brood te eet.

Vanweë die klank van my gesug het my gebeente aan my vlees gekleef.

Ek was soos 'n pelikaan van die woestyn, ek het geword soos 'n uil op 'n puinhoop,

ek het 'n nagwaak gehou en soos 'n eensame mossie op die dak geword.

Die hele dag het my vyande my gesmaad, en dié wat my geprys het, het teen my gesweer.

[10] Want ek het as soos brood geëet en my drank met weeklag gemeng

vanweë die aangesig van u grimmigheid en u toorn, want U het my opgehef en my neergewerp.

My dae het soos 'n skaduwee gewyk, en ék het soos gras verdor.

Maar Ú, Here, bly tot in ewigheid, en u gedagtenis van geslag tot geslag.

Ú sal opstaan en U oor Sion ontferm; want dit is tyd om medelye met hom te hê, want die tyd het aangebreek;

[15] want u knegte het 'n welbehae in sy klippe gehad, en sal medelyde met sy stof hê.

En die nasies sal u Naam vrees, Here, en al die konings van die aarde u heerlikheid,

want die Here sal Sion opbou en sal in sy heerlikheid gesien word.

Hy het die gebed van die nederiges aangesien en hul smeekbede nie verag nie.

Laat dit vir die volgende geslag opgeskrywe word en die volk wat geskape word, sal die Here loof.

[20] Want Hy het van sy heilige hoogte neergesien, die Here het uit die hemel op die aarde gelet,

om die gekerm van die geboeides te hoor, om los te maak die kinders van dié wat gedood is,

sodat hulle in Sion die Naam van die Here kan verkondig en sy lof in Jerusalem,

wanneer die volke saam vergader, en ook die konings, om die Here te dien.

Hy het hom op die weg van sy krag geantwoord: Maak aan my die geringe getal van my dae bekend;

[25] neem my nie weg in die helfte van my dae nie; u jare is van geslag tot geslag.

In die begin het Ú die aarde gegrondves, Here, en die hemele is die werk van u hande;

húlle sal vergaan, maar Ú bly; ja, hulle almal sal oud word soos 'n kleed, en U sal hulle opvou soos 'n kledingstuk, en hulle sal verander word;

maar Ú bly dieselfde, en u jare sal geen einde hê nie.

Die kinders van u knegte sal tent opslaan, en hul nageslag sal vir ewig reg gelei word.

## Psalm 102

### Van Dawid.

Loof die Here, o my siel, en alles wat binne my is, sy heilige Naam;

loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie;

wat al jou ongeregtighede vergewe, wat al jou kwale genees;

wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou met barmhartigheid en deernis kroon;

[5] wat jou verlange met die goeie vervul; jou jeug sal weer nuut word soos dié van 'n arend.

Die Here bewys barmhartigheid en geregtigheid aan al die veronregtes.

Hy het aan Moses sy weë bekend gemaak, aan die kinders van Israel sy wil.

Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en groot van goedertierenheid;

nie tot die einde sal Hy vertoorn wees nie, ook sal Hy nie vir ewig wraaksugtig wees nie;

[10] nie volgens ons ongeregtighede het Hy met ons gehandel nie, ook het Hy ons nie vergeld volgens ons sondes nie,

want so hoog soos die hemel is bo die aarde, het die Here sy barmhartigheid laat toeneem oor dié wat Hom vrees;

so ver as die ooste van die weste is, so ver het Hy ons ongeregtighede van ons verwyder.

Soos 'n vader medelye het met sy kinders, so het die Here medelye gehad met dié wat Hom vrees,

want Hý weet watter maaksel ons is, Hy het onthou dat ons stof is.

[15] Die mens, soos die gras is sy dae; soos 'n blom van die veld, so sal hy bloei;

want die wind het daaroor gegaan, en dit sal nie meer wees nie en dit sal sy plek nie meer ken nie.

Maar die barmhartigheid van die Here is van ewigheid tot ewigheid oor dié wat Hom vrees, en sy geregtigheid vir kindskinders,

vir dié wat sy verbond hou en dink aan sy gebooie om dié te doen.

Die Here het sy troon in die hemel berei, en sy koninkryk heers oor alles.

[20] Loof die Here, al sy engele, kragtiges in mag wat sy woord volbring in gehoorsaamheid aan die stem van sy woorde.

Loof die Here, al sy leërskare, sy dienaars wat sy wil doen;

loof die Here, al sy werke, op al die plekke van sy heerskappy; loof die Here, o my siel.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 103

Van Dawid.

Loof die Here, o my siel. Here my God, U is baie groot; U het U met lof en luister beklee,

U wat U omhul met lig soos met ’n kleed, wat die hemel soos ’n tent uitspan;

wat sy solders met waters bedek, wat van die wolke sy wa maak, wat wandel op die vleuels van die winde;

wat sy engele geeste maak, en sy dienaars ’n vuurvlam.

[5] Wat die aarde op sy fondament vestig; dit sal vir ewig nie wankel nie.

Die diepte, soos ’n kleed, is sy bedekking, die waters sal staan op die berge;

van u dreiging sal dit vlug; vir die stem van u donder sal dit skrik.

Dit styg op na die berge en daal neer na die laagtes, na die plek wat U daarvoor vasgestel het;

’n grens het U gestel, waaroor dit nie sal gaan nie, en dit sal nie teruggaan om die aarde te oordek nie.

[10] Dit is U wat fonteine uitstuur in die bergklowe, die waters sal tussen die berge deur loop;

hulle sal al die diere van die veld laat drink; die wilde esels sal hul dors daarmee les;

by hulle sal die voëls van die hemel nes maak; tussen die rotse uit sal hulle die stem laat hoor.

Hy laat die berge drink uit sy solders; die aarde sal versadig word met die vrug van u werke.

Hy laat gras uitspruit vir die beeste, en groenigheid tot diens van die mens om brood uit die aarde voort te bring;

[15] en wyn maak die hart van die mens bly om sy gesig vrolik te maak met olie; en brood versterk die hart van die mens.

Die bome van die vlakte sal versadig wees, die seders van Líbanon wat U geplant het.

Daar sal die mossies nes maak; die huis van die reier troon oor hulle uit.

Die hoë berge is vir die herte, ’n rots is ’n toevlug vir die dassies.

Hy het die maan gemaak vir vaste tye; die son ken sy tyd om onder te gaan.

[20] U het die duisternis daargestel, en dit was nag, waartydens al die wilde diere van die bos sal rondloop,

jong leeus wat brul om prooi en om hul voedsel by God te soek.

Die son het opgekom, en hulle het bymekaargekom en sal in hul lêplekke gaan slaap.

Die mens sal uitgaan na sy werk en na sy arbeid tot die aand toe.

Hoe groot is u werke, Here; U het hulle almal met wysheid gemaak; die aarde is vol van u skeppinge.

[25] Hierdie groot en wye see, daar is kruipende dinge wat ontelbaar is, diere klein en groot;

daar vaar die skepe, en hierdie draak wat U gemaak het om daarin te speel.

Hulle almal wag op U, om hulle voedsel te gee op die regte tyd.

Wanneer U dit vir hulle gee, sal hulle dit bymekaarmaak; wanneer U u hand oopmaak, sal hulle almal met die goeie gevul word.

Maar wanneer U u aangesig afkeer, sal hulle verskrik raak; U sal hul asem wegneem, en hulle sal beswyk en terugkeer tot hul stof.

[30] U sal u Gees uitstuur, en hulle sal geskape word, en U sal die aangesig van die aarde nuut maak.

Laat die heerlikheid van die Here vir ewig wees; die Here sal Hom in sy werke verheug;

Hy wat die aarde aankyk en dit laat bewe, Hy wat die berge aanraak en hulle rook.

Ek sal sing tot eer van die Here solank ek lewe, ek sal psalmsing tot eer van my God solank ek daar is;

mag my oordenking Hom welgevallig wees, en ek sal my in die Here verbly.

[35] Mag die sondaars en die wettelose van die aarde verdwyn, sodat hulle nie meer sal bestaan nie. Loof die Here, o my siel.

## Psalm 104

Halleluja.

Bely die Here en roep sy Naam aan; maak onder die nasies sy dade bekend;

sing tot sy eer en psalmsing tot sy eer, vertel al sy wonders.

Beroem julle in sy heilige Naam; laat die hart van dié wat die Here soek, bly wees;

soek die Here en word versterk, soek sy aangesig deurentyd.

[5] Dink aan sy wonders wat Hy gedoen het, sy wondertekens en die oordele van sy mond,

o nageslag van Abraham, sy knegte, o kinders van Jakob, sy uitverkorenes.

Hý, die Here, is ons God; oor die hele aarde is sy oordele.

Hy dink vir ewig aan sy verbond, die woord wat Hy vir ’n duisend geslagte beveel het,

wat Hy met Abraham gesluit het, en sy eed aan Isak;

[10] en Hy het dit vir Jakob as insetting ingestel en vir Israel as ewige verbond,

deur te sê: Aan jou sal Ek die land Kanaän gee, die aandeel van jul erfdeel.

Toe hulle min in getal was, baie min en vreemdelinge daar,

het hulle van nasie tot nasie getrek, en van een koninkryk na ’n ander volk.

Hy het geen mens toegelaat om hulle onreg aan te doen nie en Hy het konings om hul ontwil bestraf:

[15] Raak my gesalfdes nie aan nie en doen aan my profete geen kwaad nie.

En Hy het ’n hongersnood oor die land geroep; Hy het die hele broodvoorraad verbrysel;

Hy het ’n man voor hulle uitgestuur; Josef is as slaaf verkoop.

Hulle het sy voete met boeie verneder; sy siel het deur yster gegaan,

totdat wat hy gesê het, gebeur het, die gesegde van die Here hom gelouter het.

[20] Die koning het gestuur en hom losgelaat, die heerser van ’n volk, en hy het hom vrygelaat.

Hy het hom as heer oor sy huis aangestel en as heerser oor al sy goed,

om sy heersers te onderrig om soos hy te wees en sy oudstes wysheid te leer.

En Israel het na Egipte gekom, en Jakob het as vreemdeling vertoef in die land van Gam.

En Hy het sy volk baie vermeerder en dit sterker as sy vyande gemaak.

[25] Hy het dié se hart verander om sy volk te haat, om listig teen sy knegte te handel.

Hy het Moses, sy kneg, uitgestuur, Aäron wat Hy vir Hom uitgekies het.

In húlle het Hy die woorde van sy tekens en sy wonders in die land van Gam geplaas.

Hy het duisternis uitgestuur en dit donker gemaak, omdat hulle teen sy woorde wederstrewig was;

Hy het hul waters in bloed verander, en hul visse gedood.

[30] Hul land het gewemel van paddas, in die binnekamers van hul konings.

Hy het gespreek, en daar het steekvlieë en muggies in al hul gebiede gekom.

Hy het hul reëns hael gemaak, ’n verterende vuur in hul land,

en Hy het hul wynstokke en hul vyebome getref en alle bome van hul gebied verbrysel.

Hy het gespreek en die sprinkaan het gekom, en die voetganger, sonder tal,

[35] en dit het al die plante in hul land opgevreet en die vrug van hul land opgevreet.

En Hy het al die eersgeborenes in hul land getref, die eerstelingoffer van al hul arbeid.

En Hy het hulle met silwer en goud uitgelei, en onder hul stamme was daar niemand wat swak was nie.

Egipte was bly tydens hul uittog, want die vrees vir hulle het hulle oorval.

Hy het ’n wolk as beskutting vir hulle uitgebrei en vuur om die nag vir hulle te verlig.

[40] Hulle het gevra en kwartels het gekom, en Hy het hulle met brood van die hemel versadig;

Hy het ’n rots deurklief, en waters het gevloei; riviere het in waterlose streke geloop.

Want Hy het gedink aan sy heilige woord aan Abraham, sy dienskneg,

en Hy het sy volk met vreugde uitgebring en sy uitverkorenes met blydskap.

En Hy het hulle die lande van die nasies gegee, en hulle het volke se arbeid beërwe,

[45] sodat hulle sy voorskrifte kon onderhou, en sy wet kon ondersoek.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God, ons Hoop, Here, eer aan U.

## ~ Die Vyftiende Kathisma ~

### Psalm 105

Halleluja.

Bely die Here, want Hy is goed, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid.

Wie sal die Here se magtige dade vertel, al sy lof rugbaar maak?

Salig is hulle wat die reg bewaar en altyd geregtigheid doen.

Dink aan ons, Here, na u welbehae in u volk; besoek ons in u heil,

[5] om die goedheid van u uitverkorenes te aanskou, om deur die blydskap van u
nasie verbly te word, om saam met u erfdeel geprys te word.

Ons het saam met ons vaders gesondig, ons het onwettig gehandel, ons het onreg gedoen.

Ons vaders in Egipte het nie u wonders begryp nie en nie aan die oorvloed van u barmhartigheid gedink nie en hulle was wederstrewig toe hulle by die Rooi See opgegaan het.

Maar Hy het hulle verlos om sy Naam ontwil, om sy mag bekend te maak;

en Hy het die Rooi See bestraf, en dit het opgedroog, en in die diepte het Hy hulle gelei, soos in die woestyn;

[10] en Hy het hulle verlos uit die hand van hom wat hulle haat en hulle uit die hand
van hul vyande bevry;

die water het hul verdrukkers bedek; nie een van hulle het oorgebly nie.

En hulle het sy woorde geglo en sy lof besing.

Hulle het sy werke gou vergeet; hulle het nie op sy raad gewag nie;

en hulle het baie begerig geword in die woestyn en God in ’n waterlose land versoek.

[15] En Hy het hulle gegee wat hulle gevra het, en versadiging in hul siele gestuur.

En hulle het Moses in die laer vertoorn, Aäron, die heilige van die Here;

die aarde het oopgegaan en Datan ingesluk en dit het die vergadering van Abíram oordek;

en ’n vuur het ontbrand in hul vergadering, ’n vlam het sondaars verbrand.

En hulle het ’n kalf by Horeb gemaak en die gesnede beeld aanbid.

[20] En hulle het hul heerlikheid verruil vir die gelykenis van ’n kalf wat gras eet.

En hulle het God wat hulle verlos, vergeet, wat groot dinge in Egipte gedoen het,

wonderbare dinge in die land van Gam, vreeswekkende dinge in die Rooi See.

En Hy het daarvan gespreek om hulle te verdelg, as Moses sy uitverkorene nie in die bres voor sy aangesig getree het om sy grimmigheid af te keer, dat Hy hulle nie verdelg nie.

En hulle het 'n begeerlike land verag; hulle het sy woord nie geglo nie;

[25] en hulle het gemurmureer in hul tente; hulle het na die stem van die Here nie geluister nie.

En Hy het sy hand teen hulle verhef om hulle in die woestyn omver te gooi

en om hul nageslag onder die nasies te werp en hulle in die lande te verstrooi.

En hulle is aan Baälfegor gewy en het offers van dooies geëet;

en hulle het Hom deur hul weë getart, en ongevalle het onder hulle toegeneem.

[30] En Phineas het gestaan en versoening gedoen, en die vernietiging het tot 'n einde gekom;

en dit is hom gereken tot geregtigheid, van geslag tot geslag tot in ewigheid.

En hulle het Hom vertoorn by die water van teëspraak, en Moses is skade berokken om hul ontwil,

omdat hulle wederstrewig teen sy gees was, en hy met sy lippe uitspraak gegee het.

Hulle het nie die nasies verdelg, waaroor die Here met hulle gespreek het nie,

[35] en hulle het met die nasies vermeng en hul werke geleer;

en hulle het hul gesnede beelde gedien, en dit het vir hulle 'n valstrik geword;

en hulle het hul seuns en hul dogters aan die duiwels geoffer

en hulle het onskuldige bloed vergiet, die bloed van hul seuns en dogters, wat hulle aan die gesnede beelde van Kanaän geoffer het, en die land is met hul bloed bevuil

en deur hul werke besoedel, en hulle het deur hul weë gehoereer.

[40] En die Here het met drif toornig teen sy volk geword en Hy het 'n afsku in sy erfdeel gekry;

en Hy het hulle in die hande van vyande oorgelewer, en dié wat hulle haat, het oor hulle geheers.

En hul vyande het hulle verdruk, en hulle is onder hul hande verneder.

Hy het hulle herhaaldelik gered, maar hulle was wederstrewig teenoor Hom in hul raad en hulle is deur hul ongeregtighede verneder.

En die Here het gesien toe hulle verdruk is, toe Hy na hul smeking geluister het;

[45] en Hy het aan sy verbond gedink en berou gehad volgens die oorvloed van sy barmhartigheid.

En Hy het hulle aan medelye oorgegee, in die oë van almal wat hulle gevange geneem het.

Verlos ons, Here ons God, en versamel ons uit die nasies, om u heilige Naam te bely, en ons te beroem in u lof.

Geloof sy die Here, die God van Israel van ewigheid en tot in ewigheid. En die hele volk sal sê: Mag dit so wees, mag dit so wees.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 106

Halleluja.

Bely die Here, want Hy is goed, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid;

laat hulle wat deur die Here verlos is, vertel, hulle wat Hy uit die hand van die vyand verlos het.

Hy het hulle uit die lande versamel, van die ooste en die weste en die noorde en die see.

Hulle het in die woestyn gedwaal in ’n land sonder water; die pad na ’n stad om in te woon het hulle nie gevind nie;

[5] honger en dors was hulle; hul siel het in hulle versmag;

en hulle het die Here aangeroep toe hulle benoud was, en Hy het hulle uit hul nood gered

en hulle gelei op ’n regte pad, om te gaan na ’n stad om in te woon.

Laat hulle sy barmhartighede teenoor die Here bely en sy wonders aan die mensekinders,

want Hy het die behoeftige siel versadig en die hongerige met die goeie vervul,

[10] dié wat in duisternis en doodskaduwee gesit het, geboei met gebrek en yster,

omdat hulle wederstrewig was teen die woorde van God, en die raad van die Allerhoogste getart het,

en hul hart deur moeite verneder is, hulle swak geword het, en daar geen helper was nie;

en hulle het die Here aangeroep toe hulle benoud was, en Hy het hulle uit hul nood verlos

en Hy het hulle uit duisternis en doodskaduwee gelei en hul bande verbreek.

[15] Laat hulle sy barmhartighede teenoor die Here bely en sy wonders aan die mensekinders,

want Hy het koperdeure verbrysel en ystergrendels stukkend geslaan.

Hy het hulle teëgehou van die weg van hul ongeregtigheid, want vanweë hul ongeregtigheid is hulle verneder;

hul siel het ’n afsku aan alle voedsel gehad, en hulle het tot by die poorte van die dood gekom;

en hulle het die Here aangeroep toe hulle benoud was, en Hy het hulle uit hul nood verlos;

[20] Hy het sy woord uitgestuur en hulle genees en hulle uit hul bedorwenhede gered.

Laat hulle sy barmhartighede teenoor die Here bely en sy wonders aan die mensekinders

en laat hulle aan Hom ’n lofoffer opdra en met gejubel sy werke verkondig.

Dié wat na die see afdaal in skepe, wat handel dryf op baie waters,

húlle het die werke van die Here gesien en sy wonders in die diepte.

[25] Hy het gespreek, en ’n stormwind het ontstaan, en die golwe daarvan is verhef;

hulle styg op tot by die hemele en hulle daal neer tot in die dieptes; hul siel het van ellende weggekwyn;

hulle is verwar, hulle het gewaggel soos iemand wat dronk is, en al hul wysheid is verslind;

en hulle het die Here aangeroep toe hulle benoud was, en Hy het hulle uit hul nood verlos,

en Hy het die storm bevel gegee, en dit het tot ’n bries bedaar, en die golwe daarvan het stil geword;

[30] en hulle was bly, omdat hulle tot rus gekom het, en Hy het hulle na die hawe van sy wil gelei.

Laat hulle sy barmhartighede teenoor die Here bely en sy wonders aan die mensekinders.

Laat hulle Hom in die vergadering van die volk verhoog, en laat hulle Hom prys in die setel van die oudstes.

Hy het riviere ’n woestyn gemaak en waterbronne ’n dorsland,

vrugbare grond ’n brakland, oor die boosheid van dié wat daar woon.

[35] Hy het ’n woestyn waterplasse gemaak en ’n land sonder water waterbronne.

En Hy het dié wat honger was, daar laat woon, en hulle het stede gevestig om in te woon

en hulle het lande gesaai en wingerde geplant en hulle het ’n vrug van opbrengs gelewer,

en Hy het hulle geseën, en hulle het baie vermeerder, en Hy het hul vee nie min gemaak nie.

Maar hulle het min geword en is verswak deur die verdrukking van onheil en smart.

[40] Veragting is op hul heersers uitgestort, en Hy het hulle laat dwaal in ’n onbegaanbare land waar daar geen weg is nie.

En Hy het die behoeftige uit armoede gehelp en die geslagte soos kuddes gemaak.

Die opregtes sal dit sien en bly wees, maar alle ongeregtigheid sal haar mond toehou.

Wie is wys en sal hierdie dinge bewaar en op die barmhartighede van die Here let?

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 107

'n Psalmlied van Dawid.

My hart is gereed, o God, my hart is gereed; ek sal sing en psalmsing in my lof.

Ontwaak, harp en siter; ek sal ontwaak in die môre.

Ek sal U bely onder die volke, Here; ek sal ter ere van U psalmsing onder die nasies,

[5] want u barmhartigheid is groot bo die hemele en u waarheid tot by die wolke.

Verhef U bo die hemele, o God, en u heerlikheid bo die hele aarde.

Dat u bemindes gered kan word, verlos deur u regterhand en verhoor my.

God het gespreek in sy heiligdom: Ek sal verhoog word en Ek sal Sigem verdeel, en die dal van tabernakels sal Ek afmeet;

Gilead is myne, en Manasse is myne, en Efraim is die steunpunt van my hoof; Juda is my koning,

[10] Moab is die waskom van my hoop; op Edom sal Ek my sandaal werp; vreemdelinge is aan My onderwerp.

Wie sal my bring na 'n versterkte stad? Of wie sal my tot by Edom lei?

Sal U nie, o God, wat ons verstoot het? En sal U nie saam met ons leërs uittrek nie, o God?

Gee ons hulp uit verdrukking, want vergeefs is die verlossing van 'n mens.

In God sal ons 'n magsdaad doen, en Hý sal ons vyande verag.

## Psalm 108

Tot die einde; 'n Psalm van Dawid.

O God, begroet nie my lof met swye nie,

want die mond van die sondaar en die mond van die listige is teen my geopen; met 'n listige tong het hulle teen my gespreek

en my met woorde van haat omring en my sonder oorsaak beveg.

Vir my liefde het hulle my belaster, maar ek het steeds gebid;

[5] en hulle het my kwaad vir goed opgelê en haat vir my liefde.

Stel 'n sondaar oor hom, en laat 'n aanklaer aan sy regterhand staan;

as hy geoordeel word, mag hy as skuldige uitgaan, en laat sy gebed sonde word.

Laat sy dae min wees; en mag 'n ander sy amp neem.

Laat sy kinders wese word en sy vrou 'n weduwee;

[10] laat sy kinders geteister word en verhuis en laat hulle bedel; laat hulle uit hul erwe gewerp word.

Laat 'n skuldeiser alles wat hy het, navors, en laat vreemdelinge die vrug van sy arbeid buitmaak;

laat daar vir hom geen helper wees nie, en laat niemand hom oor sy wese ontferm nie;

laat sy kinders uitgeroei word; mag sy naam in een geslag uitgedelg word.

Mag die ongeregtigheid van sy vaders voor die Here onthou word, en mag die sonde van sy moeder nie uitgewis word nie;

[15] laat hulle altyddeur voor die Here wees, en mag hul gedagtenis vanaf die aarde uitgeroei word,

omdat hy nie daaraan gedink het om barmhartigheid te bewys nie en die behoeftige en arme mens vervolg het, asook die gepynigde van hart, om hom dood te maak.

En hy het die vloek liefgehad, maar dit sal oor hom kom; en hy het nie 'n behae in die seën gehad nie, en dit sal ver van hom bly.

Hy het hom met die vloek beklee soos 'n kleed, en dit het soos water in sy binneste gekom en soos olie in sy gebeente.

Laat dit vir hom wees soos 'n kleed waarin hy hom toedraai, en 'n gordel waarmee hy hom altyddeur ombind.

[20] Dit is die optrede van hulle wat my by die Here belaster en van hulle wat bose dinge teen my siel spreek.

Maar Ú, Here, Here, handel met my om u Naam ontwil, want u barmhartigheid is goed. Red my,

want ék is arm en behoeftig, en my hart is verwar in my binneste.

Ek is weggeneem soos ’n skaduwee wanneer dit lank word; ek is afgeskud soos sprinkane.

My knieë het swak geword van vas, en my vlees het verander vanweë ’n gebrek aan olie.

[25] En ék het vir hulle ’n smaad geword; hulle het my gesien, hulle hul hoofde geskud.

Help my, Here my God, en verlos my volgens u barmhartigheid.

Laat hulle weet dat dit u hand is, en dat Ú dit gedoen het, Here.

Hulle sal vloek, maar Ú sal seën; laat hulle wat teen my opstaan, beskaam word, maar u dienaar sal hom verheug.

Laat hulle wat my belaster, met beskaming beklee word en laat hulle met hul skande omhul word soos met ’n mantel.

[30] Ek sal die Here baie loof met my mond en onder baie sal ek Hom prys,

want Hy het aan die regterhand van die behoeftige gestaan om hom te verlos van hulle wat my siel vervolg.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God, ons Hoop, o Here, eer aan U.

## ~ Die Sestiende Kathisma ~

### Psalm 109

'n Psalm van Dawid

Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete.

Die Here sal vir U 'n septer van krag stuur uit Sion; en heers U te midde van u vyande.

By U is heerskappy op die dag van u mag in die glans van u heiliges; uit die skoot het Ek U voortgebring vóór die môrester.

Die Here het gesweer en dit sal Hom nie berou nie: Ú is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.

[5] Die Here aan u regterhand het konings op die dag van sy toorn verbrysel;

Hy sal onder die nasies oordeel; Hy sal dit vol lyke maak; Hy sal die hoofde van baie op aarde verbrysel.

Uit die stroom sal Hy op die pad drink; daarom sal Hy die hoof ophef.

### Psalm 110

Halleluja.

Ek sal U met my hele hart bely, Here, in die raad van opregtes en in die vergadering.

Groot is die werke van die Here, nagespeur in alles wat Hy wil;

belydenis en majesteit is sy werk, en sy geregtigheid bly tot in ewigheid der ewigheid.

Hy het vir Hom 'n gedagtenis aan sy wonders gemaak; barmhartig en medelydend is die Here;

[5] Hy het voedsel gegee vir dié wat Hom vrees; Hy sal vir ewig aan sy verbond dink.

Hy het die krag van sy werke aan sy volk bekend gemaak, om hulle die erfdeel van die nasies te gee.

Die werke van sy hande is waarheid en reg; betroubaar is al sy bevele,

vasgestel tot in ewigheid der ewigheid, in waarheid en opregtheid gemaak.

Hy het aan sy volk verlossing gestuur; Hy het sy verbond vir ewig ingestel; heilig en ontsagwekkend is sy Naam.

[10] Die begin van wysheid is die vrees van die Here; en ’n goeie begrip is daar vir almal wat dit beoefen. Sy lof bly tot in ewigheid der ewigheid.

## Psalm 111

### Halleluja.

Salig is die man wat die Here vrees; in sy gebooie sal hy ’n groot welbehae hê;

sy nageslag sal magtig wees op die aarde; die geslag van die opregtes sal geseën word.

Eer en rykdom is in sy huis, en sy geregtigheid duur tot in ewigheid der ewigheid.

Vir die opregtes het lig opgegaan in die duisternis, barmhartig en medelydend en regverdig.

[5] ’n Goeie man is hy wat medelye het en leen; hy sal sy woorde met oordeel bestuur,

want hy sal tot in ewigheid nie wankel nie; die regverdige sal in ewige gedagtenis wees.

Hy sal nie slegte tyding vrees nie; sy hart is gereed om op die Here te hoop.

Sy hart is gevestig; hy sal nie vrees nie, totdat hy op sy vyande neersien;

hy het uitgestrooi, hy het aan die behoeftiges gegee; sy geregtigheid duur tot in ewigheid der ewigheid; sy horing sal in heerlikheid verhoog word.

[10] Die sondaar sal dit sien en vertoorn wees; hy sal sy tande kners en wegsmelt; die begeerte van die sondaar sal vergaan.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 112

### Halleluja.

Prys die Here, o knegte, prys die Naam van die Here;

mag die Naam van die Here geseënd wees, van nou af en tot in ewigheid.

Vanaf die opgang van die son tot by die ondergang daarvan moet die Naam van die Here geprys word.

Die Here is hoog bo al die nasies; bo die hemele is sy heerlikheid.

[5] Wie is soos die Here ons God? Hy wat in die hoogtes woon

en afkyk op die nederige dinge in die hemel en op aarde,

wat die arme vanaf die aarde oprig en die behoeftige vanaf die mishoop verhef

om hom by heersers te laat sit, by die heersers van sy volk?

Hy wat ’n onvrugbare in ’n huis laat woon, ’n moeder wat oor haar kinders bly is.

## Psalm 113

### Halleluja.

Met die uittog van Israel uit Egipte, van die huis van Jakob uit ’n volk met ’n vreemde taal,

het Judea sy heiligdom geword, Israel sy ryksgebied.

Die see het dit gesien en gevlug, die Jordaan het agteruit gewyk;

die berge het rondgespring soos ramme en die heuwels soos die lammers van kuddes.

[5] Wat is dit met jou, o see, dat jy gevlug het, en jy, o Jordaan, dat jy agteruit gewyk het?

O berge, dat julle rondgespring het soos ramme, en, o heuwels, soos lammers van kuddes?

Die aarde het gebeef voor die aangesig van die Here, voor die aangesig van die God van Jakob

wat die rots in waterpoele verander en die rotswand in waterbronne.

Nie aan ons, Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam gee eer, om u barmhartigheid en u waarheid ontwil,

[10] sodat die nasies nie sal sê nie: Waar is hul God?

Ons God het in die hemel en op aarde alles wat Hy wou, gedoen.

Die afgode van die nasies is van silwer en goud, die werk van mensehande;

hulle het ’n mond, maar sal nie praat nie; hulle het oë, maar sal nie sien nie;

hulle het ore, maar sal nie hoor nie; hulle het neuse, maar sal nie ruik nie;

[15] hulle het hande, maar sal nie tas nie; hulle het voete, maar sal nie loop nie; hulle sal geen stemgeluid deur hul keel laat klink nie.

Mag dié wat hulle maak, soos húlle word, en almal wat op hulle vertrou.

Die huis van Israel het op die Here gehoop; Hy is hul helper en verdediger.

Die huis van Aäron het op die Here gehoop; Hy is hul helper en verdediger.

Dié wat die Here vrees, het op die Here gehoop; Hy is hul helper en verdediger.

[20] Die Here het aan ons gedink en ons geseën; Hy het die huis van Israel geseën; Hy het die huis van Aäron geseën,

Hy het dié wat die Here vrees, geseën, klein saam met groot.

Mag die Here vir julle toevoeg, vir julle en jul kinders.

Mag julle geseënd wees, tot eer van die Here wat hemel en aarde gemaak het.

Die hemel der hemel behoort aan die Here, maar die aarde het Hy aan die mensekinders gegee.

[25] Die dooies sal U nie prys nie, Here, en ook nie almal wat in die doderyk afdaal nie,

maar óns, die lewendes, sal die Here loof van nou af en tot in ewigheid.

## Psalm 114

Halleluja.

Ek het liefgehad, want die Here sal die stem van my smeking hoor,

want Hy het sy oor tot my geneig; daarom sal ek Hom in my lewensdae aanroep.

Bande van die dood het my omring, die gevare van die Doderyk het my getref; ek het verdrukking en smart gevind,

maar ek het die Here aangeroep: O Here, red my siel.

[5] Barmhartig is die Here en regverdig; ja, ons God ontferm Hom.

Die Here bewaar die kindjies; ek is verneder, en Hy het my gered.

Keer terug, my siel, na jou rus, want die Here het goed aan jou gedoen,

want Hy het my siel uit die dood bevry, my oë van trane en my voete van struikeling.

Ek sal welgevallig voor die Here wees in die land van die lewendes.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 115

Halleluja.

Ek het geglo, daarom het ek gespreek; maar ek is diep verneder.

En ek het in my verbystering gesê: Elke mens is ’n leuenaar.

Wat sal ek die Here vergeld vir alles waarmee Hy my beloon het?

Ek sal die beker van verlossing opneem en die Naam van die Here aanroep.

[5] My geloftes sal ek aan die Here betaal in die teenwoordigheid van sy ganse volk.

Kosbaar in die oë van die Here is die dood van sy heiliges.

Here, ek is u dienskneg, ek is u dienskneg en die seun van u diensmaagd. U het my bande deurbreek;

ek sal ’n offer van lof aan U offer en die Naam van die Here aanroep.

My geloftes sal ek aan die Here betaal in die teenwoordigheid van sy ganse volk,

in die voorhowe van die huis van die Here, binne-in jou, o Jerusalem.

## Psalm 116

Halleluja.

Loof die Here, alle nasies; prys Hom, alle volke,

want sy barmhartigheid is bevestig oor ons, en die waarheid van die Here bly tot in ewigheid.

## Psalm 117

### Halleluja.

Bely die Here, want Hy is goed, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid.

Laat die huis van Israel nou sê dat Hy goed is, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid;

laat die huis van Aäron nou sê dat Hy goed is, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid;

laat almal wat die Here vrees, nou sê dat Hy goed is, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid.

[5] Uit benouenis het ek die Here aangeroep, en Hy het my verhoor en vir my ruimte gemaak.

Die Here is vir my ’n helper, en ek sal nie vrees vir wat ’n mens aan my sal doen nie.

Die Here is vir my ’n helper, en ék sal op my vyande neersien.

Dit is beter om op die Here te vertrou as om op ’n mens te vertrou;

dit is beter om op die Here te hoop as om op heersers te hoop.

[10] Al die nasies het my omsingel, maar in die Naam van die Here het ek hulle afgeweer;

hulle het my omring en omsingel, maar in die Naam van die Here het ek hulle afgeweer.

Hulle het my soos bye om ’n heuningkoek omsingel en soos vuur in doringstruike het hulle ontbrand, maar in die Naam van die Here het ek hulle afgeweer.

Ek is verstoot en onderstebo gekeer om te val, maar die Here het my gehelp.

Die Here is my sterkte en my loflied en Hy het my tot heil geword.

[15] Die stem van jubeling en heil is in die tente van die regverdiges; die regterhand van die Here het mag getoon;

die regterhand van die Here het my verhoog, die regterhand van die Here het mag getoon.

Ek sal nie sterwe nie, maar lewe en die werke van die Here vertel.

Die Here het my hard gekasty, maar my nie aan die dood oorgegee nie.

Maak vir my die poorte van geregtigheid oop; ek sal daardeur ingaan en die Here

bely.

[20] Dit is die poort van die Here; die regverdiges sal daardeur ingaan.

Ek sal U bely, want U het my verhoor en my tot heil geword.

Die steen wat die bouers verwerp het, dít het ’n hoeksteen geword;

dít het van die Here gekom en dit is wonderbaar in ons oë.

Dít is die dag wat die Here gemaak het; laat ons daaroor juig en bly wees.

[25] O Here, verlos tog; o Here, gee tog voorspoed.

Geseënd is hy wat kom in die Naam van die Here; ons het julle geseën uit die huis van die Here.

Die Here is God en het aan ons verskyn; berei ’n fees met die versieringe, tot by die horings van die altaar.

Ú is my God, en ek sal U bely; Ú is my God, en ek sal U verhef; ek sal U bely, want U het my verhoor en my tot heil geword.

Loof die Here, want Hy is goed, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God, ons Hoop, o Here, eer aan U.

## ~ Die Sewentiende Kathisma ~

### Psalm 118

Halleluja.

Salig is die onberispelikes van weg, hulle wat in die wet van die Here wandel.

Salig is dié wat sy getuienisse ondersoek; hulle sal Hom met hul hele hart soek.

Want dié wat ongeregtigheid bewerk, het nie in sy weë gewandel nie.

U het beveel dat u gebooie streng bewaar moet word.

[5] Ag, was my weë maar daarop gerig om u voorskrifte te onderhou.

Dan sal ek beslis nie beskaam word, wanneer ek al u gebooie aanskou nie.

Ek sal U in opregtheid van hart bely, wanneer ek die oordele van u geregtigheid geleer het.

Ek sal u voorskrifte bewaar, verlaat my nie heeltemal nie.

Waarmee sal ’n jongeling sy weg rig? Deur u woorde te bewaar.

[10] Met my hele hart het ek U gesoek; verstoot my nie van u gebooie nie.

Ek het u woorde in my hart gebêre, dat ek nie teen U sal sondig nie.

Lofwaardig is U, Here; leer my u voorskrifte.

Met my lippe het ek al die oordele van u mond vertel.

In die weg van u getuienisse het ek vreugde gevind, soos in alle rykdom.

[15] Ek sal u gebooie oordink en u weë oorweeg.

Ek sal oor u voorskrifte nadink; u woorde sal ek nie vergeet nie.

Vergeld u dienskneg; ek sal lewe en u woorde bewaar.

Open my oë, en ek sal die wonders uit u wet oordink.

Ék is ’n vreemdeling op die aarde; verberg u gebooie nie vir my nie.

[20] My siel het begeer om altyddeur na u oordele te verlang.

U het die hoogmoediges gedreig; vervloek is hulle wat van u gebooie afgewyk het.

Neem smaad en veragting van my af weg, want ek het u getuienisse ondersoek.

Want vorste het gesit en teen my gespreek, maar u dienskneg het u voorskrifte oordink.

Want u getuienisse is my oordenking, en u voorskrifte is my raadsmanne.

[25] My siel het aan die grond gekleef; maak my lewend na u woord.

My weë het ek vertel en U het my verhoor; leer my u voorskrifte.

Onderrig my in die weg van u voorskrifte, en ek sal u wonders oordink.

My siel het gesluimer van nalatigheid; versterk my deur u woorde.

Verwyder van my die weg van ongeregtigheid en ontferm U oor my deur u wet.

[30] Ek het die weg van waarheid gekies, en u oordele het ek nie vergeet nie.

Ek het u getuienisse aangekleef, Here; maak my nie beskaamd nie.

Ek het op die weg van u gebooie geloop, toe U my hart verruim het.

Leer my, Here, die weg van u voorskrifte, en ek sal dit altyddeur ondersoek.

Onderrig my en ek sal u wet ondersoek en ek sal dit met my hele hart bewaar.

[35] Lei my in die weg van u gebooie, want daarin het ek ’n behae gekry.

Neig my hart tot u getuienisse en nie tot winsbejag nie.

Wend my oë af, om nie ydelheid te aanskou nie; maak my lewend in u weg.

Bevestig u woord aan u kneg, dat hy U mag vrees.

Wend my oneer af wat ek gevrees het, want u oordele is goed.

[40] Kyk, ek het na u gebooie verlang; maak my lewend deur u geregtigheid.

En mag u barmhartigheid oor my kom, Here, u heil volgens u woord.

En ek sal ’n antwoord gee aan hulle wat my smaal, want op u woorde het ek gehoop.

En onttrek die woord van waarheid nie geheel en al aan my mond nie, want op u oordele het ek gehoop.

En ek sal u wet altyddeur onderhou, vir ewig en tot in ewigheid der ewigheid.

[45] En ek het in ruimte gewandel, omdat ek u gebooie gesoek het.

En ek het voor konings van u getuienisse gepraat en my nie geskaam nie.

En ek het nagedink oor u gebooie, wat ek baie liefgehad het.

En ek het my hande opgehef na u gebooie wat ek liefgehad het, en ek het u voorskrifte oordink.

Dink aan u woorde aan u dienskneg, waardeur U my hoop gegee het.

[50] Dít het my in my vernedering getroos, dat u woord my lewend gemaak het.

Die hoogmoediges het erg oortree, maar van u wet het ek nie afgewyk nie.

Ek het aan u oordele van ouds gedink, Here, en ek is getroos.

Wanhoop het my aangegryp vanweë sondaars wat u wet verlaat.

U voorskrifte was vir my gesange op die plek van my vreemdelingskap.

[55] In die nag het ek aan u Naam gedink, Here, en het ek u wet onderhou.

Dit het my te beurt geval, omdat ek u voorskrifte ondersoek het.

U is my deel, Here; ek het gesê dat ek u wet sal bewaar.

Ek het u aangesig gesmeek met my hele hart; ontferm U oor my volgens u woord.

Ek het u weë oordink en my voete na u getuienisse teruggebring.

[60] Ek is voorberei en het nie verward geraak nie, om u gebooie te onderhou.

Die lokvalle van sondaars het my verstrik, maar u wet het ek nie vergeet nie.

Middernag het ek opgestaan om U te bely vir die oordele van u geregtigheid.

Ek is ’n metgesel van almal wat U vrees en van dié wat u gebooie onderhou.

Here, die aarde is vol van u barmhartigheid; leer my u voorskrifte.

[65] U het goed gedoen aan u dienskneg, Here, volgens u woord.

Leer my van goedheid en opvoeding en kennis, want aan u gebooie het ek geglo.

Voordat ek verneder is, het ek oortree; daarom het ek u woord onderhou.

Ú is goed, Here, en in u goedheid leer my u voorskrifte.

Die ongeregtigheid van die hoogmoediges is teen my vermenigvuldig, maar ék sal u gebooie met my hele hart deurvors.

[70] Hulle hart het geskif geword soos melk, maar ék het u wet oordink.

Dit is goed vir my dat U my verneder het, sodat ek u voorskrifte sou leer.

Die wet van u mond is vir my beter as duisende stukke goud en silwer.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

U hande het my gemaak en my gevorm; maak my verstandig en ek sal u gebooie leer.

Hulle wat U vrees, sal my sien en hulle verbly, want op u woorde het ek gehoop.

[75] Ek weet, Here, dat u oordele geregtigheid is, en dat U my in waarheid verneder het.

Laat u barmhartigheid tog geskied om my te troos, volgens u woord aan u dienskneg.

Laat u medelye oor my kom, en ek sal lewe, want u wet is my oordenking.

Laat die hoogmoediges beskaamd staan, want hulle het op onregverdige wyse teen my oortree; maar ek sal u gebooie oordink.

Laat hulle wat U vrees, na my terugkeer, en ook hulle wat u getuienisse ken.

[80] Laat my hart onberispelik wees in u voorskrifte, sodat ek nie beskaamd staan nie.

My siel smag na u heil; op u woorde het ek gehoop.

My oë het gesmag na u woord en gesê: Wanneer sal U my vertroos?

Want ek het soos ’n leersak in die ryp geword; u voorskrifte het ek nie vergeet nie.

Hoeveel is die dae van u dienskneg? Wanneer sal U reg laat geskied vir my teen hulle wat my vervolg?

[85] Oortreders het vir my ydele verhaaltjies vertel, maar nie volgens u wet nie, Here.

Al u gebooie is waarheid; hulle het my op onregverdige wyse vervolg; help my.

Hulle het my amper vernietig op die aarde, maar ék het u gebooie nie versaak nie.

Maak my lewend na u barmhartigheid, en ek sal die getuienisse van u mond bewaar.

U woord, Here, bly tot in ewigheid in die hemel.

[90] U waarheid is van geslag tot geslag; U het die aarde gevestig en dit bly staan.

Deur u beskikking bly die dag bestaan, want alle dinge is u dienaars.

As u wet nie my oordenking was nie, sou ek vergaan het in my vernedering.

Ek sal u voorskrifte tot in ewigheid nie vergeet nie, want daardeur het U my lewend gemaak.

Aan U behoort ek; red my, want ek het u voorskrifte ondersoek.

[95] Sondaars het my ingewag om my te vernietig; ek het u getuienisse verstaan.

Aan alle volmaaktheid het ek ’n einde gesien; u gebod is baie wyd.

Hoe lief het ek u wet gehad, Here; dit is my oordenking die hele dag.

U het my bo my vyande wys gemaak ten opsigte van u gebod, want dit is tot in ewigheid myne.

Ek het meer verstaan as almal wat my onderrig, want u getuienisse is my oordenking.

[100] Ek het meer as die oudstes verstaan, want ek het u gebooie ondersoek.

Ek het my voete van elke bose weg weerhou, dat ek u woorde mag bewaar.

Ek het van u oordele nie afgewyk nie, want U het my reg geleer.

Hoe soet is u woorde vir my verhemelte, meer as heuning vir my mond.

Uit u gebooie het ek insig verkry; daarom het ek elke weg van onreg gehaat.

[105] U wet is ’n lamp vir my voete en ’n lig vir my paaie.

Ek het gesweer en staan vas om die oordele van u geregtigheid te bewaar.

Ek is diep verneder; Here, maak my lewend na u woord.

Laat die vrywillige offerandes van my mond U tog behaag, Here, en leer my u oordele.

My siel is altyddeur in u hande, en u wet het ek nie vergeet nie.

[110] Sondaars het ’n strik vir my gestel, maar van u gebooie het ek nie afgedwaal nie.

Ek het u getuienisse vir ewig as erfdeel ontvang, want hulle is die vreugde van my hart.

Ek het my hart geneig om vir ewig aan u voorskrifte uitvoering te gee, ter wille van vergoeding.

Ek het oortreders gehaat, maar u wet het ek liefgehad.

Ú is my hulp en my beskermer; op u woorde het ek gehoop.

[115] Wyk van my, kwaaddoeners, en ek sal die gebooie van my God deurvors.

Help my volgens u woord, en laat my lewe, en maak my nie beskaamd vanweë my verwagting nie.

Help my, en ek sal gered word en ek sal u voorskrifte altyddeur oordink.

U het almal wat van u voorskrifte afstand doen, verag, want hul oorweging is verkeerd.

Ek het al die sondaars op aarde as oortreders beskou; daarom het ek u getuienisse liefgehad.

[120] Slaan my vlees vas met die vrees vir U, want ek het u oordele gevrees.

Ek het reg en geregtigheid gedoen; gee my nie oor aan hulle wat my kwaad aandoen nie.

Neem u dienaar ten goede aan; laat die hoogmoediges my nie belaster nie.

My oë het versmag na u heil en na die woord van u geregtigheid.

Handel met u dienskneg volgens u barmhartigheid en leer my u voorskrifte.

[125] Ék is u dienskneg; maak my verstandig, en ek sal u getuienisse ken.

Dit is tyd vir die Here om te handel; hulle het u wet na die wind gestrooi.

Daarom het ek u gebooie liefgehad, meer as goud en topaas.

Daarom het ek my gerig na al u gebooie; elke verkeerde weg het ek gehaat.

U getuienisse is wonderbaar; daarom het my siel hulle deurvors.

[130] Die uiteensetting van u woorde sal kinderlikes verlig en verstandig maak.

Ek het my mond oopgemaak en na asem gehyg, want na u gebooie het ek verlang.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Sien my aan en wees my barmhartig, volgens die beslissing oor dié wat u Naam liefhet.

Rig my voetstappe volgens u woord, en laat geen ongeregtigheid oor my heers nie.

Verlos my van die laster van mense, en ek sal u gebooie bewaar.

[135] Laat u aangesig oor u dienskneg skyn en leer my u voorskrifte.

My oë het strome water laat loop, omdat ek nie u wet bewaar het nie.

U is regverdig, Here, en u oordele is reg.

U het as u getuienisse geregtigheid en louter waarheid beveel.

Ywer vir U het my verteer, omdat my vyande u woorde vergeet het.

[140] U woord is deur en deur gelouter, en u dienskneg het dit liefgehad.

Ék is jonk en verag; u voorskrifte het ek nie vergeet nie.

U geregtigheid is geregtigheid tot in ewigheid, en u wet is waarheid.

Benoudhede en behoeftes het my gevind; u gebooie is my bepeinsing.

U getuienisse is geregtigheid tot in ewigheid; maak my verstandig, en ek sal lewe.

[145] Ek het met my hele hart geroep; verhoor my, Here; ek sal u voorskrifte ondersoek.

Ek het U aangeroep; verlos my, en ek sal u getuienisse bewaar.

Ek het vroeg opgestaan en geroep; op u woorde het ek gehoop.

My oë het die daeraad voorgespring om u woorde te oordink.

Hoor my stem na u barmhartigheid, Here; maak my lewend volgens u oordeel.

[150] Hulle wat my onwettig vervolg, het nadergekom; maar hulle is ver verwyderd van u wet.

U is naby, Here, en al u weë is waarheid.

Lankal het ek uit u getuienisse geweet dat U hulle vir ewig gegrond het.

Sien my vernedering aan en red my, want u wet het ek nie vergeet nie.

Oordeel my regsaak en verlos my; maak my lewend vanweë u woord.

[155] Die heil is ver van sondaars, want hulle het nie u voorskrifte ondersoek nie.

U ontferminge is menigvuldig, Here; maak my lewend volgens u oordeel.

Talryk is dié wat my vervolg en my verdruk; van u getuienisse het ek nie afgewyk nie.

Ek het hulle gesien wat sonder begrip handel en ek het weggekwyn, omdat hulle u woorde nie bewaar het nie.

Kyk, ek het u bevele liefgehad; Here, maak my lewend na u barmhartigheid.

[160] Die begin van u woorde is waarheid, en al die oordele van u geregtigheid is tot in ewigheid.

Vorste het my sonder oorsaak vervolg, en my hart het gevrees vanweë u woorde.

Ek sal bly wees oor u woorde soos iemand wat baie buit vind.

Ek het onreg gehaat en dit verafsku, maar u wet het ek liefgehad.

Sewe maal per dag het ek U geloof oor die oordele van u geregtigheid.

[165] Dié wat u wet liefhet, het groot vrede, en vir hulle is daar geen struikelblok nie.

Op u heil het ek gewag, Here, en u gebooie het ek liefgehad.

My siel het u getuienisse bewaar, en hulle baie liefgehad.

Ek het u gebooie en u getuienisse bewaar, want al my weë is voor U, Here.

Laat my smeking naderkom voor u aangesig, Here; maak my verstandig volgens u woord.

[170] Mag my versoek voor u aangesig kom, Here; red my volgens u woord.

Mag my lippe ’n loflied uiter, wanneer U my u voorskrifte geleer het.

Mag my tong u woorde uiter, want al u gebooie is geregtigheid.

Laat u hand daar wees om my te verlos, want ek het u gebooie gekies.

Ek het na u heil verlang, Here; en u wet is my oordenking.

[175] My siel sal lewe en U loof, en u oordele sal my help.

Ek het gedwaal soos ’n verlore skaap; soek u dienskneg, want u gebooie het ek nie vergeet nie.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God, ons Hoop, Here, eer aan U.



## ~ Die Agtiende Kathisma ~

### Psalm 119

'n Bestygingslied.

In my benoudheid het ek die Here aangeroep, en Hy het my verhoor.

Here, red my siel van onregverdige lippe en van 'n bedrieglike tong.

Wat moet jou gegee word en wat vir jou daaraan toegevoeg word, vir 'n bedrieglike tong?

Skerp gemaakte pyle van 'n held saam met gloeiende kole uit die woestyn.

[5] Wee my, dat my bywonerskap verleng is; ek het my tent by die tente van Kedar opgeslaan.

My siel was lank 'n bywoner.

Met dié wat vrede haat, was ek vredeliewend; wanneer ek met hulle gepraat het, het hulle sonder rede die stryd teen my gevoer.

### Psalm 120

'n Bestygingslied.

Ek het my oë na die berge opgeslaan, waar my hulp vandaan sal kom.

My hulp is van die Here wat hemel en aarde gemaak het.

Laat jou voet nie wankel nie; en laat jou bewaarder nie sluimer nie.

Kyk, die bewaarder van Israel sal nie sluimer of slaap nie.

[5] Die Here sal jou bewaar; die Here is jou beskutting aan jou regterhand;

die son sal jou bedags nie brand nie, en die maan ook nie snags nie.

Die Here sal jou bewaar van alle onheil; die Here sal jou siel bewaar.

Die Here sal jou ingang en jou uitgang bewaar van nou af en tot in ewigheid.

### Psalm 121

'n Bestygingslied.

Ek was bly toe hulle vir my gesê het: Ons sal na die huis van die Here gaan.

Ons voete het in jou voorhowe gestaan, o Jerusalem.

Jerusalem wat gebou is as ’n stad, waaraan die inwoners saam ’n aandeel het.

Daarheen het die stamme opgetrek, die stamme van die Here, as ’n getuienis vir Israel om die Naam van die Here te bely;

[5] want daar staan setels vir die gereg, setels vir die huis van Dawid.

Vra tog om wat die vrede van Jerusalem dien; en mag daar voorspoed wees vir hulle wat jou liefhet;

laat daar tog vrede wees in jou leërmag en voorspoed in jou vestings.

Ter wille van my broers en my naaste het ek inderdaad van vrede aangaande jou gespreek.

Ter wille van die huis van die Here ons God het ek die goeie vir jou gesoek.

## Psalm 122

’n Bestygingslied.

Ek het my oë opgeslaan tot U wat in die hemel woon.

Kyk, soos die oë van diensknegte is op die hande van hul meesters, soos die oë van ’n diensmaagd is op die hande van haar meesteres, so is ons oë op die Here ons God, totdat Hy Hom oor ons ontferm.

Ontferm U oor ons, Here, ontferm U oor ons, want ons is meer as versadig van veragting,

meer as versadig is ons siel. Smaad is daar vir hulle wat gedy, en veragting vir die hoogmoediges.

## Psalm 123

’n Bestygingslied.

As die Here nie by ons was nie - laat Israel dit sê -

as die Here nie by ons was toe die mense teen ons opgestaan het,

dan het hulle ons lewendig verslind toe hul toorn teen ons ontvlam het;

dan het die waters ons oorstroom, het ons siel deur die stroom gegaan;

[5] dan het ons siel deur die onweerstaanbare water gegaan.

Geloof sy die Here wat ons nie as prooi aan hul tande oorgegee het nie.

Ons siel is bevry soos ’n voël uit die strik van die voëlvangers; die strik is gebreek, en óns is bevry.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat hemel en aarde gemaak het.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 124

'n Bestygingslied.

Dié wat op die Here vertrou, is soos die berg Sion; hy wat in Jerusalem woon, sal tot in ewigheid nie wankel nie.

Rondom haar is berge; en die Here is rondom sy volk van nou af en tot in ewigheid.

Want die Here sal nie die septer van sondaars toelaat op die erfdeel van die regverdiges nie, sodat die regverdiges nie hul hande na onreg sal uitsteek nie.

Doen goed aan die goeies, Here, en aan dié wat opreg van hart is;

[5] maar dié wat langs krom paaie wegdraai, sal die Here saam met die werkers van ongeregtigheid wegvoer. Vrede oor Israel!

## Psalm 125

'n Bestygingslied.

Toe die Here die gevangenskap van Sion ongedaan gemaak het, het ons geword soos dié wat vertroos is.

Toe is ons mond vervul met vreugde, en ons tong met gejubel. Dan sal hulle onder die nasies sê: Die Here het groot dinge aan hulle gedoen.

Die Here het groot dinge aan ons gedoen; ons het bly geword.

Keer ons gevangenskap om, Here, soos waterstrome in die Suidland.

[5] Dié wat met trane saai, sal met gejubel maai.

Hulle het gedurig uitgegaan en geween, terwyl hulle hul saadkorrels strooi; maar hulle sal sekerlik met gejubel kom en hul gerwe dra.

## Psalm 126

'n Bestygingslied.

As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk dié wat daaraan bou; as die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter.

Tevergeefs dat julle vroeg opstaan; julle staan op nadat julle gaan sit het, julle wat die brood van smart eet, terwyl Hy slaap aan sy geliefdes gee.

Kyk, seuns is 'n erfdeel van die Here; die beloning van die vrug van die skoot.

Soos pyle in die hand van 'n magtige, so is die seuns van die verstotenes.

[5] Salig is die man wat sy verlange deur hulle gevul het; hulle sal nie beskaamd staan, wanneer hulle met die vyande in die poorte spreek nie.

## Psalm 127

'n Bestygingslied.

Salig is almal wat die Here vrees, hulle wat in sy weë wandel.

Die opbrengs van jou hande sal jy eet; salig is jy, en dit sal met jou goed gaan.

Jou vrou is soos 'n vrugbare wynstok aan die kante van jou huis, jou seuns is soos olyfboomspruite rondom jou tafel.

Kyk, so sal die man geseën word wat die Here vrees.

[5] Mag die Here jou seën uit Sion, en mag jy die goeie dinge van Jerusalem aanskou, al die dae van jou lewe,

en mag jy jou kindskinders aanskou. Vrede vir Israel.

## Psalm 128

'n Bestygingslied.

Dikwels het hulle die stryd teen my gevoer van my jeug af - laat Israel dit tog sê -

dikwels het hulle die stryd teen my gevoer van my jeug af; en tog het hulle my nie oorwin nie.

Die sondaars het op my rug gehamer; hulle het hul ongeregtigheid verleng.

Die Here is regverdig; Hy het die nekke van die sondaars afgekap.

[5] Laat hulle beskaamd staan en terugval, almal wat Sion haat.

Laat hulle word soos gras op die dakke, wat verdor voordat dit uitgetrek word,

waarmee die maaier sy hand en die gerwebinder sy boesem nie vul nie,

en dié wat verbygaan, het nie gesê nie: Die seën van die Here oor julle;
ons het julle in die Naam van die Here geseën.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 129

'n Bestygingslied.

Uit die dieptes het ek U aangeroep, Here;

Here, hoor my stem; laat u ore let op die stem van my smeking.

As U, Here, ongeregtighede in gedagte hou, Here, wie sal bestaan?

Want by U is daar versoening.

[5] Om u Naam ontwil het ek op U gewag, Here; my siel het gewag op u woord.

My siel het gehoop op die Here vanaf die oggendwaak tot die nag; vanaf die oggendwaak laat Israel op die Here hoop.

Want by die Here is die barmhartigheid en by Hom is daar veel verlossing,

en Hy sal Israel verlos van al sy ongeregtighede.

## Psalm 130

'n Bestygingslied.

Here, my hart is nie verhef, en my oë nie opgerig nie; ook het ek nie gewandel in groot dinge, en in wat vir my te wonderbaar is nie.

As ek my nie verneder het nie, maar my siel verhef het - soos 'n gespeende kind by sy moeder, so sal U my siel vergeld.

Laat Israel op die Here hoop, van nou af en tot in ewigheid.

## Psalm 131

'n Bestygingslied.

Here, dink aan Dawid en aan al sy sagmoedigheid;

dat hy aan die Here gesweer het, 'n gelofte gedoen het aan die God van Jakob:

Ek sal nie ingaan in die tent van my woning nie, ek sal nie klim op die bed wat vir my gesprei is nie;

ek sal my oë geen slaap en my ooglede geen sluimering gun nie, en my slape geen rus nie,

[5] totdat ek 'n plek vind vir die Here, 'n woning vir die God van Jakob.

Kyk, ons het daarvan gehoor in Éfrata; ons het dit gevind in die velde van die ruigte;

ons sal sy wonings binnegaan, ons sal kniel by die plek waar sy voete gestaan het.

Staan op na u rusplek, Here, U en die ark van u heiligheid;

u priesters sal met geregtigheid beklee word, en u heiliges sal bly wees.

[10] Ter wille van Dawid, u dienskneg, wend nie u aangesig van u gesalfde af nie.

Die Here het aan Dawid gesweer in waarheid, en Hy sal dit nie ophef nie: Van die vrug van jou liggaam sal Ek op jou troon sit;

as jou seuns my verbond hou en hierdie getuienisse van My wat Ek hulle sal leer, dan sal húl seuns ook tot in ewigheid op jou troon sit.

Want die Here het Sion uitgekies; Hy het haar as woonplek vir Hom gekies:

Sy is my rusplek tot in ewigheid der ewigheid; hier sal Ek woon, want Ek het haar gekies;

[15] haar poort sal Ek ryklik seën; haar behoeftiges sal Ek versadig met brood;

haar priesters sal Ek met heil beklee, en haar heiliges sal met vreugde jubel.

Daar sal Ek vir Dawid 'n horing laat uitspruit; Ek het vir my gesalfde 'n lamp toeberei;

Ek sal sy vyande met skaamte beklee, maar op hom sal my heiligheid bloei.

## Psalm 132

'n Bestygingslied.

Kyk, wat is so goed en wat is so lieflik as broers wat saamwoon?

Dit is soos olie op die hoof, wat afloop op die baard, die baard van Aäron, wat afloop op die soom van sy klere;

dit is soos die dou van Hermon wat neerdaal op die berge van Sion; want daar het die Here die seën gebied, die lewe tot in ewigheid.

## Psalm 133

### ’n Bestygingslied.

Kyk nou, loof die Here, alle knegte van die Here, wat in die huis van die Here staan, in die voorhowe van die huis van ons God.

Hef jul hande snags op na die heiligdom en loof die Here.

Mag die Here jou seën uit Sion, Hy wat hemel en aarde gemaak het.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God, ons Hoop, Here, eer aan U.

## ~ Die Negentiende Kathisma ~

### Psalm 134

Halleluja.

Prys die Naam van die Here; prys die Here, o knegte,

wat in die huis van die Here staan, in die voorhowe van die huis van ons God.

Prys die Here, want die Here is goed; psalmsing tot eer van sy Naam, want dit is lieflik,

want die Here het Jakob vir Hom uitgekies, Israel tot sy eiendom.

[5] Want ék weet dat die Here groot is, en dat ons Here bo alle gode is.

Alles wat die Here wou, het Hy gedoen in die hemel en op aarde, in die seë en in al die dieptes;

deur wolke vanaf die einde van die aarde op te bring, het Hy weerligstrale vir die reën gemaak; Hy wat winde uit sy skatkamers bring,

wat die eersgeborenes van Egipte getref het, van die mens tot die vee.

Hy het tekens en wonders in jou midde uitgestuur, Egipte, op Farao en al sy knegte.

[10] Hy wat baie nasies getref het, en magtige konings gedood het:

Sihon, die koning van die Amoriete, en Og, die koning van Basan, en al die koninkryke van Kanaän,

en hul land as erfdeel gegee het, as erfdeel aan Israel, sy volk.

Here, u Naam is tot in ewigheid, en u gedagtenis van geslag tot geslag.

Want die Here sal sy volk as rigter bestuur en sal om sy dienaars ontwil gesmeek word.

[15] Die afgode van die nasies is van silwer en goud, die werke van mensehande;

hulle het 'n mond, maar praat nie; hulle het oë, maar sal nie sien nie;

hulle het ore, maar sal nie hoor nie; ook is daar immers geen asem in hul mond nie.

Mag hulle soos húlle word, dié wat hulle maak, en almal wat op hulle vertrou.

Huis van Israel, loof die Here; huis van Aäron, loof die Here.

[20] Huis van Levi, loof die Here; julle wat die Here vrees, loof die Here;

geloof sy die Here uit Sion, Hy wat in Jerusalem woon.

## Psalm 135

### Halleluja.

Bely die Here, want Hy is goed, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid;

bely die God van die gode, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid;

bely die Here der here, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid;

Hy wat alleen groot wonders gedoen het, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid;

[5] Hy wat die hemele met verstand gemaak het, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid;

Hy wat die aarde op die waters gevestig het, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid;

Hy wat alleen die groot ligte gemaak het, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid;

die son om te heers oor die dag, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid;

die maan en sterre om te heers oor die nag, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid;

[10] Hy wat Egipte getref het saam met hul eersgeborenes, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid,

en Israel uit hul midde gelei het, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid,

met ’n sterk hand en ’n verhewe arm, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid;

Hy wat die Rooi See in gedeeltes verdeel het, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid;

en Israel deur die middel daarvan gelei het, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid,

[15] en Farao en sy leërmag in die Rooi See afgeskud het, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid;

Hy wat sy volk deur die woestyn gelei het, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid;

Hy wat groot konings getref het, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid,

en magtige konings gedood het, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid,

Sihon, die koning van die Amoriete, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid,

[20] en Og, die koning van Basan, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid,

en hul land as erfdeel gegee het, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid,

as erfdeel aan Israel, sy dienskneg, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid.

Want in ons vernedering het die Here aan ons gedink, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid,

en het Hy ons van ons vyande verlos, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid;

[25] Hy wat voedsel gee aan alle vlees, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid.

Bely die God van die hemel, want sy barmhartigheid is tot in ewigheid.

## Psalm 136

### Van Dawid; deur Jeremia.

By die riviere van Babilon, daar het ons gesit en ween wanneer ons aan Sion dink.

Aan die wilgerbome in haar midde het ons ons instrumente opgehang;

want daar het dié wat ons gevange geneem het, ons om die woorde van liedere gevra en dié wat ons weggevoer het, om ’n gesang: Sing vir ons van die liedere van Sion.

Hoe sal ons die lied van die Here in ’n vreemde land kan sing?

[5] As ek jou vergeet, Jerusalem, mag my regterhand vergeet word;

mag my tong in my keel vassit, as ek nie aan jou dink nie, as ek nie voorkeur gee aan Jerusalem as die oorsprong van my blydskap nie.

Onthou, Here, die seuns van Edom oor die dag van Jerusalem, hulle wat gesê het: Stroop haar, stroop haar, tot by haar fondamente.

Dogter van Babilon, jy die ellendige, salig is hy wat jou sal vergeld met die vergelding waarmee jy ons vergeld het;

salig is hy wat jou kinders sal gryp en teen die rots sal verpletter.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 137

’n Psalm van Dawid; deur Haggai en Sagaría.

Ek sal U met my hele hart bely, Here, en voor die engele sal ek psalmsing tot u eer, want U het al die woorde van my mond gehoor.

Ek sal my neerbuig na u heilige tempel en u Naam bely oor u barmhartigheid en u waarheid, want U het u heilige Naam bo alles verheerlik.

Op welke dag ek U ook al aanroep, verhoor my gou; U sal my ryklik voorsien in my siel, deur u krag.

Laat al die konings van die aarde U bely, Here, want hulle het al die woorde van u mond gehoor.

[5] En laat hulle in hul liedere van die Here sing, want groot is die heerlikheid van die Here,

want die Here is verhewe en sien die nederige aan en die verhewe dinge ken Hy van ver af.

As ek te midde van benoudheid wandel, sal U my in die lewe behou; U het u hande teen die toorn van my vyande uitgesteek, en u regterhand het my verlos.

Die Here sal hulle namens my vergeld. Here, u barmhartigheid is tot in ewigheid; veronagsaam nie die werke van u hande nie.

## Psalm 138

Tot die einde; ‘n Psalm van Dawid.

Here, U het my deurgrond, en U ken my;

U ken my sit en my opstaan; U het my gedagtes van ver af verstaan;

U het my weg en my bed nagespeur en al my paaie vooruit gesien,

want daar is geen bedrog op my tong nie.

[5] Kyk, Here, Ú weet alles, die jongste en die vroeëre; Ú het my gevorm en u hand op my gelê.

U kennis is deur my as wonder beskou; dit is oorweldigend; ek kan dit glad nie begryp nie.

Waarheen sou ek weggaan van u Gees en waar sal ek van u aangesig vlug?

As ek na die hemel opgaan, is Ú daar; as ek na die doderyk afdaal, is U teenwoordig;

as ek my vlerke teen daeraad sou span en by die uiteindes van die see gaan woon,

[10] sal u hand my ook daar lei, en u regterhand my vashou.

En ek het gesê: Die duisternis sal my immers vertrap, maar die nag het lig in my vreugde geword;

want die duisternis sal nie vir U duister wees nie en die nag sal soos die dag verlig word; soos die duisternis daarvan, so sal ook die lig daarvan wees.

Want U het my niere besit, Here; U het my vanaf my moederskoot vasgegryp.

Ek sal U bely, want U is met ontsag bewonder; wonderbaar is u werke, en my siel weet dit al te goed.

[15] My gebeente, wat U in die verborgene gemaak het, was nie vir U verborge nie, ook nie my wese in die onderste van die aarde nie;

u oë het my ongevormde toestand gesien, en in u boek sal almal opgeskrywe word; hulle sal bedags gevorm word, terwyl daar nog niemand onder hulle is nie.

Maar u vriende is baie hoog geag deur my, o God; hul gesag is inderdaad bevestig;

Ek sal hulle tel, en hulle sal meer as sand vermeerder word; ek het opgestaan en is steeds met U.

As U maar sondaars dood, o God - o manne van bloed, wend julle van my af,

[20] want julle is rusiemakers in jul oorweginge - hulle sal u stede tevergeefs verower.

Het ek nie dié wat U haat, gehaat nie, Here, en het ek nie oor u vyande weggekwyn nie?

Ek het hulle met 'n volkome haat gehaat; hulle het my vyande geword.

Ondersoek my, o God, en ken my hart; beproef my en ken my weë.

En kyk of daar 'n weg van wetteloosheid in my is, en lei my op die ewige weg.

## Psalm 139

Tot die einde; 'n Psalm van Dawid.

Bevry my, Here, van die bose mens; red my van die onregverdige man,

hulle wat onreg in hul hart beraam het; die hele dag het hulle gevegte opgestel;

hulle het hul tong skerpgemaak soos dié van 'n slang; die gif van adders is onder hul lippe.

[5] Bewaar my, Here, van die hand van die sondaar; bevry my van onregverdige mense, wat beraam het om my voete te laat struikel;

trotsaards het ’n strik vir my verberg en toue gespan, strikke vir my voete; langs die pad het hulle vir my struikelblokke gestel.

Ek het vir die Here gesê: Ú is my God; luister na die stem van my smeekgebed, Here.

Here, Here, sterkte van my heil, U het my hoof beskut op die dag van stryd.

Gee my nie vanweë my verlange oor aan die sondaar nie, Here; hulle het teen my gekonkel; verlaat my nie, sodat hulle nie verhef sou word nie.

[10] Wat die hoof van hul kring betref - die moeite van hul lippe sal hulle bedek.

Brandende kole sal op hulle val; U sal hulle in die vuur laat val; in ellendes sal hulle beslis nie stand hou nie.

’n Twisgierige man sal nie op aarde vooruitgaan nie; onheil sal ’n onregverdige man tot vernietiging jag.

Ek weet dat die Here die regsaak van die armes en die reg van die behoeftiges sal handhaaf.

Maar die regverdiges sal u Naam bely; die opregtes sal in die teenwoordigheid van u aangesig woon.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 140

’n Psalm van Dawid.

Heer, ek het U aangeroep, verhoor my; luister na die stem van my smeking,
as ek U aanroep.

Laat my gebed soos wierook voor u aangesig opgaan, die opheffing van my hande
soos ’n aandoffer.

Stel ’n wag, Here, voor my mond, en ’n vaste deur om my lippe.

Neig nie my hart tot slegte woorde, om te gebruik as voorwendsel vir my sondes saam met mense wat wetteloosheid bedryf, en laat my nie met hul uitgesoektes een word nie.

[5] Die regverdige sal my met barmhartigheid tugtig en my betig; maar laat die olie van die sondaar nie my hoof salf nie; want my gebed sal steeds teen hul begeertes wees;

hul regters is naby die rots ingesluk; hulle sal my woorde hoor, want hulle is soet.

Soos ’n kluit grond op die aarde gebreek word, is hul beendere by die doderyk gestrooi.

Want op U is my oë, Here, Here; op U het ek my hoop gestel, neem nie my siel weg nie.

Bewaar my van die strik wat hulle vir my gestel het, en van die struikelblokke van hulle wat wetteloosheid bedryf.

[10] Die sondaars sal in hul eie nette val; ék is op my eie, totdat ek verbygaan.

## Psalm 141

Van begrip, van Dawid, toe hy in die grot was. ’n Gebed.

Met my stem het ek die Here aangeroep; met my stem het ek die Here gesmeek.

Ek sal my smeking voor Hom uitstort; ek sal my nood voor Hom bekendmaak.

Toe my gees my begewe het, het Ú my weë geken; juis op die pad waarop ek gegaan het, het hulle heimlik ’n strik vir my gestel.

[5] Ek het na regs gekyk en gesien, maar daar was niemand wat my geken het nie; vlug was vir my verlore, en daar is niemand wat vir my siel omgee nie.

Ek het U aangeroep, Here, ek het gesê: Ú is my hoop, my deel in die land van die lewendes.

Luister na my smeking, want ek is uitermate verneder; red my van my vervolgers, want hulle is te sterk vir my.

Lei my siel uit die gevangenis om u Naam te bely; die regverdiges sal op my wag totdat U my beloon.

# Psalm 142

'n Psalm van Dawid, toe sy seun hom agtervolg het.

Here, hoor my gebed; luister na my smeking in u waarheid; verhoor my in u geregtigheid;

en gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, sal voor u aangesig geregverdig word nie.

Want die vyand het my siel vervolg; hy het my lewe tot teen die grond verneder; hy het my laat sit in duisternis soos hulle wat lankal dood is;

en my gees is vermoeid oor my; my hart is ontsteld in my.

[5] Ek het gedink aan die dae van weleer; ek het nagedink oor al u dade; oor die werke van u hande het ek steeds nagedink.

Ek het my hande na U toe uitgesteek; my siel smag na U soos 'n dorsland.

Hoor my gou, Here; my gees het my begewe; wend nie u aangesig van my af nie, sodat ek nie sal word soos hulle wat in die kuil neerdaal nie.

Laat my in die môre u barmhartigheid hoor, want op U het ek my hoop gestel; maak aan my die weg bekend, Here, waarop ek moet gaan, want tot U het ek my siel opgehef;

bevry my van my vyande, Here, want tot U het ek my toevlug geneem.

[10] Leer my om u wil te doen, want Ú is my God; u goeie Gees sal my in 'n land van opregtheid lei.

Om u Naam ontwil, Here, sal U my lewend maak; in u geregtigheid sal U my siel uit verdrukking lei;

en in u ontferming sal U my vyande uitroei en sal U almal vernietig wat my siel verdruk, want ék is u kneg.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God, ons Hoop, Here, eer aan U.

## ~ Die Twintigste Kathisma ~

### Psalm 143

Van Dawid, aangaande Góliat.

Geloof sy die Here, my God, wat my hande vir die stryd, my vingers vir oorlog onderrig;

my barmhartigheid en my toevlug, my helper en my redder, my skildwag, en die Een op Wie ek gehoop het, wat my volk aan my onderwerp.

Here, wat is die mens dat U aan hom bekend gemaak is, of die mensekind dat U op hom ag gee?

Die mens het soos nietigheid geword; sy dae gaan soos ’n skaduwee verby.

[5] Here, buig die hemele en daal neer; raak die berge aan, en hulle sal rook.

Laat weerlig straal en U sal hulle verstrooi; stuur u pyle uit en U sal hulle verwar.

Strek u hand uit die hoogte uit; bevry my en red my uit baie waters, uit die hand van die vreemde seuns,

wie se mond niksseggend gespreek het, en hul regterhand is ’n regterhand van ongeregtigheid.

O God, ek sal ’n nuwe lied sing tot u eer; ek sal op die tiensnarige instrument vir U psalmsing

[10] wat bevryding aan konings gee, wat sy dienskneg Dawid verlos van ’n bose swaard.

Red my en bevry my uit die hand van vreemde seuns, wie se mond niksseggend gespreek het; en hul regterhand is ’n regterhand van ongeregtigheid,

wie se seuns soos jong plante in hul jeug gevestig is, hul dogters opgesmuk en getooi soos die ewebeeld van ’n tempel;

hul skure is vol, wat hulle uitstort van hier tot daar; hul kleinvee is vrugbaar, wat in hul deurgange vermeerder;

hul osse is vet; daar is geen bres in die muur nie, en geen uitgang nie, en geen geskreeu in hul strate nie;

[15] hulle het die volk wat hierdie dinge het, salig genoem; salig is die volk wie se God die Here is.

## Psalm 144

Lof, van Dawid.

O my God, my Koning, ek sal U verhoog en u Naam loof tot in ewigheid, ja, tot in ewigheid der ewigheid.

Elke dag sal ek U loof en u Naam prys tot in ewigheid, ja, tot in ewigheid der ewigheid.

Die Here is groot en baie lofwaardig, en aan sy grootheid is daar geen perk nie.

Geslag op geslag sal u werke prys en u mag sal hulle verkondig.

[5] Hulle sal spreek van die majesteit van die heerlikheid van u heiligheid en sal u wonders beskryf.

En hulle sal spreek van die mag van u ontsagwekkende dade en sal u grootheid beskryf.

Hulle sal die vermelding van die oorvloed van u goedheid laat uitstroom en jubel oor u geregtigheid.

Genadig en barmhartig is die Here, lankmoedig en groot van goedertierenheid.

Die Here is vir almal goed, en sy medelye is oor al sy werke.

[10] Laat al u werke U bely, Here, en laat u heiliges U loof.

Hulle sal melding maak van die heerlikheid van u koninkryk en spreek van u mag,

om aan die mensekinders u mag bekend te maak en die heerlikheid van die majesteit van u koninkryk.

U koninkryk is ’n koninkryk van alle eeue, en u heerskappy duur deur al die geslagte.
Die Here is getrou in al sy woorde en heilig in al sy werke.

Die Here ondersteun almal wat val en Hy rig almal op wat neergehaal is.

[15] Die oë van almal wag op U, en U gee hulle hul spys op die regte tyd.

U maak u hand oop en versadig alles wat lewe met welbehae.

Die Here is regverdig in al sy weë en heilig in al sy werke.

Die Here is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom aanroep in waarheid.

Hy sal die wens van dié wat Hom vrees, vervul, en Hy sal hul hulpgeroep hoor en hulle verlos.

[20] Die Here bewaar almal wat Hom liefhet, maar Hy sal al die sondaars verdelg.

My mond sal die lof van die Here uitspreek en laat alle vlees sy heilige Naam loof tot in ewigheid, ja, tot in ewigheid der ewigheid.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 145

Halleluja, deur Haggai en Sagaría.

Prys die Here, o my siel;

ek sal die Here prys solank ek lewe; ek sal psalmsing tot my God solank ek daar is.

Vertrou nie op prinse, op die mensekind, by wie geen heil is nie.

Sy gees sal uitgaan. En hy sal terugkeer na sy aarde toe; op daardie dag sal al sy gedagtes tot niet gaan.

[5] Salig is hy wie se hulp die God van Jakob is; sy hoop is op die Here sy God

wat hemel en aarde gemaak het, die see en alles wat daarin is; wat waarheid tot in ewigheid bewaar,

deur reg te doen aan die veronregtes, deur voedsel te gee vir dié wat honger is; die Here maak die geboeides los,

die Here maak die blindes wys, die Here rig die gebrokenes op, die Here het die regverdiges lief,

die Here bewaar die bekeerlinge; Hy sal die wees en weduwee aanneem, maar die weg van sondaars verdelg.

[10] Die Here sal tot in ewigheid koning wees, jou God, o Sion, van geslag tot geslag.

## Psalm 146

Halleluja, deur Haggai en Sagaría.

Loof die Here, want ’n psalm is goed; mag lof soet wees vir ons God.

Die Here bou Jerusalem, en Hy sal die verstrooides van Israel versamel,

Hy wat die verbryseldes van hart genees en hul breuke verbind,

Hy wat die menigte sterre tel, en aan hulle almal name gee.

[5] Groot is ons Here, en groot is sy krag, en sy verstand is oneindig.

Die Here neem sagmoediges aan, maar Hy verneder sondaars tot die grond toe.

Hef ’n danklied aan tot eer van die Here; psalmsing tot eer van ons God op die siter,

Hy wat die hemel met wolke omhul, wat vir die aarde reën berei, wat gras op die berge laat uitspruit en groenigheid tot diens van die mens,

wat aan die vee hul voedsel gee en aan die kuikens van die rawe wanneer hulle tot Hom roep.

[10] Hy sal nie ’n behae in die krag van die perd hê nie, en in die kuite van die man het Hy nie ’n welgevalle nie;

die Here het ’n welgevalle in dié wat Hom vrees en in almal wat op sy barmhartigheid hoop.

## Psalm 147

### Halleluja, deur Haggai en Sagaría.

O Jerusalem, prys die Here; o Sion, loof jou God,

want Hy het die grendels van jou poorte sterk gemaak; Hy het jou kinders binne-in jou geseën,

Hy wat jou grense vrede gee en jou met die beste van die koring vul,

Hy wat sy uitspraak na die aarde gestuur het; sy woord sal vinnig loop,

[5] Hy wat sneeu gee soos wol, wat mistigheid strooi soos as,

wat ys soos krummels werp; wie sal voor sy koue bestaan?

Hy sal sy woord uitstuur en hulle smelt; sy wind sal waai en waters sal vloei.

Hy wat sy woord aan Jakob bekend maak, sy voorskrifte en oordele aan Israel.

So het Hy aan geen nasie gedoen nie en sy oordele het Hy nie aan hulle geopenbaar nie.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Psalm 148

Halleluja, deur Haggai en Sagaría.

Loof die Here uit die hemele, loof Hom in die hoogste hemele.

Loof Hom, al sy engele; loof Hom, al sy magte.

Loof Hom, son en maan; loof Hom, al die sterre en die lig.

Loof Hom, hoogste hemele en waters wat bo die hemele is.

[5] Laat hulle die Naam van die Here loof; want Hy het gespreek en hulle het ontstaan; Hy het bevel gegee, en hulle is geskape.

Hy het hulle in stand gehou tot in ewigheid, ja, tot in ewigheid der ewigheid; Hy het ’n bevel neergelê, en dit sal nie verbygaan nie.

Loof die Here van die aarde af, seemonsters en alle dieptes;

vuur, hael, sneeu, ys en stormwind, wat sy woord volbring;

berge en alle heuwels, vrugtebome en alle seders;

[10] wilde diere en alle vee, kruipende diere en gevleuelde voëls;

konings van die aarde en alle volke, vorste en alle regters van die aarde;

jongelinge en jongedogters, oues saam met jonges;

laat hulle die Naam van die Here loof, want sy Naam alleen is verhef; sy lof is bo die aarde en die hemel.

En Hy sal die horing van sy volk verhef; ’n lied vir al sy heiliges, vir die kinders van Israel, vir ’n volk wat tot Hom nader.

## Psalm 149

Halleluja.

Sing tot die Here ’n nuwe lied, sy lof in die vergadering van die heiliges.

Laat Israel hom verheug in sy Skepper, en laat die kinders van Sion bly wees in hul Koning.

Laat hulle sy Naam in koordans loof, laat hulle tot eer van Hom psalmsing met tamboeryn en harp,

want die Here het ’n welbehae in sy volk, en Hy sal die sagmoediges met verlossing verhef.

[5] Sy heiliges sal in heerlikheid roem en hulle sal bly wees op hul beddens.

Lofverheffinge van God is in hul keel, en tweesnydende swaarde in hul hande,

om wraak uit te oefen onder die nasies, strafgerigte onder die volke,

om hul konings met kettings te bind, en hul edeles met ysterboeie,

om ’n vonnis wat opgeskrywe is, aan hulle te voltrek; hierdie eer sal daar vir al sy heiliges wees.

## Psalm 150

### Halleluja.

Loof God in sy heiliges; loof Hom in die uitspansel van sy krag;

loof Hom oor sy magtige dade; loof Hom na die volheid van sy grootheid.

Loof Hom met basuingeklank, loof Hom met harp en siter;

loof Hom met tamboeryn en koordans, loof Hom met snarespel en fluit;

[5] loof Hom met welluidende simbale, loof Hom met simbale van blydskap.

Laat alles wat asem het, die Here loof. Halleluja.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God.
Halleluja. Halleluja. Halleluja. Eer aan U, o God, ons Hoop, Here, eer aan U.

Hierdie Psalm is deur Dawid self geskryf, maar tel nie onder die 150 nie. Toe hy manalleen teen Góliat geveg het.

Ek was gering onder my broers en die jongste in my vader se huis; ek het my vader se skape opgepas.

My hande het ’n instrument gemaak, en my vingers het ’n snaarinstrument gestem.

En wie sal dit vir my Here vertel? Die Here self, Hý sal verhoor.

Hý het sy engel uitgestuur en my van my vader se skape weggeneem en my met sy salfolie gesalf.

[5] My broers was fris en uitgegroeid, maar die Here het nie in hulle ’n welbehae gehad nie.

Ek het uitgegaan om die uitlander tegemoet te gaan, en hy het my met sy afgode vervloek;

Maar ék het sy swaard uitgetrek, hom onthoof en die smaad van die kinders van Israel verwyder.

**Die Einde.**

**Die Volgorde waarin die Kathismata van die Psalmboek gelees word.**

**1. Buite die Groot Vastyd.**

| | Mettediens | Vesperdiens |
|---|---|---|
| Sondag | II, III | |
| Maandag | IV, V | VI |
| Dinsdag | VII, VIII | IX |
| Woensdag | X, XI | XII |
| Donderdag | XIII, XIV | XV |
| Vrydag | XIX, XX | XVIII |
| Saterdag | XVI, XVII | I |

**2. Tydens die Eerste, Tweede, Derde, Vierde en Sesde Weke van die Groot Vastyd.**

| | Mettediens | Uurgebede 1ste | Uurgebede 3de | Uurgebede 6de | Uurgebede 9de | Vesperdiens |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Sondag | II, III | | | | | |
| Maandag | IV, V, VI | | VII | VIII | IX | XVIII |
| Dinsdag | X, XI, XII | XIII | XIV | XV | XVI | XVIII |
| Woensdag | XIX, XX, I | II | III | IV | V | XVIII |
| Donderdag | VI, VII, VIII | IX | X | XI | XII | XVIII |
| Vrydag | XIII, XIV, XV | | XIX | XX | | XVIII |
| Saterdag | XVI, XVII | | | | | I |

3. **Tydens die Vyfde Week van die Groot Vastyd.**

| | Mettediens | | Uurgebede | | | Vesperdiens |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1ste | 3de | 6de | 9de | |
| Sondag | II, III | | | | | |
| Maandag | IV, V, VI | | VII | VIII | IX | X |
| Dinsdag | XI, XII, XIII | XIV | XV | XVI | XVIII | XIX |
| Woensdag | XX, I, II | III | IV | V | VI | VII |
| Donderdag | VIII | | IX | X | XI | XII |
| Vrydag | XIII, XIV, XV | | XIX | XX | | XVIII |
| Saterdag | XVI, XVII | | | | | I |

4. **Wanneer die Fees van die Aankondiging van die Blye Boodskap op die Donderdag van die Groot Vastyd val, word die Groot Kanon op die Dinsdag van daardie Week gesing, en word die Psalms soos volg gelees:**

| | Mettediens | | Uurgebede | | | Vesperdiens |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1ste | 3de | 6de | 9de | |
| Sondag | II, III, XVII | | | | | |
| Maandag | IV, V, VI | | VII | VIII | IX | X |
| Dinsdag | XI, XII, XIII | XIV | XV | XVI | XVIII | XIX |
| Woensdag | XX, I, II | III | IV | V | VI | VII |
| Donderdag | VIII | | IX | X | XI | XII |
| Vrydag | XIII, XIV, XV | | XIX | XX | | XVIII |
| Saterdag | XVI, XVII | | | | | I |

**5. Tydens die Heilige Week.**

| | Mettediens | Uurgebede | | | | Vesperdiens |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1ste | 3de | 6de | 9de | |
| **Sondag** | **II, III** | | | | | |
| **Maandag** | **IV, V, VI** | | **VII** | **VIII** | | **XVIII** |
| **Dinsdag** | **IX, X, XI** | | **XII** | **XIII** | **XVIII** | **XVIII** |
| **Woensdag** | **XIV, XV, XVI** | | **XIX** | **XX** | | **XVIII** |
| **Donderdag** | | | | | | |
| **Vrydag** | | | | | | |
| **Saterdag** | **XVII** | | | | | |